

**DIE KOMMUNIKATIEWE FUNKSIES VAN DIE SPORE VAN  
PSALMS IN 1 PETRUS**

**Jacomien Zwemstra, B.Th., Hons.B.A.**

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Grieks aan die  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. E.M. Cornelius

2003

Potchefstroom

---

## Bedankings

---

Aan die einde van so 'n studie is daar baie om voor dankbaar te wees. Eerstens staan ek klein en dankbaar voor my Hemelse Vader. Ek dank Hom vir al die genade en geduld wat Hy aan my as nietige mens bewys, terwyl ek probeer om sy Woord te verstaan. Geen mens kan so iets sonder sy bystand aanpak nie.

Daar is ook 'n paar mense wat ek wil uitsonder:

- Elma: Dankie vir jou leiding in my studie. Jy het regtig baie moeite gedoen en tyd spandeer om my te help. Dit beteken ook vir my baie dat ons in ons gesprekke op meer as akademie gefokus het. Dit het 'n groot bydra gelewer in my vorming as mens.
- Tannie Malie Smit (Bibliotekaresse van die Teologiese Skool): Dankie vir u vriendelike hulp met die opspoor van al die nodige studiemateriaal.
- Christien: Baie dankie dat jy die taalversorging behartig het.
- My man, Heinrich: Dankie vir jou ondersteuning, liefde en baie geduld met my. Jy moes elke goeie en slegte oomblik saam met my deurmaak en dit beteken baie meer as wat ek ooit kan verduidelik.
- Ons seuntjie, Cobus: Ek weet jy weet nie veel van alles wat gebeur het nie, maar dankie dat jy gesond was en dit nog vir my moontlik gemaak het om te werk, terwyl ek vir jou wag. Omdat ek geweet het jy is oppad, het dit my aangemoedig om aan te hou werk, selfs as ek moedeloos was.

## **Opsomming**

Die doel van hierdie studie is om die aard en die kommunikatiewe funksies van die spore van Psalms in 1 Petrus te ondersoek. Dit word gedoen deur 'n interdisiplinêre metode van retoriese kritiek te gebruik. Hierdie metode behels 'n analise en interpretasie met die fokus op die outeur, die lesers en die teks van 1 Petrus. Binne hierdie metode word retoriek, epistolografie en 'n historiese benadering dus gekombineer.

Uiteindelik blyk dit dat die kommunikatiewe funksie van die spore van Psalms in 1 Petrus is om die lesers bewus te maak van dinge wat hulle reeds aanvaar. Op hierdie manier kan die outeur sy standpunt effektief kommunikeer, want deur hulle te herinner aan hierdie dinge wat hulle reeds glo, maak hy hulle meer ontvanklik vir sy argumente en motiveer hy hulle om sy opdragte uit te voer.

---o0o---

## **Abstract**

The purpose of this study is to research the nature and the communicative functions of the traces of Psalms in 1 Peter. This is done through an interdisciplinary method of rhetorical criticism. This method includes an analysis and interpretation with the focus on the author, the readers and the text. The result is that this method combines rhetorics, epistolography and the historical approach.

At the end of the study it becomes clear that the communicative functions of the traces of Psalms in 1 Peter are to make the readers aware of the things that they already accept. In this way the author can communicate his viewpoint effectively, because by reminding them of the things they already believe, he makes the readers more receptive to his arguments.

# Inhoudsopgawe

---

**Bedankings**

**Opsomming**

**Abstract**

**HOOFSTUK 1: Inleiding.....1**

1.

**Probleemstelling.....1**

1.1 Agtergrond.....1

1.2 Samevattende formulering van die probleemstelling.....4

2. **Doelstelling.....4**

3. **Sentrale teoretiese argument.....5**

4. **Metodologie.....5**

5. **Voorlopige hoofstukindeling.....6**

**HOOFSTUK 2: Die aard van die spore van Psalms in**

**1 Petrus.....7**

1. **Inleiding.....7**

2. **Die spore van Psalms in 1 Petrus.....8**

2.1 Psalm 66:10 in 1 Petrus 1:7.....8

2.2 Psalm 62:13 in 1 Petrus 1:17.....9

2.3 Psalm 119:89 in 1 Petrus 1:23.....10

2.4 Psalm 34:9 in 1 Petrus 2:3.....10

2.5	Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:4.....	11
2.6	Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:7.....	11
2.7	Psalm 39:13 in 1 Petrus 2:11.....	12
2.8	Psalm 34:12-16 in 1 Petrus 3:10-12.....	14
2.9	Psalm 110:1 in 1 Petrus 3:22.....	15
2.10	Psalm 31:6 in 1 Petrus 4:19.....	16
2.11	Psalm 55:23 in 1 Petrus 5:7.....	17
2.12	Psalm 22:14 in 1 Petrus 5:8.....	18
<b>3.</b>	<b>Samevatting .....</b>	<b>18</b>

### **HOOFSUK 3: Analise en interpretasie met die fokus op die outeur en lesers van 1 Petrus.....19**

<b>1.</b>	<b>Inleiding.....</b>	<b>19</b>
<b>2.</b>	<b>Die identiteit van die outeur.....</b>	<b>19</b>
2.1	Die Grieks waarin die brief geskryf is, is van te 'n hoë standaard om deur Petrus geskryf te wees.....	20
2.2	Die verwysings na die historiese gebeure in die brief dateer uit 'n tyd na die leeftyd van Petrus.....	21
2.3	Die brief is leerstellig afhanklik van Paulus.....	22
2.4	Die Christen-tradisie in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië is die gevolg van Paulus se sending.....	22
2.5	Konklusie .....	23
<b>3.</b>	<b>Die wyse waarop die outeur homself aanbied in sy brief.....</b>	<b>23</b>
3.1	Karaktereienskappe van die outeur.....	23
3.2	Rol van die outeur.....	24
3.3	Sosiale gesag van die outeur.....	25
3.4	Die outeur se verhouding met die lesers.....	27
3.5	Die outeur se waardesisteem.....	27
3.6	Die outeur se kommunikasie.....	29

3.7	Die outeur se kennis van die Ou Testament.....	29
3.8	Konklusie.....	30
<b>4.</b>	<b>Die identiteit van die lesers.....</b>	<b>30</b>
4.1	Die omstandighede van die lesers.....	32
4.2	Die lesers se waardesisteem.....	35
4.3	Die kennis en geloof van die lesers wat deur die outeur veronderstel word.....	36
4.4	Die lesers se ontvanklikheid vir die brief.....	37
4.5	Die koste van deelname vir die lesers.....	39
4.6	Konklusie .....	40
<b>5.</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>40</b>

## **HOOFSTUK 4: Analise en interpretasie met die fokus op die teks van 1 Petrus.....41**

<b>1.</b>	<b>Inleiding.....</b>	<b>41</b>
<b>2.</b>	<b>Die aard van die teks.....</b>	<b>41</b>
2.1	Die outeur se appèl tot Goddelike gesag.....	42
2.2	God as finale gesag van die outeur se boodskap.....	42
2.3	Die vereistes waaraan die ideale lesers moet voldoen.....	43
2.4	Pogings om die lesers se lewens te verander.....	44
2.5	Godsdienstige taalgebruik in die brief.....	44
2.6	Gevolgtrekking.....	46
<b>3.</b>	<b>Die epistolêre struktuur van 1 Petrus.....</b>	<b>46</b>
3.1	Briefopening.....	47
3.1.1	Groet.....	47
3.1.2	Danksegging.....	49
3.2	Briefliggaam.....	50
3.2.1	Briefliggaam-opening.....	51
3.2.2	Briefliggaam-middel.....	52

3.2.3	Briefliggaam-slot.....	52
3.3	Briefslot.....	53
3.4	Konklusie .....	54
<b>4.</b>	<b>Die voorlopige doel van 1 Petrus.....</b>	<b>55</b>
<b>5.</b>	<b>Die argumente van 1 Petrus.....</b>	<b>56</b>
5.1	Toon die regte houding teenoor gesag in die wêreld (2:13-3:7).....	57
5.2	Lewe 'n heilige lewe te midde van lyding (3:8-4:6 en 4:12-19).....	58
5.3	Lewe 'n heilige lewe teenoor mekaar tot eer van God (4:7-11).....	58
5.4	Toon die regte houding teenoor gesag in die kerk (5:1-7).....	58
<b>6.</b>	<b>Die patroon van die argument.....</b>	<b>59</b>
<b>7.</b>	<b>Die waardesisteem wat in 1 Petrus voorgehou word.....</b>	<b>60</b>
<b>8.</b>	<b>Die sosiale en kulturele <i>topoi</i>.....</b>	<b>61</b>
<b>9.</b>	<b>Die styl in 1 Petrus.....</b>	<b>63</b>
9.1	Metafore.....	63
9.2	Vergelykings.....	64
9.3	Funksie van die beeldspraak.....	64
<b>10.</b>	<b>Die oorredingsmiddele wat in 1 Petrus gebruik word.....</b>	<b>65</b>
10.1	Oorredingsmiddele in die briefopening.....	65
10.2	Oorredingsmiddele in die briefliggaam.....	67
10.3	Oorredingsmiddele in die briefslot.....	69
<b>11.</b>	<b>Die doel van 1 Petrus.....</b>	<b>70</b>
<b>12.</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>72</b>

**HOOFSTUK 5: Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in 1 Petrus.....73**

<b>1. Inleiding.....</b>	<b>73</b>
<b>2. Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in die briefopening.....</b>	<b>73</b>
<b>3. Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in die brieffliggaam.....</b>	<b>76</b>
3.1 Brieffliggaam-opening.....	76
3.1.1 Psalm 62:13 in 1 Petrus 1:17.....	77
3.1.2 Psalm 119:89 in 1 Petrus 1:23.....	79
3.1.3 Psalm 34:9 in 1 Petrus 2:3.....	80
3.1.4 Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:4 en 2:7.....	82
3.2 Brieffliggaam-middel.....	85
3.2.1 Psalm 39:13 in 1 Petrus 2:11.....	85
3.2.2 Psalm 34:12-16 in 1 Petrus 3:10-12.....	87
3.2.3 Psalm 110:1 in 1 Petrus 3:22.....	89
3.2.4 Psalm 31:6 in 1 Petrus 4:19.....	91
3.2.5 Psalm 55:23 in 1 Petrus 5:7.....	92
3.3 Brieffliggaam-slot.....	94
3.4 Briefslot.....	95
<b>4. Samevatting.....</b>	<b>95</b>

**HOOFSTUK 6: Konklusie.....99**

<b>1. Inleiding (Hoofstuk 1).....</b>	<b>99</b>
<b>2. Die aard van die spore van Psalms in 1 Petrus (Hoofstuk 2).....</b>	<b>100</b>

<b>3.</b>	<b>Analise en interpretasie met die fokus op die outeur en lesers van 1 Petrus (Hoofstuk 3).....</b>	<b>100</b>
<b>4.</b>	<b>Analise en interpretasie met die fokus op die teks van 1 Petrus (Hoofstuk 4).....</b>	<b>101</b>
<b>5.</b>	<b>Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in 1 Petrus (Hoofstuk 5).....</b>	<b>104</b>
<b>6.</b>	<b>Samevatting.....</b>	<b>105</b>
	<b>Bibliografie.....</b>	<b>107</b>

# HOOFSTUK 1

## Inleiding

---

### 1. Probleemstelling

#### 1.1 Agtergrond

Navorsers is dit eens dat die skrywers van die Nuwe Testament ruim gebruik maak van die Ou Testament (sien byvoorbeeld Kugel & Greer, 1986:128). Na aanleiding hiervan het verskeie navorsers (Janse van Rensburg, 2002; Kaiser, 1985; Moyise, 1999,2000,2002; Shires, 1974; Tasker, 1963) hierdie saak ondersoek en verskeie projekte, waarbinne spesifiek hierdie saak die aandag geniet, het al die lig gesien. In Brittanje is daar verder die “Annual seminar for the study of the Old Testament in the New Testament”, tans onder voorsitterskap van dr. Steve Moyise. In 2003 het die projek ’n subgroep van die NTWSA geword. Nie alleen is daar sodanige projek onder die European Association of Biblical Studies nie, maar is daar ook in 2002 so ’n projek geregistreer aan die PU vir CHO, getiteld “Die Ou Testament in die Nuwe Testament”.

Volgens Vorster (1999:469) is daar ’n behoefte om tekste te ondersoek met die doel om vas te stel wat gebeur as sekondêre tekste in die bestudeerde teks ingesluit word. As gevolg van al die verwysings na sekondêre tekste, kan die bestudeerde teks nie meer as ’n geslote sisteem gesien word nie en daarom kan die betekenis daarvan ook nie meer slegs binne die grense van die teks gesoek word nie (Vorster, 1999:59). Die resultaat is dat ’n teks nou gesien word as ’n netwerk van verwysings na ander tekste, wat op hulle beurt weer na verdere tekste verwys. ’n Teks het dus nie betekenis slegs as gevolg van sy struktuur nie, maar ook as gevolg van sy verhouding met ander tekste. Die betekenis van ’n teks is die gevolg van die ooreenkomste en verskille tussen die tekste waarna dit verwys (Vorster, 1999:227). Hierdie verhouding wat veroorsaak dat tekste mekaar onherroeplik beïnvloed, word “intertekstualiteit” genoem (Vorster, 1999:227). Die gevolg hiervan is dat die interpretasie van intertekstualiteit van besondere belang is. Volgens Vorster (1999:478) is daar min studies wat fokus op die funksie van die spore van die

Ou Testament in die Nuwe Testament. As intertekstualiteit wel bestudeer word, word die meeste klem gelê op die bronne waarna 'n outeur verwys en die ooreenkomste en verskille tussen die tekste in hul nuwe en oorspronklike konteks word gebruik om te bewys dat dit wel aangehaal is. Hy stel voor dat daar uit die oogpunt van retoriese kritiek na die spore van die Ou Testament in die Nuwe Testament gekyk word (1999:61).

In 1 Petrus is daar verskeie spore van die Ou Testament, spesifiek van Psalms, sommige baie duidelik, ander meer verskuil. Moyise (2000:18) maak 'n onderskeid wat bruikbaar is vir hierdie studie: hy onderskei tussen aanhalings ("quotations"), sinspelings ("allusions") en eggo's ("echoes"). Volgens hom is 'n aanhaling 'n bewustelike breuk van die outeur se styl om woorde vanuit 'n ander konteks in te voeg. Dit word in baie gevalle voorafgegaan met 'n inleidende formule soos καθὼς γέγραπται of Μωϋσῆς λέγει of met 'n struktuurmerker soos ὅτι. 'n Sinspeling is wanneer die Ou Testamentiese teks in die Nuwe Testament ingewef is, eerder as wat dit aangehaal is. In hierdie geval verskil die bewoording gewoonlik van die oorspronklike. Daar is egter nog nie ooreengekom op hoeveel woordelike ooreenkoms daar tussen tekste moet wees om dit as 'n sinspeling te klassifiseer nie. 'n Eggo daarenteen is spore van 'n teks wat moontlik onbewustelik ingevoeg is, omdat die skrywer die Ou Testament so goed ken dat dit al deel van sy denkwyse geword het.

In die lig van hierdie onderskeid, kan die spore van Psalms in 1 Petrus voorlopig soos hier onder geïdentifiseer en geklassifiseer word.

Om die tekste te identifiseer is die "index of quotations" en die "index of allusions and verbal parallels" in die 4de uitgawe van die United Bible Societies se Griekse Nuwe Testament as vertrekpunt geneem. Daarmee saam is Gough (1855) en Shires (1974:201-204) gebruik. Hierdie is egter net die vertrekpunt, eie diskresie is gebruik om die finale lys saam te stel. By die Ou Testamentiese verwysings word die versindeling van die *Biblia Hebraica Stuttgartensia*(BHS) gebruik.

1 Petrus 1:7 – Psalm 66:10	Eggo
1 Petrus 1:17 – Psalm 62:13	Eggo
1 Petrus 1:23 – Psalm 119:89	Eggo
1 Petrus 2:3 – Psalm 34:9	Aanhaling
1 Petrus 2:4 – Psalm 118:22	Sinspeling
1 Petrus 2:7 – Psalm 118:22	Aanhaling
1 Petrus 2:11 – Psalm 39:13	Eggo
1 Petrus 3:10-12 – Psalm 34:12-16	Aanhaling
1 Petrus 3:22 – Psalm 110:1	Eggo
1 Petrus 4:19 – Psalm 31:6	Eggo
1 Petrus 5:7 – Psalm 55:23	Sinspeling
1 Petrus 5:8 – Psalm 22:14	Eggo

Die meeste werke oor intertekstualiteit fokus meer op die ander Nuwe Testamentiese boeke as op 1 Petrus, byvoorbeeld Shires (1974:53-64) wat Paulus se gebruik van die Ou Testament, die Sinoptiese evangelies, die Evangelie volgens Johannes, Hebreërs en Openbaring bespreek. Vorster (1999: 129-242, 465-475) fokus weer op evangelies en apokalips. Moyise (1995 & 2001) bestudeer hoofsaaklik intertekstualiteit in Openbaring. Kaiser (1985), Ellis (1991) en Goldingay (1990) se studies handel hoofsaaklik oor die wyses en motivering van die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament in die algemeen.

Huidiglik is daar slegs enkele werke wat die saak van intertekstualiteit in 1 Petrus ondersoek:

- Janse van Rensburg & Moyise (2002) ondersoek die gebruik van Jesaja in 1 Petrus.
- Tasker (1963) fokus op die algemene kenmerke van die gebruik van die Ou Testament in 1 Petrus, maar interpreteer dit nie retories nie.
- Best (1969) en Snodgrass (1977) fokus in hulle artikels op 1 Petrus 2:4-10, maar die kommunikatiewe funksie van intertekstualiteit kom nie aan die orde nie.

- Pearson (2001:3) fokus op 1 Petrus 1:3-12, 1:18-21, 2:4-8, 2:21-25 en 3:18-22 omdat sy dit identifiseer as gedeeltes wat belangrike Christologiese getuienis bevat. Sy fokus dus nie op die kommunikatiewe funksie van die Ou Testamentiese aanhalings nie.
- Thurén (1990 & 1995) lê klem op die noodsaak van die retoriese ontleding van 1 Petrus en die ontleding daarvan, maar fokus nie op die Ou Testamentiese spore in die brief nie.
- Schutter (1989:3) doen 'n uitgebreide literêre analise van 1 Petrus om die hermeneutiese voorveronderstellings en metodes wat in die outeur se gebruik van die Ou Testament gereflekteer word, duidelik te maak. Hy fokus veral op die gebruik van Psalm 34 in 1 Petrus, maar interpreteer dit nie retories nie.

Dit is dus duidelik dat 'n interpretasie van die funksies van die gebruik van Psalms in 1 Petrus 'n leemte is in die navorsingstradisie. 'n Spesifieke leemte blyk te wees die bepaling van die kommunikatiewe funksie(s) van Psalms in 1 Petrus. Kommunikatiewe funksies word ideaal vanuit 'n retories-kritiese raamwerk ondersoek. Dit word beskou as die kommunikatiewe interaksie wat deur bepaalde sinne, uitdrukkings of briefdele teweeggebring word tussen die geënkodeerde outeur en die implisiete leser van die brief (Cornelius, 1991:2).

## **1.2 Samevattende formulering van die probleemstelling**

Die fokus van hierdie verhandeling is 'n interpretasie van die kommunikatiewe funksies van die spore van Psalms in 1 Petrus.

## **2. Doelstelling**

Die doel van hierdie studie is die volgende:

- Om die aard van die spore van Psalms in 1 Petrus te ondersoek; en
- Om die kommunikatiewe funksies van hierdie spore te bepaal.

Laasgenoemde doelstelling kan bereik word deur die volgende doelwitte te stel:

- 'n Konstruksie van die retoriese situasie van die brief;

- 'n Interpretasie van die epistolêre struktuur van die brief;
- Die bepaling van die argumente binne hierdie briefstruktuur; en
- Die aanduiding van die gebruik van oorredingsmiddele in die brief.

### **3. Sentrale teoretiese argument**

Die outeur gebruik spore van Psalms in 1 Petrus om sy standpunt effektief te kommunikeer. Die spore dien as beelde en beskrywings en ook as 'n manier om gesag te verleen aan dit wat hy wil kommunikeer.

Die gebruik van Psalms het verder die gevolg dat dit die skrywer se oproepe beklemtoon, omdat hy nie met totaal vreemde inligting na sy lesers kom nie. In sommige gevalle kan die spore gesien word as 'n aanduiding dat die dinge wat in die Ou Testament gesê is vir die lesers waarheid geword het.

### **4. Metodologie**

Moyise (2000:18) se onderskeid word gebruik om die aard van die spore van Psalms in 1 Petrus te ondersoek.

Cornelius (1998:58) spel 'n interdisiplinêre metode van retoriese kritiek uit wat bruikbaar is vir die doelstellings van die studie. Hierdie studie vind aansluiting by Cornelius se metode en dit behels die volgende:

- Analise en interpretasie met die fokus op die outeur:
- Analise en interpretasie met die fokus op die lesers/hoorders:
- Analise en interpretasie met die fokus op die teks:
  - Die aard van die teks;
  - Die epistolêre struktuur van die brief;
  - Die argument van die brief;
  - Die patroon van die argument;
  - Strategieë wat in die brief gebruik word;
  - Die waardesisteem wat in die brief voorgehou word;
  - Die sosiale en kulturele *topoi*;
  - Styl in die brief; en
  - Die doel van die brief.

Binne hierdie metode word retoriek, epistolografie en 'n historiese benadering gekombineer. Dit is daarom belangrik om in kort te kyk na die verhouding tussen retoriek, epistolografie en die historiese benadering. Waar die epistolografie fokus op die vorm van die teks, fokus die retoriek op oorreding in die algemeen. In hierdie verhouding beskryf Cornelius (1998:7) epistolografie as die *species* en retoriek as die *genus*.

Wat die historiese benadering betref, is dit belangrik om te beseef dat historiese aspekte nie in die retoriese benadering geïgnoreer word nie. Tog is die doel nie om die historiese situasie te rekonstrueer nie, maar word daar wel gefokus op die historiese situasie in soverre dit vir die verstaan van die argument relevant is (sien ook Thurén, 1990:55).

## **5. Voorlopige hoofstukindeling**

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 2: Die aard van die spore van Psalms in 1 Petrus

Hoofstuk 3: Analise en interpretasie met die fokus op die outeur en lesers van  
1 Petrus

Hoofstuk 4: Analise en interpretasie met die fokus op die teks van 1 Petrus

Hoofstuk 5: Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in  
1 Petrus

Hoofstuk 6: Konklusie

## HOOFSTUK 2

### Die aard van die spore van Psalms in 1 Petrus

---

#### 1. Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om vas te stel wat die aard van die spore van Psalms in 1 Petrus is, met ander woorde of Psalms werklik aangehaal word of slegs vaagweg aanwesig is in 1 Petrus. Dit word gedoen deur eerstens te kyk na die verskille en ooreenkomste tussen die relevante verse in 1 Petrus, die Hebreeus in die Psalms volgens die Biblia Hebraica Stuttgartensia (BHS), en die Grieks in die Psalms volgens die Septuagint (LXX). Die weergawe van die Septuagint wat gebruik word is die teks volgens Brenton (1990). Hierdie teks is hoofsaaklik gebaseer op die Vatikanus, 'n vroeë vierde-eeuse manuskrip met sommige byvoegings uit die Alexandrinus, 'n vyfde-eeuse manuskrip.

Die vers- en hoofstukindeling van die Psalms in die BHS verskil van dié in die LXX, omdat die LXX op die volgende wyses van die BHS afwyk (Archer, 1998:495):

- Dit sien Psalm 10 as 'n deel van Psalm 9;
- Dit kombineer ook Psalm 114 en 115;
- Dit verdeel Psalm 116 in twee; en
- Dit verdeel Psalm 147 in twee.

Daarna word die spore volgens Moyise (2000:18) se onderskeiding geklassifiseer as 'n eggo, sinspeling of aanhaling (Sien hoofstuk 1, paragraaf 1.1 vir die definisies van hierdie terme).

## 2. Die spore van Psalms in 1 Petrus

### 2.1 Psalm 66:10 in 1 Petrus 1:7

1 Petrus 1:7	Psalm 66:10 (BHS)	Psalm 65:10 (LXX)
<p>ἵνα τὸ δοκίμιον ὑμῶν τῆς πίστεως πολυτιμότερον χρυσοῦ τοῦ ἀπολλυμένου διὰ πυρὸς δὲ δοκιμαζομένου, εὐρεθῆ εἰς ἔπαινον καὶ δόξαν καὶ τιμὴν ἐν ἀποκαλύψει Ἰησοῦ Χριστοῦ·</p>	<p>כִּי־בִתְחִנָּנוּ אֱלֹהִים צָרַפְתָּנוּ כְּצֶרֶף־הַכֶּסֶף:</p>	<p>ὅτι ἐδοκίμασας ἡμᾶς ὁ θεός ἐπύρωσας ἡμᾶς ὡς πυροῦται τὸ ἀργύριον</p>
<p><b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar <u>deur vuur gelouter word</u>, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus.</p>	<p><b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> U het ons <u>getoets</u>, o God, U het ons <u>gelouter</u> soos 'n mens silwer louter.</p>	<p><b>Eie vertaling:</b> Want U het ons <u>getoets</u>, God, U het ons <u>gebrand</u> soos silwer gebrand word.</p>

Beide 1 Petrus 1:7 en Psalm 66:10 (65:10 in LXX) verwys na God wat gelowiges toets. Die vergelyking handel oor die wyse van suiwering, naamlik vuur. In 1 Petrus is dit goud wat deur vuur getoets word en in Psalm 65 is dit silwer. Hoewel Petrus 'n mens hier aan die vers in Psalms herinner, is daar nie definitiewe woordelike ooreenkomste wat dit as 'n sinspeling kan klassifiseer nie. Dit word dus eerder as 'n onbewustelike invoeging of eggo gesien.

Wanneer die Grieks van Psalm 65:10 in die Septuagint met die Hebreeus van Psalm 66:10 vergelyk word, is dit opvallend dat die Hebreeus praat van: "U het ons gesmelt" (צָרַפְתָּנוּ) en die Grieks van: "U het ons gebrand" (ἐπύρωσας

ἡμᾶς). 'n Mens sou eerder die gebruik van τήκομαι (“to melt, melt down, make to melt away” of “to melt metals” Liddell and Scott, 1991:703) verwag. Die feit dat die vertalers van die Septuagint eerder ἐπύρωσας gebruik het, verander egter nie die betekenis van die gedeelte nie, aangesien 'n metaal warm gemaak of gebrand moet word om te smelt. Die idee dat dit deur ekstreme prosesse moet gaan om gesuiwer te word, word steeds duidelik uitgebeeld.

## 2.2 Psalm 62:13 in 1 Petrus 1:17

1 Petrus 1:17	Psalm 62:13 (BHS)	Psalm 61:12 (LXX)
Καὶ εἰ πατέρα ἐπικαλεῖσθε τὸν ἀπροσωπολήμπτως κρίνοντα <u>κατὰ τὸ ἐκάστου ἔργον</u> , ἐν φόβῳ τὸν τῆς παροικίας ὑμῶν χρόνον ἀναστράφητε,	וְלֹא-תִדְּבַר לְיְהוָה כִּי-תַתָּה תְּשִׁלֵּם לְאִישׁ כְּמַעֲשָׂיו:	ὅτι τὸ κράτος τοῦ θεοῦ καὶ σοί κύριε τὸ ἔλεος, ὅτι σὺ ἀποδώσεις <u>ἐκάστῳ κατὰ τὰ ἔργα αὐτοῦ</u> .
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Aangesien julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig <u>volgens sy dae oordeel</u> , lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld.	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> en 'n mens net op U, Here, kan vertrou, en dat U met elkeen handel <u>volgens sy verdienste</u> .	<b>Eie vertaling:</b> Dat die sterkte aan God behoort. En aan U Here behoort die genade, want U vergeld elkeen <u>volgens sy werke</u> .

1 Petrus 1:17 en Psalm 61 verwys beide na oordeel/vergelding op grond van elkeen se werke. In hierdie geval is daar wel woordelike ooreenkomste, maar dit is nie spesifiek genoeg om te kan sê dat Petrus doelbewus na hierdie vers in die Ou Testament verwys het nie. Dit wil dus voorkom asof hierdie 'n onbewustelike verwysing is. Daarom word dit as 'n eggo geklassifiseer.

### 2.3 Psalm 119:89 in 1 Petrus 1:23

1 Petrus 1:23	Psalm 119:89 (BHS)	Psalm 118:89 (LXX)
ἀναγεγεννημένοι οὐκ ἐκ σποράς φθαρτῆς ἀλλὰ ἀφθάρτου διὰ λόγου ζώντος θεοῦ καὶ μένουτος.	לְעוֹלָם יְהוָה דְּבָרָךְ נִצָּב בַּשָּׁמַיִם:	εἰς τὸν αἰῶνα, κύριε, ὁ λόγος σου διαμένει ἐν τῷ οὐρανῷ,
<b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende <u>woord</u> van God wat tot in <u>ewigheid bly.</u>	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>U woord,</u> Here, <u>staan vir altyd vas</u> in die hemel.	<b>Eie vertaling:</b> <u>Tot in</u> <u>ewigheid, Here, bly U</u> <u>woord</u> in die hemel.

Petrus definieer God se Woord as blywend (of ewig) net soos die digter van Psalm 119. Hier het ons heel moontlik ook te doen met 'n gedeelte wat so bekend was vir die skrywer dat hy dit onbewustelik hier "aanhaal". Daarom is hierdie ook 'n eggo van die betrokke Psalm.

### 2.4 Psalm 34:9 in 1 Petrus 2:3

1 Petrus 2:3	Psalm 34:9 (BHS)	Psalm 33:8 (LXX)
εἰ ἐγεύσασθε ὅτι χρηστὸς ὁ κύριος.	טַעֲמוּ וַיֵּדְעוּ כִּי טוֹב יְהוָה אֱשֶׁר־ הַגִּבּוֹר יַחְסֶה-בּוֹ:	γεύσασθε καὶ ἴδετε ὅτι χρηστὸς ὁ Κύριος, μακάριος ἀνὴρ ὃς ἐλπίζει ἐπ' αὐτόν
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Julle het</u> immers <u>ondervind dat die</u> <u>Here goed is.</u>	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Kom</u> <u>ondervind en sien self</u> <u>dat die Here goed is!</u> Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.	<b>Eie vertaling:</b> <u>Proe en</u> <u>sien, dat die Here goed</u> <u>is;</u> gelukkig is die mens wat op Hom hoop.

In 1 Petrus 2:3 kom 'n frase voor wat net so in Psalm 33:8 van die Septuagint gevind word. Hierdie kan dus as 'n aanhaling gesien word. Die werkwoord γεύομαι kom wel in verskillende modi voor, maar die rede daarvoor is baie duidelik: in Psalm 33 is dit 'n opdrag en daarom is dit in die imperatief, terwyl dit in 1 Petrus die hoofwerkwoord is van 'n redegewende bysin, en daarom in die indikatief is.

## 2.5 Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:4

1 Petrus 2:4	Psalm 118:22 (BHS)	Psalm 117:22 (LXX)
πρὸς ὃν προσερχόμενοι λίθον ζῶντα ὑπὸ ἀνθρώπων μὲν ἀποδοκιμασμένον παρὰ δὲ θεῷ ἐκλεκτὸν ἔντιμον,	אֶבֶן מְאֹסוֹ הַבּוֹנִים הִתְהַלְּרָא שׁ פְּנֵה:	λίθον ὃν ἀπεδοκίμασαν οἱ οἰκοδομοῦντες, οὗτος ἐγενήθη εἰς κεφαλὴν γωνίας
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Kom na Hom toe, die lewende <u>steen</u> , wat deur die mense <u>afgekeur</u> is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Die <u>klip</u> wat deur die bouers <u>afgekeur</u> is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.	<b>Eie vertaling:</b> Die <u>steen</u> wat die bouers <u>verwerp</u> het, juis hy, het 'n hoeksteen geword.

Daar is wel min woordelike ooreenkomste tussen hierdie twee verse, maar 1 Petrus 2:4 is 'n duidelike sinspeling op Psalm 118:22 aangesien Petrus verwys na die steen wat verwerp is en op die daaropvolgende verse daarop uitbrei.

## 2.6 Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:7

1 Petrus 2:7	Psalm 118:22 (BHS)	Psalm 117:22 (LXX)
ὑμῖν οὖν ἡ τιμὴ τοῖς πιστεύουσιν, ἀπιστοῦσιν δὲ λίθος ὃν ἀπεδοκίμασαν οἱ οἰκοδομοῦντες,	אֶבֶן מְאֹסוֹ הַבּוֹנִים הִתְהַלְּרָא שׁ פְּנֵה:	λίθον ὃν ἀπεδοκίμασαν οἱ οἰκοδομοῦντες, οὗτος ἐγενήθη εἰς κεφαλὴν γωνίας

οὗτος ἐγενήθη εἰς κεφαλὴν γωνίας		
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: " <u>Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword</u> "	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.</u>	<b>Eie vertaling:</b> <u>Die steen wat die bouers verwerp het, juis hy, het 'n hoeksteen geword.</u>

Die tweede gedeelte van 1 Petrus 2:7 is 'n woordelikse aanhaling van die Septuagint weergawe van Psalm 118:22 (117:22). Die enigste woord wat verskil is λίθον wat in 1 Petrus λίθος is. Dit is egter te begrype vanuit die sintaksis van die vers. Hierdie gedeelte word in 1 Petrus 2:6 ingelei met die woorde: διότι περιέχει ἐν γραφῇ .

## 2.7 Psalm 39:13 in 1 Petrus 2:11

1 Petrus 2:11	Psalm 39:13 (BHS)	Psalm 38:12 (LXX)
Ἀγαπητοί, παρακαλῶ ὡς παροίκους καὶ παρεπιδήμους ἀπέχεσθαι τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν αἵτινες στρατεύονται κατὰ τῆς ψυχῆς·	שְׁמַע־תְּפִלְתִּי יְהוָה וְשׁוֹעֲתִי הַאֲזִינָה אֶל־דַּמְעֹתַי אֶל־תַּחֲרֹשׁ כִּי גַר אֲנִי עַמּוּךְ תּוֹשֵׁב כְּכֹל־אֲבוֹתַי:	εἰσάκουσον τῆς προσευχῆς μου Κύριε καὶ τῆς δεήσεώς μου· ἐνώτισαι τῶν δακρύων μου· μὴ παρασιωπήσης, ὅτι <u>πάροικος</u> ἐγώ εἰμι ἐν τῇ γῆ καὶ <u>παρεπίδημος</u> καθὼς πάντες οἱ πατέρες μου
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Geliefdes, in die wêreld is julle <u>vreemdelinge en bywoners</u> . Daarom dring	<b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> Hoor, HERE, my gebed, en luister na my hulpgeroep; swyg nie by my trane nie; want ek	<b>Eie vertaling:</b> Luister na my gebed en my hulpgeroep, Here. Slaan ag op my trane. Mag U nie swyg nie, want ek is

ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe	is 'n <u>vreemdeling</u> by U, 'n <u>bywoner</u> soos al my vaders.	'n <u>vreemdeling</u> in die wêreld, 'n <u>bywoner</u> soos al my vaders.
---	---	---

In hierdie geval is daar wel net twee woorde wat ooreenkom en dit kan dus as 'n blote eggo gesien word (soos dit ook voorlopig in die inleidende hoofstuk geklassifiseer is). Tog is dit so 'n kenmerkende frase om mense mee aan te spreek dat die feit dat dit ook in Psalm 39:13 voorkom nie misgekyk kan word nie. Die lesers se kennis van Psalm 39 kan moontlik 'n agtergrond skep vir hoe hulle hierdie aanspreekvorm sal interpreteer. Dit kan dus eerder as 'n sinspeling geklassifiseer word.

Iets wat duidelik uitstaan wanneer die Grieks en Hebreeus van Psalm 39:13 vergelyk word, is dat die Hebreeus die woord עַמָּךְ (by U) gebruik, terwyl die Septuagint ἐν τῇ γῆ (in die wêreld) lees. Dit kan verklaar word omdat die vertaler van die Septuagint in hierdie geval moontlik nie dieselfde Hebreeuse manuskrip gebruik het as die samestellers van die Biblia Hebraica Stuttgartensia nie (Würthwein, 1988:53).

## 2.8 Psalm 34:12-16 in 1 Petrus 3:10-12

1 Petrus 3:10-12	Psalm 34:12-16 (BHS)	Psalm 33:11-15 (LXX)
ὁ γὰρ θέλων ζωὴν ἀγαπᾶν καὶ ἰδεῖν ἡμέρας ἀγαθὰς παυσάτω τὴν γλῶσσαν ἀπὸ κακοῦ καὶ χεῖλη τοῦ μὴ λαλῆσαι δόλον. ἐκκλινάτω δὲ ἀπὸ κακοῦ καὶ ποιησάτω ἀγαθόν, ζητησάτω εἰρήνην καὶ διωξάτω αὐτήν· ὅτι ὀφθαλμοὶ κυρίου ἐπὶ δικαίους καὶ ὠτα αὐτοῦ εἰς δέησιν αὐτῶν, πρόσωπον δὲ	לְכוּ בְּנִים שְׂמֵעֵי לִי יִרְאֵת יְהוָה אֱלֹהֵיכֶם: מִי־הָאִישׁ הִחְפֹּץ חַיִּים אֲהַב יָמִים לְרְאוֹת טוֹב: נִצַּר לְשׁוֹנֵךְ מֵרָע וַיִּשְׁתַּחֲוֶה מִדְּבַר מֵרָמָה: סוּר מֵרָע וְעֲשֵׂה-טוֹב	δεῦτε τέκνα, ἀκούσατέ μου, φόβον Κυρίου διδάξω ὑμᾶς. Τίς ἐστὶν ἄνθρωπος ὁ θέλων ζωὴν, ἀγαπῶν ἡμέρας ἰδεῖν ἀγαθὰς; Παῖδσον τὴν γλῶσσάν σου ἀπὸ κακοῦ, καὶ χεῖλη σου τοῦ μὴ λαλῆσαι δόλον. ἔκκλινον ἀπὸ κακοῦ, καὶ ποίησον ἀγαθόν· ζήτησον



stam van παύσον daarenteen, beteken volgens Liddell and Scott's Greek-English Lexicon (1991:537) "to make, to cease, to stop" of "bring to an end". 'n Alternatief hiervoor sou φύλαξον wees, wat "to watch, wait for, preserve, keep, guard, secure" of "to guard against" beteken (Liddell and Scott's Greek-English Lexicon, 1991:770).

## 2.9 Psalm 110:1 in 1 Petrus 3:22

1 Petrus 3:22	Psalm 110:1 (BHS)	Psalm 109:1 (LXX)
ὅς ἐστιν ἐν δεξιᾷ [τοῦ] θεοῦ πορευθεὶς εἰς οὐρανόν ὑποταγέντων αὐτῷ ἀγγέλων καὶ ἔξουσιῶν καὶ δυνάμεων.	לְדָוִד מְזֻמֹּר נְאֻם יְהוָה לְאֹדְנִי שֶׁב לְיַמִּינֵי עַד־ אֲשִׁית אִיבֶיךָ הָדָם לְרַגְלֶיךָ:	εἶπεν ὁ Κύριος τῷ Κυρίῳ μου, κάθου ἐκ δεξιῶν μου, ἕως ἂν θῶ τοὺς ἐχθρούς σου ὑποπόδιον τῶν ποδῶν σου
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Hy is nou <u>aan die regterhand van God</u> nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom <u>onderwerp het</u> en die hemel ingegaan het.	<b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> Van Dawid. 'n Psalm. Die HERE het tot my Here gespreek: Sit <u>aan my regterhand</u> , totdat Ek u vyande <u>maak 'n voetbank vir u voete</u> .	<b>Eie vertaling:</b> Die Here het vir my heer gesê: "Sit <u>aan my regterhand</u> totdat ek jou vyande as die <u>sool van jou voete geplaas</u> het."

Beide hierdie verse verwys daarna dat ander onderwerp sal word aan die een wat aan die regterhand van God sit. Daar is egter so min woordelikse ooreenkomste dat hierdie as 'n eggo geklassifiseer word.

## 2.10 Psalm 31:6 in 1 Petrus 4:19

1 Petrus 4:19	Psalm 31:6 (BHS)	Psalm 30:5 (LXX)
ὥστε καὶ οἱ πάσχοντες κατὰ τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ πιστῶ κτίσθη <u>παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς</u> <u>αὐτῶν ἐν ἀγαθοποιίᾳ.</u>	בִּדְךָ אֶפְקִיד רַחֲמֵי פְּדִיתָהּ אֹתִי יְהוָה אֵל אֲמֹת:	εἰς χεῖράς σου <u>παραθήσομαι τὸ πνεῦμά</u> <u>μου</u> , ἐλυτρώσω με Κύριε ὁ θεὸς τῆς ἀληθείας

<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, <u>hulle lewe toevertrou</u> aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.</p>	<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> In u hande <u>gee ek my lewe oor</u>, want, Here, troue God, U het my vrygemaak.</p>	<p><b>Eie vertaling:</b> In U hande <u>sal ek my gees oorgee</u>, U het my gered, Here, God van die waarheid.</p>
---	---	---

1 Petrus 4:19 is 'n opdrag wat herinner aan die stelling in Psalm 31:6. Dit is nie 'n aanhaling nie, maar tog 'n duidelike sinspeling op hierdie bekende woorde wat ook deur Jesus aan die kruis gebruik is (Lukas 23:46). Dit is meer as 'n eggo (waaronder dit in die inleidende hoofstuk geklassifiseer is), want hierdie woorde is so bekend dat Petrus dit nie onbewustelik kon gebruik nie.

Dit is tog opmerklik dat Petrus in sy sinspeling op die Psalm die akkusatief van ψυχή, τὰς ψυχὰς, gebruik, terwyl die woord wat in die Septuagint gebruik word τὸ πνεῦμά, die akkusatief van πνεῦμα, is. Dit kan die vraag laat ontstaan of hierdie woord 'n verskil in die betekenis van die teks kan veroorsaak.

Volgens Louw & Nida (1988b:200) kan πνεῦμα dui op "Holy Spirit, spirit, evil spirit, ghost, inner being, way of thinking, wind" of "breath" terwyl ψυχή as "inner self, life" of "person" vertaal kan word (Louw & Nida, 1988b:266). Beide woorde kan dus gebruik word om die psigologiese deel van 'n mens se bestaan, met ander woorde dit wat jy dink, wil en voel, te beskryf (Louw & Nida, 1988a:321,323). Dit is ook die betekenis wat in 1 Petrus 4:19 en Psalm 31:6 na vore kom. Alhoewel die twee Griekse woorde se betekenis kan verskil, word dit in hierdie geval bloot as sinonieme gebruik.

### 2.11 Psalm 55:23 in 1 Petrus 5:7

1 Petrus 5:7	Psalm 55:23 (BHS)	Psalm 54:22 (LXX)
<p><u>πάσαν τὴν μέριμναν ὑμῶν</u> ἐπιρίψαντες ἐπ' αὐτόν, ὅτι αὐτῷ μέλει περὶ ὑμῶν.</p>	<p>הַשְׁלִיךְ עַל־יְהוָה יְהִיבךָ יְהוָה</p>	<p><u>ἐπίρριψον ἐπὶ Κύριον τὴν</u> <u>μέριμνά σου</u>, καὶ αὐτός σε διαθρέψει οὐ δώσει εἰς τὸν</p>

	יְכַלְכֵּךְ לֵאמֹתָן לְעוֹלָם מוֹט לְצַדִּיק:	αἰῶνα σάλον τῷ δικαίῳ
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Werp al julle bekommernisse op Hom,</u> want Hy sorg vir julle.	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Laat jou sorg</u> aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie.	<b>Eie vertaling:</b> <u>Werp jou bekommernis op die Here</u> en Hyself sal jou versorg. Hy sal tot in ewigheid nie 'n rowwe golf vir die regverdige gee nie.

Uit die konteks is dit duidelik dat die antesedent van αὐτον in 1 Petrus 5:7 κύριος is, soos dit duidelik gegee word in Psalm 55:23. In hierdie twee verse is daar baie woordelikse ooreenkomste, maar dit verskil egter te veel om dit as 'n aanhaling te klassifiseer. Dit is dus 'n sinspeling.

## 2.12 Psalm 22:14 in 1 Petrus 5:8

1 Petrus 5:8	Psalm 22:14 (BHS)	Psalm 21:13 (LXX)
<p>Νήψατε, γρηγορήσατε. ὁ ἀντίδικος ὑμῶν διάβολος ὡς λέων ὠρυόμενος περιπατεῖ ζητῶν [τινα] καταπιεῖν·</p>	<p>פָּצוּ עָלַי פִּיהֶם אַרְיֵה טַרְף וְשֹׂאֵן:</p>	<p>ἤνοιξαν ἐπ' ἐμέ τὸ στόμα αὐτῶν, ὡς λέων ὁ ἀρπάζων καὶ ὠρυόμενος</p>
<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, <u>loop rond soos 'n brullende leeu</u>, op soek na iemand om te verslind.</p>	<p><b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> Hulle het hul mond teen my oopgespalk <u>soos 'n leeu wat verskeur en brul</u>.</p>	<p><b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> Hulle het hul mond teen my oopgespalk <u>soos 'n leeu wat verskeur en brul</u>.</p>

Petrus vergelyk die duiwel met 'n brullende leeu en die Psalmdigter vergelyk sy vyande met 'n aanvallende en brullende leeu. As gevolg van die baie woordelikse ooreenkomste kan hierdie as 'n sinspeling gesien word, maar dit

is egter moontlik dat “n brullende leeu” ’n algemene vergelyking van die tyd kon wees en dat hier nie na die Psalm verwys word nie. Tog is dit opvallend dat die twee verse so baie ooreenkom en dit word daarom as ’n eggo geklassifiseer.

### 3. Samevatting

Die klassifikasie van die spore van Psalms in 1 Petrus wat in Hoofstuk 1 voorlopig uiteengesit is, sien soos volg daaruit:

1 Petrus 1:7 – Psalm 66:10	Eggo
1 Petrus 1:17 – Psalm 62:13	Eggo
1 Petrus 1:23 – Psalm 119:89	Eggo
1 Petrus 2:3 – Psalm 34:9	Aanhaling
1 Petrus 2:4 – Psalm 118:22	Sinspeling
1 Petrus 2:7 – Psalm 118:22	Aanhaling
1 Petrus 2:11 – Psalm 39:13	Sinspeling
1 Petrus 3:10-12 – Psalm 34:12-16	Aanhaling
1 Petrus 3:22 – Psalm 110:1	Eggo
1 Petrus 4:19 – Psalm 31:6	Sinspeling
1 Petrus 5:7 – Psalm 55:23	Sinspeling
1 Petrus 5:8 – Psalm 22:14	Eggo

In hoofstuk 3 word hierdie spore geanaliseer en geïnterpreteer met die fokus op die outeur en die lesers van 1 Petrus.

## HOOFSTUK 3

### Analise en interpretasie met die fokus op die outeur en lesers van 1 Petrus

---

#### 1. Inleiding

Om uiteindelik die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in 1 Petrus te bepaal, is dit belangrik om eers te bepaal wie die skrywer van hierdie brief was, wat sy kennis van die Ou Testament was, vir wie hy geskryf het en wat hulle kennis van die Ou Testament was.

Daarom word in hierdie hoofstuk gefokus op die volgende sake:

- Die identiteit van die outeur;
- Die wyse waarop hy homself aanbied in sy brief:
  - Die karaktereienskappe van die outeur;
  - sy rol;
  - sy sosiale gesag;
  - sy verhouding met die lesers;
  - sy waardesisteem;
  - sy kommunikasie; en
  - die outeur se kennis van die Ou Testament.
- Die identiteit van die lesers:
  - Die omstandighede van die lesers;
  - hulle ontvanklikheid vir die brief;
  - die kennis en geloof wat deur die outeur veronderstel word;
  - hulle waardesisteem; en
  - die koste van deelname.

#### 2. Die identiteit van die outeur

Die eenstemmige getuienis van die kerkvaders dat Simon Petrus, die dissipel en apostel, die skrywer van hierdie brief is, is baie lank algemeen aanvaar. Die rede hiervoor is die briefaanhef waarin die outeur homself bekendstel as Petrus, 'n apostel van Jesus Christus (Πέτρος ἀπόστολος Ἰησοῦ Χριστοῦ).

Volgens De Villiers (1990:139-143), Groenewald (1977:6-9) en Thurén (1990:32-34) is daar gedurende die negentiende-eeu egter 'n paar belangrike besware hierteen geopper, naamlik dat:

- die Grieks waarin die brief geskryf is, van 'n te hoë standaard is om deur Petrus geskryf te wees;
- die verwysings na die historiese gebeure in die brief uit 'n tyd na die leeftyd van Petrus dateer;
- die brief leerstellig afhanklik is van Paulus; en
- die Christen-tradisie in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië die gevolg is van Paulus se sendingwerk.

Die besware sal vervolgens elkeen individueel ge-evalueer word.

## **2.1 Die Grieks waarin die brief geskryf is, is van te 'n hoë standaard om deur Petrus geskryf te wees**

Hierdie brief is inderdaad in baie goeie Grieks geskryf en daarby lyk dit asof die outeur goed bekend was met die Septuaginta, wat duidelik sy skryfstyl beïnvloed het, veral ten opsigte van aanhalings (De Villiers, 1990:140). Petrus was 'n Galilese visser en sy moedertaal was heel moontlik Aramees (Matteus 4:18). Hy word ook saam met Johannes voor die Joodse Raad as ongeleerd en eenvoudig beskryf (Handelinge 4:13). Hierteenoor kan verwys word na 1 Petrus 5:12 wat verklaar dat Petrus die brief deur Silvanus geskryf het (Διὰ Σιλουανοῦ... ἔγραψα). Silvanus word in Handelinge Silas genoem, en was 'n Griek van geboorte en 'n metgesel en medewerker van Paulus. Dit is dus moontlik dat Petrus sy gedagtes aan Silvanus meegedeel het en aan hom vryheid gegee het om die brief op te stel (Groenewald, 1977:6). Volgens Selwyn (1947:10) is dit waarskynlik aangesien die taak van 'n amanuensis gedurende die eerste eeu na Christus gewissel het van dié van 'n skriba aan wie die outeur iets sou dikteer, tot dié van 'n vertroude sekretaris aan wie die outeur meer vrye teuels sou gee om self die gedagtes te interpreteer. Dat Silvanus meer as net 'n skriba vir Petrus was, kan 'n mens aflei uit wat hy van hom sê in 1 Petrus 5:12: Διὰ Σιλουανοῦ ὑμῖν τοῦ πιστοῦ ἀδελφοῦ, ὡς λογίζομαι, δι' ὀλίγων ἔγραψα – *“deur Silvanus, die getroue broeder, soos ek meen, het ek*

*kortliks aan julle geskrywe...*” ’n Ander moontlikheid is dat Petrus die brief in Aramees gedikteer het en dat Silvanus dit in Grieks vertaal het (Achte-meier, 1996:8). ’n Mens moet ook byvoeg dat Petrus van Betsaïda afkomstig was, wat ’n tweetalige (Grieks en Aramees) gebied was net soos die res van Palestina, en dat hy ook baie in aanraking was met Griekssprekendes in die gemeentes (Groenewald, 1977:6). Hy kon dus ’n redelike goeie kennis van die Griekse taal gehad het.

Die standaard van die Grieks waarin 1 Petrus geskryf is, blyk dus geen rede te wees om Petrus as outeur te betwyfel nie.

## **2.2 Die verwysings na die historiese gebeure in die brief dateer uit ’n tyd na die leeftyd van Petrus**

Volgens sommige verklaarders pas die vervolging van Christene wat in die brief beskryf word, die beste by die omstandighede onder die regering van Vespasianus in 69-79nC, Domitianus in 81-96nC (Elliott, 1990:87) of Trajanus in 98-117nC (Stibbs, 1973:66; De Villiers, 1990:141). As die brief egter deur Petrus geskryf is, moes dit tussen 62 en 64nC gebeur het (De Villiers, 1990:145). Hieruit word dan afgelei dat die brief heelwat later deur iemand anders in die naam van Petrus geskryf is. Volgens Thurén (1990:32) word hier ook bygevoeg dat die naam “Babilon” (1 Petrus 5:13) eers na die verwoesting van Jerusalem in 70nC vir Rome gebruik is.

Elliott (1990:62) oortuig my dat hierdie argument nie oortuigend is nie, aangesien die vervolging in die brief nie so duidelik beskryf word dat dit tot die tyd van een van die keisers beperk kan word nie. Dit kom eerder voor asof die grootste deel van die vervolging sosiaal van aard was en nie van die staat gekom het nie. Volgens Goppelt (1993:39) was daar tog vervolging van Rome se kant ook, en dit kom na vore in 1 Petrus 4:15-16 waar die swaarkry van Christene gelyk gestel word met dit wat moordenaars en diewe beleef as hulle voor die hof gebring word. Die vervolging wat in die brief beskryf word kan ewe goed by die tyd van Nero pas. Toe hy die Christene in Rome begin vervolg het, sou rimpelings daarvan ook na die ander provinsies versprei het en dan sal die gebeure in die brief ook binne die leeftyd van Petrus val. Wat

die benaming “Babilon” aanbetref, kan aangevoer word dat die verwoesting van Jerusalem nie die enigste rede was om Rome so te noem nie. Die feit dat Rome in 1 Petrus 5:13 Babilon genoem word, kan net sowel die eerste skriftelike bewys wees dat hierdie benaming onder die Christene gebruik is (Thurén, 1990:33).

Die historiese gebeure wat in die brief beskryf word is dus nie so duidelik dat dit direk aan die vervolging onder Trajanus (of enige ander keiser) verbind kan word nie. Dit kan dus nie as ’n rede aangevoer word teen die outeurskap van Petrus nie.

### **2.3 Die brief is leerstellig afhanklik van Paulus**

Volgens Thurén (1990:32) beweer sommige verklaarders dat die outeur van hierdie brief se teologiese agtergrond soveel met dié van Paulus ooreenstem dat hy as ’n student van Paulus gesien moet word. ’n Teenargument is dat hulle albei as Christenskrywers dieselfde tradisionele materiaal kon gebruik (Thurén, 1990:33). Buitendien plaas Paulus meer die klem op die regverdiging deur die geloof, die houding teenoor die wet en die tweede Adam, terwyl Petrus Christus se opstanding uit die dood beklemtoon (De Villiers, 1990:142-143).

### **2.4 Die Christen-tradisie in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië is die gevolg van Paulus se sending**

Volgens oorlewering is die Christen-tradisie in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië (1 Petrus 1:1 - ἐκλεκτοῖς παρεπιδήμοις διασπορᾶς Πόντου, Γαλατίας, Καππαδοκίας, Ἀσίας καὶ Βιθυνίας) die gevolg van Paulus se sending (Thurén, 1990:32). Dit is dus onwaarskynlik dat Petrus aan hulle sou skryf. Alhoewel daar geen bewyse is dat Petrus ooit hierdie gebiede besoek het nie, is daar ook geen bewyse dat hierdie gebiede slegs deur Paulus besoek is nie (Thurén, 1990:33). Stibbs (1973:64) is selfs van mening dat die gebiede glad nie deur Paulus besoek is nie. Dit is ook moontlik dat Paulus voor Petrus die marteldood gesterf het en dat Petrus dus as senior apostel Paulus se

herderlike pligte oorgeneem het (De Villiers, 1990:142). Hierdie argument kan dus glad nie oortuig dat Petrus nie die brief geskryf het nie.

## **2.5 Konklusie**

As al hierdie gegewens in ag geneem word, bly die duidelikste aanduiding van wie die outeur van hierdie brief is, steeds die getuienis van 1 Petrus self, naamlik dat die brief deur die apostel Petrus geskryf is met die hulp van Silvanus. Hoeveel insette Silvanus in die brief gehad het, is egter onbekend. Wat ons wel weet is dat dit Petrus se goedkeuring in so 'n mate gehad het, dat hy bereid was om dit as sy eie woorde te aanvaar.

## **3. Die wyse waarop die outeur homself aanbied in sy brief**

In hierdie afdeling word gekyk na hoe die outeur homself in die brief bekendstel. Wat sê hy self van sy karaktereenskappe, rol, sosiale gesag, verhouding met sy lesers, waardesisteem, hoe kommunikeer hy en wat is sy kennis van die Ou Testament?

### **3.1 Karaktereenskappe van die outeur**

In die eerste Petrusbrief skryf die outeur die volgende aangaande sy eie karakter:

- Hy is, soos die lesers van die brief, deel van God se huis (4:17 - ὅτι ὁ καιρὸς τοῦ ἄρξασθαι τὸ κρίμα ἀπὸ τοῦ οἴκου τοῦ θεοῦ· εἰ δὲ πρῶτον ἀφ' ἡμῶν... - *want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin...*). In 1:3 sluit hy homself in by die dinge wat hy skryf deur na hom en sy lesers as “ons” te verwys.
- Hy bemoedig hulle en verseker hulle van die genade van God (5:12 - ἔγραψα παρακαλῶν καὶ ἐπιμαρτυρῶν ταύτην εἶναι ἀληθῆ χάριν τοῦ θεοῦ εἰς ἣν στήτε - *het ek aan julle geskryf om julle te bemoedig en om te getuig dat hierdie waarlik genade van God is waarin julle moet staan*). Hy is dus besorg oor hulle geloofslawe en hul omstandighede.

Dit is duidelik dat die outeur nie veel bekendstelling aan sy lesers nodig het nie. Hy sê baie min van sy eie karakter, behalwe dat hy homself sien as deel

van die groep waaraan hy skryf – met ander woorde Christene. In die volgende afdeling word gekyk na hoe Petrus sy rol onder die Christene gesien het.

### 3.2 Die rol van die outeur

Die outeur hou homself op die agtergrond in hierdie brief en begin deur slegs te meld dat hy 'n apostel van Jesus Christus is (1:1 - Πέτρος ἀπόστολος Ἰησοῦ Χριστοῦ) en aanvanklik brei hy nie hierop uit nie. Dit is egter nie nodig nie, want met hierdie woorde verklaar hy dat Jesus self hom gestuur het en dat hy dus nie met sy eie gesag nie, maar met die gesag van God skryf. God self het hom dus goedgekeur en vertrou met die evangelie (sien Cornelius, 1998:139). Uit die vorige afdeling is dit duidelik dat hy homself egter nie in 'n verhewe posisie bo sy lesers plaas nie. Hy sien homself as 'n mede-Christen en die enigste rede waarom hy gesag het, is omdat Christus dit aan hom gegee het.

In 5:1 voeg hy by dat hy ook 'n “mede-ouderling en getuie van die lyding van Christus en ook 'n deelgenoot aan die heerlijkheid” is (5:1 - παρακαλῶ ὁ συμπρεσβύτερος καὶ μάρτυς τῶν τοῦ Χριστοῦ παθημάτων, ὁ καὶ τῆς μελλούσης ἀποκαλύπτεσθαι δόξης κοινωνός). Aangesien hy hier met die ouderlinge onder sy lesers praat (Πρεσβυτέρους οὖν ἐν ὑμῖν), plaas dit hom in 'n goeie posisie om aan hulle die opdrag in 5:2-3 (ποιμάνετε τὸ ἐν ὑμῖν ποίμνιον τοῦ θεοῦ ἐπισκοποῦντες μὴ ἀναγκαστῶς ἀλλὰ ἐκουσίως κατὰ θεόν, μηδὲ αἰσχροκερδῶς ἀλλὰ προθύμως, μηδ' ὡς κατακυριεύοντες τῶν κλήρων ἀλλὰ τύποι γινόμενοι τοῦ ποιμνίου - *Pas die kudde van God tussen julle op, nie onder dwang nie, maar gewillig soos God dit wil, ook nie uit vraatsug nie, maar ywerig, ook nie baasspelerig oor die wat aan julle toevertrou is nie, maar word 'n voorbeeld vir die kudde*) te gee. As mede-ouderling was hy waarskynlik bekend met die werk wat hulle as ouderlinge doen en die probleme wat daarmee gepaard gaan. Volgens Brown et al (1974:153) is dit opmerklik dat hy aan hulle dieselfde opdrag (ποιμάνετε τὸ ἐν ὑμῖν ποίμνιον τοῦ θεοῦ ἐπισκοποῦντες – *Pas die kudde van God op*) gee as wat Christus aan hom gee in Johannes 21:15-17 (Βόσκει τὰ ἀρνία μου... Ποίμαινε τὰ πρόβατά μου... Βόσκει τὰ πρόβατά μου –

*laat my lammers wei...pas my skape op...laat my skape wei*). Hy gee dus nie aan hulle 'n opdrag wat vir hulle onmoontlik is, omdat hy self niks daarvan weet nie. Hy gee aan hulle 'n opdrag wat hy self elke dag moet uitvoer.

Die vraag ontstaan watter implikasie hierdie rolle van Petrus dan vir sy gebruik van die Ou Testament het. Petrus se rol as apostel en mede-ouderling sou 'n positiewe uitwerking kon hê op die effektiwiteit van sy verwysings na die Ou Testament. Dit is moontlik dat die lesers sy verwysings na die Ou Testament met meer gesag kon aanvaar, maar dit is belangrik om eers te kyk hoe Petrus self sy sosiale gesag as apostel en mede-ouderling beskou het.

### **3.3 Sosiale gesag van die outeur**

In hierdie brief wil dit voorkom asof die outeur aanvaar dat die lesers sy gesag sal aanvaar. Hy doen nie moeite om sy gesag te verdedig nie en daarom kan die afleiding gemaak word dat sy verhouding met die lesers van so 'n aard was dat hulle dit reeds aanvaar het.

Aangesien hierdie brief aan gelowiges geskryf is (sien die bespreking oor die lesers in paragraaf 4), kan 'n mens aanvaar dat die lesers van die brief bekend was met die verhale oor Jesus en dus ook met die verhale van sy dissipels. Dit is dus te verstane dat hulle Petrus se gesag sonder teësprak sou aanvaar:

- Jesus is die eerste wat Simon as "Petrus" aangespreek het. Die geleentheid waarby dit gebeur het is onduidelik aangesien die evangelies elk die verhaal anders vertel, maar wat wel belangrik is, is dat hierdie naam as 'n spesiale titel aan hom gegee is (Brown et al, 1974:161; Cullmann, 1962:23).
- Uit verskeie dele van die evangelies kan ons aflei dat Petrus as spreekbuis vir die dissipels opgetree het. Hy sal namens die dissipels 'n vraag van Jesus antwoord of 'n vraag aan Hom stel (Brown et al, 1974:159; Goppelt, 1993:8).

- Dit is ook opvallend dat Petrus eerste genoem word in al die lysse van dissipels wat in Bybel voorkom (Markus 3:16; Matteus 10:2; Lukas 6:14 en Handeling 1:13) ten spyte van die feit dat die besonderhede in die lysse baie verskil. In die lys van Matteus word hy selfs “die eerste” (πρῶτος) genoem (Cullmann, 1962:26; Brown et al, 1974:159).
- Petrus was saam met Johannes en Jakobus deel van die drie dissipels wat die naaste aan Jesus was (Markus 5:37; 9:2 en 14:33).
- Volgens 1 Korintiërs 15:5 en Lukas 24:34 was Petrus die eerste aan wie Jesus verskyn het na sy opstanding uit die dood. Daar is wel ’n verwysing hierna in 1 Petrus 5:1 wanneer Petrus sê dat hy “’n getuie van Christus se lyding en ’n deelgenoot aan die heerlikheid is”, maar dit is so verskuil dat ’n leser dit net sou verstaan as hy bekend is met die agtergrond van die outeur (Cullmann, 1962:60).
- In die begin van die boek Handeling neem Petrus die inisiatief om ’n twaalfde dissipel in Judas se plek te kies. Hy word verder meer as eenmaal voorgelê as die een wat die toesprake gelewer het. Sy rol as spreekbuis van die dissipels het hom dus die eerste leier van die kerk in Jerusalem gemaak (Goppelt, 1993:7; Cullmann, 1962:35).

Bogenoemde feite beteken egter nie dat Petrus die leier van die dissipels was nie, maar wel dat hy ’n belangrike rol gespeel het in die groep van twaalf en later as ’n leier tussen die apostels na vore getree het. Hierdie geskiedenis, wat na alle waarskynlikheid aan die lesers bekend was, maak hom reeds meer geloofwaardig. Daarom was dit heel moontlik nie vir hom nodig om sy gesag te verdedig nie.

Soos dit ook in paragraaf 3.7 na vore kom, maak die feit dat hy ’n dissipel was, sy gebruik van die Ou Testament meer geloofwaardig. Hy het spesiale onderrig van Christus daarin ontvang en aangesien hy ’n besondere rol in die groep van twaalf gespeel het, is dit moontlik dat hy dinge van Jesus geleer het wat selfs van die ander dissipels nie geleer het nie.

### 3.4 Die outeur se verhouding met die lesers

Petrus se optrede teenoor die lesers weerspieël dié van 'n medegelowige (sien paragraaf 3.2) en uit sy verwysings na hulle omstandighede kan 'n mens aflei dat dit vir hom bekend was (paragraaf 4.1). Tog is daar uit die historiese gegewens geen bewys dat hulle mekaar persoonlik geken het nie (Goppelt, 1993:7). Of dit werklik die geval was, kan ons nie bepaal nie, maar in die brief self openbaar Petrus nie 'n persoonlike verhouding met sy lesers nie (Grijdanus, 1931:10; Thurén, 1990:80). Hy gee self geen verwysing na wat sy verhouding met hulle was nie. Behalwe vir die twee keer wat hy hulle "Geliefdes" noem (2:11 en 4:12), spreek hy hulle nie direk aan nie. Hy prys hulle ook nie oor hulle optrede nie en noem nie dat hy vir hulle bid of God vir hulle dank soos in ander Nuwe Testamentiese briewe (Romeine 1:8; Efesiërs 1:15-23; Filippense 1:3-6; Kolossense 1:3-4, 9-10; 1 Tessalonisense 1:2-3; 2 Timoteus 1:3) die gebruik is nie. In die briefslot (5:12-14) groet hy ook geen spesifieke mense in die gemeentes nie (Grijdanus, 1931:9). Dit wil voorkom asof hy nie sulke persoonlike verwysings nodig vind nie. Volgens hom is dit genoeg om sy argument op so 'n wyse aan hulle te stel dat hulle dit moet aanvaar (sien paragraaf 4.4).

### 3.5 Die outeur se waardesisteem

Petrus was 'n Palestynse Jood en was dus goed bekend met die Ou Testament. As medewerker van Paulus en Petrus, kan aangeneem word dat Silvanus ook goed in die Ou Testament onderrig is. Dit is sigbaar in die brief in die spore van die Ou Testament wat deur die brief geweef is, soms in die vorm van aanhalings, maar meestal slegs as eggo's van die vroeëre tekste (Achte-meier, 1996:7).

Uit die opdragte wat Petrus aan die lesers van die brief gee, kan 'n mens die volgende van sy waardesisteem aflei:

- Hoop op God (1:3 - εἰς ἐλπίδα ζῶσαν – *tot 'n lewende hoop*; 1:21 - καὶ ἐλπίδα εἶναι εἰς θεόν – *en julle hoop is op God*);
- Vreugde te midde van lyding (1:6 - ἐν ᾧ ἀγαλλιάσθε, ὀλίγον ἄρτι εἰ δέον [ἐστὶν] λυπηθέντες ἐν ποικίλοις πειρασμοῖς - *Hierin moet julle bly wees, al is*

*dit nou nodig om vir 'n kort tydjie bedroef te word in allerhande beproewings; 3:17 - κρείττον γὰρ ἀγαθοποιούντας, εἰ θέλοι τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ, πάσχειν ἢ κακοποιούντας – want dit is beter, as die wil van God dit eis, dat julle ly wanneer julle goed doen; 4:13 - ἀλλὰ καθὸ κοινωνεῖτε τοῖς τοῦ Χριστοῦ παθήμασιν χαίρετε - maar julle moet bly wees so ver as wat julle deel in die lyding van Christus);*

- *Gehoorssame kinders (1:14 – ὡς τέκνα ὑπακοῆς – soos gehoorssame kinders; 1:17 – Καὶ εἰ πατέρα ἐπικαλεῖσθε – en as julle Hom as Vader aanroep);*
- *Eerbied aan God (1:17 - ἐν φόβῳ τὸν τῆς παροικίας ὑμῶν χρόνον ἀναστράφητε – lewe in vrees die tyd van julle vreemdelingskap; 3:16 – ἀλλὰ μετὰ πραύτητος καὶ φόβου – maar met saggeaardheid en vrees);*
- *Liefde tot mekaar (1:22 - ἐκ [καθαράς] καρδίας ἀλλήλους ἀγαπήσατε ἐκτενῶς - julle moet mekaar uit 'n suiwer hart gedurig liefhê; 2:17 - τὴν ἀδελφότητα ἀγαπάτε – die broederskap liefhê; 4:8 - πρὸ πάντων τὴν εἰς ἑαυτοὺς ἀγάπην ἐκτενῆ ἔχοντες – maar bo alles moet julle mekaar gedurig liefhê);*
- *Suiwerheid (2:1 - Ἀποθέμενοι οὖν πᾶσαν κακίαν καὶ πάντα δόλον καὶ ὑποκρίσεις καὶ φθόνους καὶ πάσας καταλαλιὰς – lê dan af alle boosheid en alle bedrog...);*
- *Voorbeeldige/navolgingswaardige lewe (2:12 - τὴν ἀναστροφὴν ὑμῶν ἐν τοῖς ἔθνεσιν ἔχοντες καλήν, ἵνα, ἐν ᾧ καταλαλοῦσιν ὑμῶν ὡς κακοποιῶν ἐκ τῶν καλῶν ἔργων ἐποπτεύοντες δοξάσωσιν τὸν θεὸν ἐν ἡμέρᾳ ἐπισκοπῆς – Hou ook julle lewenswyse goed tussen die volke, sodat hulle God sal verheerlik die dag as Hy kom; 5:3 - ἀλλὰ τύποι γινόμενοι τοῦ ποιμνίου – maar as voorbeelde vir die kudde);*
- *Gehoorssam aan gesag (2:13 - Ὑποτάγητε πάσῃ ἀνθρωπίνῃ κτίσει διὰ τὸν κύριον – Onderwerp julle aan alle menslike gesag; 2:18 - Οἱ οἰκέται ὑποτασσόμενοι ἐν παντὶ φόβῳ τοῖς δεσπόταις - Huisbediendes, julle moet met alle respek aan julle base onderdanig wees; 3:1 - Ὁμοίως [αἱ] γυναῖκες, ὑποτασσόμεναι τοῖς ἰδίοις ἀνδράσιν – net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees; 5:5 - Ὁμοίως, νεώτεροι, ὑποτάγητε πρεσβυτέροις – net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees);*

- Eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig (3:8 - Τὸ δὲ τέλος πάντες ὁμόφρονες, συμπαθεῖς, φιλάδελφοι, εὐσπλαγχνοὶ, ταπεινόφρονες – *en eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde, goedhartig en nederig*);
- Nederig (3:16 - ἀλλὰ μετὰ πραύτητος – *maar met nederigheid*; 5:6 - Ταπεινώθητε – *verneder julle*);
- Standvastigheid in geloof (5:9 – στερεοὶ τῇ πίστει – *standvastig in geloof*).

Petrus hou dus aan sy lesers die tipiese waardesisteem van 'n Christen voor. Die vraag is nou hoe hy hierdie waardes aan sy lesers kommunikeer.

### **3.6 Die outeur se kommunikasie**

Die taal van hierdie brief is 'n goeie, afgeronde Grieks van hoë standaard (Stibbs, 1973:23). Daar is baie aanhalings uit en sinspelings op die Ou Testament wat meestal die Septuagint op so 'n manier volg dat dit duidelik is dat die outeur goed daarmee bekend was (Stibbs, 1973:23). Aan die taal en samestelling van die brief wil dit ook voorkom of die outeur opleiding in retoriek en filosofie gehad het (Achtemeier, 1996:4).

Die outeur kommunikeer dus sy boodskap op 'n effektiewe wyse in die taal van die lesers en binne die tipiese literêre styl van sy tyd. Hy doen dit deur gebruik te maak van ander tekste wat vir sy lesers bekend was. Die vraag is wat die outeur se kennis van hierdie tekste was.

### **3.7 Die outeur se kennis van die Ou Testament**

Die aantal verwysings na die Ou Testament in die brief laat dit voorkom asof die outeur goed daarmee bekend was. Tog is die vraag steeds waar hy hierdie kennis opgedoen het en of hy werklik 'n in diepte kennis van die Ou Testament gehad het of net 'n oppervlakkige kennis.

Petrus was 'n Palestynse Jood wat van Betsaïda afkomstig was (Cullmann, 1962:19; Groenewald, 1977:6). As 'n kind wat in 'n Joodse huisgesin opgegroeï het is dit waarskynlik dat hy soos ander Joodse seuntjies vanaf

vyfjarige ouderdom onderrig in die Skrifte en in 'n beroep van sy vader ontvang het, en later na die sinagoge gestuur is om daar nog meer van God se Woord te leer (Wood, 1996:293). Godsdiensonderrig het in daardie tyd ook geweldig uitgebrei onder die Jode as 'n poging om die Hellenisme te weerlê (Du Plessis, 1997:326). Hier kan ook bygevoeg word dat Petrus as dissipel van Jesus verdere onderrig uit die Ou Testament van die Here self ontvang het (Lukas 24:27, 44-45; Handeling 1:3). Die afleiding kan dus gemaak word dat Petrus goeie onderrig uit die Ou Testament ontvang het. Uit die vorige punt is dit duidelik dat hy hierdie kennis van die Ou Testament toegepas het in die skrywe van hierdie brief deur deurlopend te verwys na die Ou Testament en spesifiek na die Psalms.

### **3.8 Konklusie**

Die outeur van hierdie brief is na alle waarskynlikheid die apostel Petrus en hy het die brief in samewerking met Silvanus geskryf. Hy bly deurgaans op die agtergrond en dit kom voor asof hy homself nie verhef bo sy lesers nie, maar hulle op dieselfde vlak as homself beskou. Hy dra aan hulle die norme en waardes van Christene oor wat hulle moet navolg, selfs al word hulle vervolgt en hy doen dit in goeie afgeronde Grieks. In die brief is daar spore van die Ou Testament, waaruit afgelei kan word dat hy 'n goeie kennis daarvan moes gehad het.

In geskrewe kommunikasie speel die leser 'n baie belangrike rol. Daarom is dit noodsaaklik in die bepaling van die kommunikatiewe funksie van Psalms in 1 Petrus om die identiteit van die eerste lesers van die brief te bepaal.

### **4. Die identiteit van die lesers**

Hier moet 'n onderskeid getref word tussen die historiese lesers en die implisiete lesers. Die implisiete lesers is die persone wat in die brief "geskep" word. Hulle kan dus nie simplisties met die werklike lesers geïdentifiseer word nie, omdat hulle die outeur se persepsie van die lesers is (Cornelius, 1991:35). Dit is moeilik om vas te stel presies wat die historiese situasie was van die inwoners van die gebiede wat in 1 Petrus 1:1 genoem word (De

Villiers, 1990:144; Achtemeier, 1996:50; Thurén, 1990:38). Daarom val die fokus in hierdie studie op die implisiete leser soos aangebied in 1 Petrus.

In 1 Petrus 1:1 lees ons dat die brief gerig is aan die uitverkore vreemdelinge in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië (ἐκλεκτοῖς παρεπιδήμοις διασπορᾶς Πόντου, Γαλατίας, Καππαδοκίας, Ἀσίας καὶ Βιθυνίας). Hier is die vraag of daar met hierdie benamings Romeinse provinsies of etniese landstreke ('n kleiner deel van die provinsie) bedoel word. Aangesien Pontus en Bitinië in daardie tyd een provinsie was, is dit onwaarskynlik dat hier na provinsies verwys word (De Villiers, 1990:143). Daar is tog gevalle opgeteken waar daar apart na Pontus en Bitinië verwys is (Elliott, 1990:60). In beide gevalle (provinsies of etniese landstreke) word daar egter verwys na die dele Noord van die Taurusberge (Stibbs, 1973:63). Die volgorde van die name dui waarskynlik op die roete wat die boodskapper met die brief gevolg het. Hy sou dan in Pontus aan wal gestap het, in 'n kring deur die gebied beweeg het en weer in Bitinië aan boord gegaan het vir sy terugreis (Groenewald, 1977:10).

Wat die bevolkingsamestelling aanbetref, was dit 'n heterogene groep wat in hierdie gebiede gewoon het (Selwyn, 1947:47). Hier is die vraag gewoonlik of die Christene bekeerlinge uit die Jodedom of heidendom was. Die groot hoeveelheid aanhalings uit die Ou Testament kan daartoe lei dat die lesers as Jode geïdentifiseer kan word, maar tog word daar na hulle verwys asof hulle vroeër aan heidense gebruike deelgeneem het (Achtemeier, 1996:51). 'n Mens moet egter in gedagte hou dat Christene uit die heidendom ook uit die Ou Testamentiese manuskripte onderrig is, aangesien dit die Bybel van hulle tyd was. 'n Kennis van die Ou Testament dui dus nie noodwendig op 'n Joodse agtergrond nie (Achtemeier, 1996:51).

Volgens die teks van 1 Petrus, word die implisiete lesers soos volg beskryf:

- Hulle is uitverkorenes van God (1:1 - ἐκλεκτοῖς παρεπιδήμοις διασπορᾶς: *uitgekieste vreemdelinge van die diaspora*; 2:9 - Ὑμεῖς δὲ γένος ἐκλεκτόν, βασιλείου ἱεράτευμα, ἔθνος ἅγιον, λαὸς εἰς περιποίησιν: *Maar julle is 'n*

*uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, 5:10 - 'Ο δὲ θεὸς ...ὁ καλέσας ὑμᾶς: die God wat julle geroep het);*

- Kinders van God (1:14 - ὡς τέκνα ὑπακοῆς: *soos gehoorsame kinders; 1:17 - εἰ πατέρα ἐπικαλεῖσθε: as julle Hom as Vader aanroep);*
- God se volk (2:10 - οἳ ποτε οὐ λαὸς νῦν δὲ λαὸς θεοῦ: *julle wat vroeër nie 'n volk was nie, maar nou 'n volk van God is);*
- Hulle bestaan uit 'n verskeidenheid van mense uit die samelewing (2:18 - Οἱ οἰκέται: *huisbediendes; 3:1 - γυναῖκες: vroue; 5:1 - Πρεσβυτέρους οὖν ἐν ὑμῖν: die ouderlinge onder julle; 5:5 - νεώτεροι: jongmense); en*
- Hulle was nie altyd Christene nie (2:25 - ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι: *julle was soos afgedwaalde skape; 4:3 - ἀρκετὸς γὰρ ὁ παρεληλυθὼς χρόνος τὸ βούλημα τῶν ἐθνῶν κατειργάσθαι: Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het).*

Die inwoners van Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië waaraan die brief gerig is, is dus 'n heterogene groep Christene (Elliott, 1990:65) wat deur God uitgekies is om Sy kinders en deel van Sy volk te wees. So 'n groep mense behoort 'n goeie kennis van die Ou Testament te hê, aangesien dit die geskrifte is waaruit Christene in daardie tyd onderrig is.

#### **4.1 Die omstandighede van die lesers**

Die teks gee die volgende inligting in verband met die omstandighede van die lesers:

- Hulle is vreemdelinge in hulle omgewing (1:1 - παρεπιδήμους; 1:17 - ἐν φόβῳ τὸν τῆς παροικίας ὑμῶν χρόνον ἀναστράφητε: *lewe dan in eerbied in die tyd van julle vreemdelingskap; 2:11 - παροίκους καὶ παρεπιδήμους: vreemdelinge en bywoners);*
- Hulle woon tussen heidene (2:12 - τὴν ἀναστροφήν ὑμῶν ἐν τοῖς ἔθνεσιν ἔχοντες καλήν: *julle moet 'n goeie lewenswyse tussen die volke hê);*
- Hulle woon verspreid (1:1 - διασπορᾶς: *van die diaspora); en*
- Hulle word beproef deur vervolging (1:6 - ὀλίγον ἄρτι εἰ δέον [ἐστίν] λυπηθέντες ἐν ποικίλοις πειρασμοῖς: *al is dit nou nodig om vir 'n kort tydjie*

*bedroef te word in allerhande beproewings; 3:14 - ἀλλ' εἰ καὶ πάσχοιτε διὰ δικαιοσύνην: maar as julle lei as gevolg van geregtigheid; 3:16 - ἵνα ἐν ᾧ καταλαλεῖσθε καταισχυθῶσιν οἱ ἐπηρέαζοντες ὑμῶν: sodat julle beledigers beskaamd sal word as hulle julle slegsê; 4:12 - μὴ ξενίζεσθε τῇ ἐν ὑμῖν πυρώσει πρὸς πειρασμὸν ὑμῖν: verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien nie; 4:14 - εἰ ὀνειδίζεσθε ἐν ὀνόματι Χριστοῦ, μακάριοι: as julle in die naam van Christus beledig word, is julle gelukkig)*

In bogenoemde tekste word die lesers van die brief “vreemdelinge” genoem. Volgens Janse van Rensburg (1998:579) kan dit op hulle politieke status as uitlanders of op geestelike vreemdelingskap dui. Hierdie benaming kan dus letterlik of figuurlik verstaan word.

As dit op hulle politieke status dui, beteken dit dat hulle uitlanders was in die gebiede waar hulle gewoon het. Alhoewel sommige van hulle gevestigte uitlanders was wat selfs geslagte lank al daar gewoon het, het hulle nie baie politieke regte gehad nie (De Klerk & Janse van Rensburg, 1999:30). In geskryfte van daardie tyd word na παροίκος (“vreemdelinge” soos ook in 1 Petrus 2:11) verwys as mense wat nie burgers van die land was nie, maar ook nie totale vreemdelinge in die omgewing was nie (Elliott, 1990:68). Hulle kon byvoorbeeld nie eiendom besit nie en was daarom bywoners by 'n burger van die land vir wie hulle ook gewerk het (De Klerk & Janse van Rensburg, 1999:31). Hulle het ook nie stemreg gehad nie en kon hulle nie op die geregshowe beroep nie (Janse van Rensburg, 1999:1721). Daarby moes hulle net soos 'n burger belasting betaal en hulle kon gedwing word om militêre diens te doen (Elliott, 1990:68).

Tog moet 'n mens in ag neem dat die inwoners van die gebiede Noord van die Taurusberge groepe van verskillende kulture, tale, gebruike, gelowe en politieke geskiedenis was (Elliott, 1990:61). Dit is dus onwaarskynlik dat iemand verstoot sal word omdat hy aan 'n vreemde volk behoort. Die rede vir hul vreemdelingskap kan dus meer figuurlik gesien word as geestelike

vreemdelingskap, omdat hulle soos Janse van Rensburg (1999:1714) dit stel “na hul bekering burgers van die hemel geword het”, maar steeds tussen heidene gewoon het. 1 Petrus 4:4 (ἐν ᾧ ξενίζονται μὴ συντρεχόντων ὑμῶν εἰς τὴν αὐτὴν τῆς ἀσωτίας ἀνάχυσιν βλασφημοῦντες: *Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saamloop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster*) bevestig dit deur te sê dat die heidene hulle optrede as Christene vreemd vind. Alhoewel daar ’n verskeidenheid godsdienste in die omgewing is, is die Christengeloof anders: hoofsaaklik omdat dit nie net hulle geloof nie, maar ook hulle sosiale optrede beïnvloed (Elliott, 1990:77). Dit is dus te verstane dat die ander inwoners hulle as vreemdelinge beskou het.

In beide gevalle is die gevolg dat hulle verstoot is uit die normale sosiale bedrywighede in hul omgewing en dat hulle swaar gekry het as gevolg daarvan. Dit bring ons by die vervolging wat hulle beleef het. Dit is dieselfde vervolging wat Christene dwarsoor die destydse wêreld beleef het (1 Petrus 5:9 - τὰ αὐτὰ τῶν παθημάτων τῇ ἐν [τῷ] κόσμῳ ὑμῶν ἀδελφότητι ἐπιτελεῖσθαι: *dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is*). Daar word genoem dat hulle gely het as gevolg van hul goeie dade en ter wille van die naam van Christus. Dit is ook vir hulle ’n nuwe belewenis: Petrus skryf dat dit “vir ’n kort tydjie” is en hy smeek hulle om dit nie vreemd te vind nie. Dit wil dus voorkom asof hierdie vervolging eerder sosiaal gerig was, as wat dit ’n direkte konfrontasie met Rome was (Elliott, 1990:62). 1 Petrus 4:3-4 sluit hierby aan aangesien dit beskryf dat hulle vroeër deel was van die heidense gebruike en hulle hulle nou daarvan afsonder. ’n Mens kan verwag dat die mense wat in die verlede saam met hulle aan sulke gebruike deelgeneem het (en selfs hulle vriende was), hulle nou vreemd sou vind en verstoot (Goppelt, 1993:40). Dat daar vervolging vanaf die staat se kant gekom het, moet egter nie buite rekening gelaat word nie. 1 Petrus 4:15-16 sê dat hulle nie moet ly as ’n moordenaar of ’n dief nie, maar as ’n Christen. Moordenaars en diewe ly omdat hulle aan die gereg oorhandig word om gestraf te word en volgens Goppelt (1993:39) dui dit daarop dat die Christene ook voor die hof gebring is.

In hierdie landstreke het die Christene klein gemeenskappe gevorm wat hulle van die heidene afgesonder het (De Villiers, 1990:144). As gevolg van die heterogene karakter van die omgewing is hulle sosiale status moeilik om te bepaal. Die omgewing was oor die algemeen welvarend, maar die verskil tussen die grondeienaar en arbeider was groot (Groenewald, 1977:10). Aangesien daar in die brief na beide uitlanders en landsburgers verwys word, moet aanvaar word dat Petrus die brief aan 'n gehoor van gemengde welvaart gerig het (Selwyn, 1947:49).

Nog 'n rede waarom aanvaar kan word dat die lesers 'n heterogene gemeenskap was, is die beelde wat gebruik word. Beelde uit die landbou (1:22-24), veeboerdery (2:25; 5:2-4) en boubedryf (2:4-8) dui volgens Elliott (1990:63) op mense wat in die stad en op die platteland gewoon het. Die feit dat hulle so verspreid gewoon het en dat hierdie gebiede volgens ons kennis buite die grense van die Pauliniese sendingveld geleë was, dui waarskynlik daarop dat die brief aan huisgemeentes gerig is (Elliott, 1990:64).

Met hierdie prentjie van die implisiete lesers van 1 Petrus, kan 'n mens nou vra hoe ontvanklik hulle waarskynlik vir die brief, dit is vir die doel van die brief en die spesifieke sake en argument wat aan die orde is, sou wees. Om dit te kan antwoord, moet ons egter eers die waardesisteem van die lesers ondersoek.

#### **4.2 Die lesers se waardesisteem**

In die retoriese handeling is dit belangrik om die gehoor se waardesisteem in ag te neem. Wanneer daar aan hulle opdragte gegee word wat binne hulle waardesisteem aanvaarbaar is, is die kans soveel groter dat hulle daaraan gehoor sal gee.

Dit is duidelik dat die basis van hulle waardesisteem hulle geloof in die Drie-enige God is (1:5 - *διὰ πίστεως εἰς σωτηρίαν: deur geloof tot redding*, 1:8 - *ὄν ἄρτι μὴ ὁρῶντες πιστεύοντες: wat julle nie sien nie, maar tog glo*; 1:21 - *τοὺς δι' αὐτοῦ πιστοὺς εἰς θεόν: wat deur Hom in God glo*). Daaruit vloei voort dat hulle

Christus liefhet (1:8 - Ἰησοῦ Χριστοῦ· ὃν οὐκ ἰδόντες ἀγαπᾶτε: *Jesus Christus wat julle nie sien nie, maar tog liefhet*) en dat hulle God se wil belangrik ag (2:15 – ὅτι οὕτως ἐστὶν τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ: *want hierdie is die wil van God*).

Hierdie waardes is die basis waarop Petrus sy argument bou: As hulle in die Drie-enige God glo, moet hulle soos Christene lewe. Petrus gaan voort om vir hulle voorbeelde van so 'n lewe te gee. So 'n geloof in die Drie-enige God beteken dat die lesers die gesag van die Ou Testament sal aanvaar, omdat dit die Woord van hulle God is.

#### **4.3 Die kennis en geloof van die lesers wat deur die outeur veronderstel word**

Volgens die teks van 1 Petrus aanvaar die outeur dat die lesers die volgende weet en glo:

- Die Drie-eenheid (1:2-3 – θεοῦ πατρός ἐν ἁγιασμῷ πνεύματος...ὁ θεὸς καὶ πατὴρ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ: *van God die Vader in die Heilige Gees...die God en Vader van ons Here Jesus Christus*);
- Christus se opstanding uit die dood (1:3 - δι' ἀναστάσεως Ἰησοῦ Χριστοῦ ἐκ νεκρῶν: *deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood*; 1:21 - θεὸν τὸν ἐγείραντα αὐτὸν ἐκ νεκρῶν: *God wat Hom uit die dood opgewek het*);
- Christus se lyding (1:11 - τὰ εἰς Χριστὸν παθήματα: *na die lyding van Christus*; 2:21 - ὅτι καὶ Χριστὸς ἔπαθεν: *want ook Christus het gely*; 3:18 - ὅτι καὶ Χριστὸς ἅπαξ περὶ ἁμαρτιῶν ἔπαθεν: *want ook Christus het eenmaal vir sondes gely*; 4:1 – Χριστοῦ οὖν παθόντος σαρκί: *omdat Christus dus na liggaam gely het*);
- Hulle vryspraak deur Christus (1:18-19 - εἰδότες... ἐλυτρώθητε...τιμίῳ αἵματι ὡς ἀμνοῦ ἀμώμου καὶ ἀσπίλου Χριστοῦ: *julle weet tog dat julle vrygespreek is ...deur die waardevolle bloed van Christus, soos van 'n foutlose en vlekkelose lam*; 2:24 – ὃς τὰς ἁμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ: *wat self ons sondes in sy liggaam geoffer het*);
- Wedergeboorte (1:23 – ἀναγεγεννημένοι...διὰ λόγου ζῶντος θεοῦ: *wedergebore deur die lewende woord van God*); en

- Die Ou Testament (1:16 - διότι γέγραπται: want dit is geskryf; 2:6 - διότι περιέχει ἐν γραφῇ: *daarom is dit bevat in die Skrif*, 3:6 - ὡς Σάρρα ὑπήκουσεν τῷ Ἀβραάμ: *soos Sara aan Abraham onderdanig was*; 3:20 – ἐν ἡμέραις Νῶε: *in die dae van Noag*).

Petrus aanvaar dus dat die lesers weet waaroor die Christengeloof gaan, daarom verduidelik hy nie die terme nie en verwys hy na gebeure tydens Christus se aardse lewe sonder om dit te verduidelik.

Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat Petrus aangeneem het dat die lesers kennis van die Ou Testament het deurdat hy daarna verwys sonder enige verdere verduideliking. Daar is egter spore van Psalms (sien Hoofstuk 2) in 1 Petrus te vind wat so ingewef is in die teks, dat slegs iemand met 'n goeie kennis van die Ou Testament dit sou raaksien.

Daar is reeds vasgestel dat die lesers uit 'n heterogene groep bestaan het. Hulle het dus verskillende agtergronde. Sommige van hulle was Jode en ander nie. Dit kan as vanselfsprekend aanvaar word dat die Jode se kennis van die Ou Testament goed was aangesien hulle soos Petrus self daarin onderrig is (sien 3.8). Wat die Christene uit die heidendom aanbetref, is hulle heel moontlik voor en na hulle bekering uit die Ou Testamentiese manuskripte onderrig aangesien dit die beskikbare geskrifte van die tyd was (Achtemeier, 1996:51).

Die lesers van die brief het dus waarskynlik 'n goeie kennis van die Christelike geloof en ook van die Ou Testament gehad. Die vraag is nou hoe ontvanklik hierdie kennis hulle maak vir dit wat Petrus aan hulle wil oordra.

#### **4.4 Die lesers se ontvanklikheid vir die brief**

Die vraag is nou: Is dit wat die outeur wil sê vir die lesers belangrik genoeg dat hulle daarna sal luister? En belangriker nog: Sal dit hulle optrede beïnvloed?

Omdat die lesers van die brief Christene was en die outeur 'n apostel van Christus, was hulle so te sê verplig om te luister na sy woorde. Tog kan 'n mens slegs sê dat die argumente in die brief oortuigend was as die lesers hulle optrede daarvolgens sou aanpas. Dit sou hulle slegs doen as die saak werklik vir hulle van belang was.

Petrus se doel met die brief, volgens 1 Petrus 5:12 (*"Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!"* - ἔγραψα παρακαλῶν καὶ ἐπιμαρτυρῶν ταύτην εἶναι ἀληθῆ χάριν τοῦ θεοῦ εἰς ἣν στήτε) was om hulle aan te moedig om tussen die heidene soos Christene te lewe, al was dit moeilik. Hy wil hierdie doel bereik deur Christus as voorbeeld voor te hou (2:21-23; 3:17-18 en 4:1). Hy sê in werklikheid vir hulle dat as Jesus, wat self ook God is, moes ly, kan hulle dit nie wil vryspring nie. Hulle moet dit eerder as 'n eer beskou om soos Hy te ly. Hierop brei hy uit deur voorbeelde vanuit hulle alledaagse omstandighede te gebruik nl. optrede van heidene teenoor Christene (byvoorbeeld 3:8 en 4:4), Christene se houding teenoor mense in gesagsposisies (byvoorbeeld die owerheid in 2:13-14, huisbediendes teenoor base in 2:18 en vroue teenoor hulle mans in 3:1) en Christene se houding as mense in 'n gesagsposisie (byvoorbeeld mans teenoor hulle vroue in 3:7 en ouderlinge in 5:1-4).

Deur bogenoemde voorbeelde skep die outeur die indruk dat hy bewus is van die situasie van die lesers (sien paragraaf 4.1) en hulle tipiese probleme binne hierdie situasie. Die outeur se skynbare bewustheid van die lesers se wêreld mag die lesers meer ontvanklik maak vir sy verdere argumente in opdragte oor die spesifieke sake. Verder mag hulle ook verplig voel om sy opdragte uit te voer omdat Petrus, as apostel, die gesag van Christus het en omdat hy op hulle gevoel speel deur Christus se optrede as riglyn voor te hou. Dit beteken ook dat hulle sy gebruik van die Ou Testament makliker sou aanvaar, omdat dit volgens hulle ook met die gesag van Christus kom.

Die outeur se gebruik van die Ou Testament is op sy eie alreeds 'n manier om die lesers se ontvanklikheid te verhoog. Die outeur bied sy argumente aan in

die taal van die Ou Testament. Die lesers wat reeds bekend was met die inhoud van die Ou Testamentiese manuskripte (sien paragraaf 4.3) het waarskynlik hierdie briefgedeeltes met 'n gevoel van instemming gelees. Hulle voel dus deel van die proses van argumentasie (sien Cornelius 2003:10). Hiermee oortuig Petrus hulle dat hy vir hulle dinge sê waarmee hulle in werklikheid reeds saamstem.

Die vraag is nou: Wat word van die lesers verwag? Wat sal hulle moet opoffer om die kommunikasie van die brief suksesvol te maak?

#### **4.5 Die koste van deelname vir die lesers**

Om die koste van deelname te bereken moet vasgestel word hoeveel die lesers moet opoffer om te doen wat die outeur van hulle vra (sien Cornelius, 1998:160).

Petrus verwag van sy gehoor om te midde van lyding en beproewing 'n vreugdevolle en voorbeeldige lewe te lewe tussen hulle verdrukkers (1 Petrus 2:1, 11; 3:9,17; 4:13 en 5:9). Daarby moet hulle ook gesag reg hanteer wanneer hulle die mindere moet wees (2:18; 3:1 en 5:5) en wanneer hulle self in die gesagsposisie is (5:1-4). Die rede wat hy aanvoer vir hierdie opdragte is dat Jesus Christus self vir ons die voorbeeld gestel het deur altyd in liefde op te tree al is Hy onregverdig benadeel (1 Petrus 2:21-23; 3:17-18 en 4:1, sien ook paragraaf 4.4).

Dit klink na 'n groot opoffering om te maak, maar wanneer 'n mens hulle waardesisteem (paragraaf 4.2), hulle veronderstelde kennis en geloof (paragraaf 4.3) en hulle ontvanklikheid vir die retoriese handeling (paragraaf 4.4) in ag neem, is dit reeds duidelik dat hulle bereid sal wees om dit te doen. Tog maak Petrus 'n emosionele appél (πάθος) op hulle deur hulle "uitverkorenes" te noem (1 Petrus 1:1, 2:9 en 5:10). Daarmee sê hy indirek vir hulle dat God hulle uitgekies het om dié dinge wat Hy van hulle vra, te doen. As hulle dit nie doen nie, kan hulle hulleself dus nie as deel van die uitverkorenes sien nie. Petrus laat hulle verplig voel om hierdie opofferings te maak.

Soos met hulle ontvanklikheid vir die brief, speel die Ou Testamentiese verwysings hier 'n belangrike rol. Aangesien die verwysings hulle laat saamstem met Petrus se argumente, kan hulle nie weier om daarvolgens op te tree nie. Hiermee maak hy 'n tweede emosionele appél op hulle, wat hulle in 'n posisie plaas waar hulle voel dat hulle nie anders kan as om hierdie opofferings wat hy van hulle verwag, te maak nie.

#### **4.6 Konklusie**

Die eerste lesers van 1 Petrus was etnies en ekonomies 'n heterogene groep mense wat verspreid in die Noorde van die Taurusberge gewoon het. Hulle was Christene met 'n Christelike waardesisteem wat vervolging beleef het as gevolg van hulle geloof. Hulle het waarskynlik 'n goeie kennis van die inhoud van hulle geloof en ook van die Ou Testamentiese manuskripte gehad. Hierdie vooraf kennis kon hulle waarskynlik meer ontvanklik maak vir Petrus se argumente, omdat dit hulle laat voel dat hy dinge aan hulle sê waarmee hulle reeds saamstem. Hierdie gevoel sou hulle ook aanmoedig om nie net te luister na wat hy vir hulle sê nie, maar dit ook te laat oorgaan in daad.

#### **5. Samevatting**

Die outeur van hierdie brief is na alle waarskynlikheid die apostel Petrus. In samewerking met Silvanus skryf hy aan Christene wat verspreid aan die Noordekant van die Taurusberge woon. Hy hou aan hulle die norme en waardes van Christene voor wat in baie opsigte reeds deel van hul lewens was. Hy verwag van hulle om hierdie waardesisteem sonder huiwering uit te leef ten spyte van die vervolging en swaarkry wat hulle as gevolg van hulle geloof beleef. Petrus doen dit in goeie afgeronde Grieks met baie spore van die Ou Testament daarin verweef. Hy en die lesers het waarskynlik beide 'n goeie kennis van Ou Testamentiese manuskripte gehad. Hierdie kennis het hy gebruik om hulle meer ontvanklik vir sy argumente te maak. Dit betrek sy lesers op so 'n manier by wat hy skryf dat hulle voel hulle het geen ander keuse as om te luister en te doen wat hy van hulle verwag nie.

In hoofstuk 4 word nou verder gefokus op die teks van 1 Petrus.

## HOOFSTUK 4

### Analise en interpretasie met die fokus op die teks van 1 Petrus

---

#### 1. Inleiding

Om uiteindelik die plek en die kommunikatiewe funksies van die spore van Psalms in 1 Petrus te interpreteer, is dit nodig om eers te fokus op die teks – die aard daarvan, die struktuur daarvan en die oorredingsmiddele wat aangewend is. Die teks van 1 Petrus word in hierdie hoofstuk geanaliseer en geïnterpreteer deur aan die volgende hoofpunte aandag te gee:

- Die aard van die teks;
- die epistolêre struktuur van die brief;
- die voorlopige doel van die brief;
- die argument van die brief;
- die patroon van die argument;
- die waardesisteem wat in die brief voorgehou word;
- die sosiale en kulturele *topoi*;
- styl in die brief; en
- die oorredingsmiddele wat in die brief gebruik word.

#### 2. Die aard van die teks

Met die aard van die teks word bedoel hoe die outeur sy teks aanbied en hoe die lesers die teks waarskynlik sou sien. Bied die outeur sy brief aan as heilig en gesagvol?

Volgens Cornelius (1998:67) kan 'n mens dit vasstel deur die volgende sake te ondersoek:

- Die outeur se appèl tot Goddelike gesag;
- God as finale gesag van die outeur se boodskap;
- die vereistes waaraan die ideale lesers moet voldoen;
- pogings om die lesers se lewens te verander; en
- godsdienstige taalgebruik in die brief.

## 2.1 Die outeur se appèl tot Goddelike gesag

Die outeur begin die brief deur homself bekend te stel as 'n apostel van Jesus Christus (1 Petrus 1:1). Hiermee oortuig hy sy lesers van sy goddelike roeping (sien Hoofstuk 3 paragraaf 3.2). Volgens Cornelius (1998:67) is dit moontlik dat, wanneer 'n outeur sy lesers hiervan oortuig het, hulle ook die res van sy aksies sou interpreteer asof dit deur God geïnspireer is. Dit is van toepassing op die brief wat hy aan hulle skryf. Om die idee dat sy brief Goddelik geïnspireer is te versterk, voeg die outeur in 1 Petrus 1:12 by dat die dinge waarvan hulle geleer het, deur die Heilige Gees aan hulle bekend gemaak is (ἃ νῦν ἀνηγγέλη ὑμῖν διὰ τῶν εὐαγγελισσαμένων ὑμᾶς ἐν πνεύματι ἁγίῳ ἀποσταλέντι ἀπ' οὐρανοῦ - *Nou het dié wat die evangelie aan julle verkondig het, dit aan julle bekend gemaak deur die Heilige Gees wat van die hemel af gestuur is*). Hierby sluit hy heel waarskynlik die dinge in wat hy aan hulle geleer het en wil leer.

Hy bevestig dat hy gesag het om namens God te praat deur in 1 Petrus 5:10 'n belofte namens God aan hulle te gee (Ὁ δὲ θεὸς πάσης χάριτος, ὁ καλέσας ὑμᾶς εἰς τὴν αἰώνιον αὐτοῦ δόξαν ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ, ὀλίγον παθόντας αὐτὸς καταρτίσει, στηρίξει, σθενώσει, θεμελιώσει - *God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlijkheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak*).

Die outeur beklemtoon dus aan sy lesers dat hy gesag van God ontvang het om aan hulle te skryf. Dit beteken dat die dinge wat hy aan hulle skryf nie net van hom af kom nie, maar in werklikheid 'n boodskap van God self is.

## 2.2 God as finale gesag van die outeur se boodskap

God word in hierdie brief bekend gestel as die hoogste gesag. Petrus koppel gereeld die opdragte wat hy aan die lesers skryf aan die wil van God:

- 1 Petrus 2:13 - Ὑποτάγητε πάσῃ ἀνθρωπίνῃ κτίσει διὰ τὸν κύριον (*Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here*).

- 1 Petrus 2:20 - ἀλλ' εἰ ἀγαθοποιούμεντες καὶ πάσχοντες ὑπομενεῖτε, τοῦτο χάρις παρὰ θεῶ (Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly--dit is **genade by God**).
- 1 Petrus 3:10-12 – vers 12: ὅτι ὀφθαλμοὶ κυρίου ἐπὶ δικαίους καὶ ὦτα αὐτοῦ εἰς δέησιν αὐτῶν, πρόσωπον δὲ κυρίου ἐπὶ ποιούντας κακά (**Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners**).
- 1 Petrus 3:17 - κρεῖττον γὰρ ἀγαθοποιούντας, εἰ θέλοι τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ, πάσχειν ἢ κακοποιούντας (**Want dit is beter, as die wil van God dit eis, dat julle ly wanneer julle goed doen as wanneer julle kwaad doen**).
- 1 Petrus 4:2 - εἰς τὸ μηκέτι ἀνθρώπων ἐπιθυμίαις ἀλλὰ θελήματι θεοῦ τὸν ἐπίλοιπον ἐν σαρκὶ βιώσαι χρόνον (**om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God**).
- 1 Petrus 4:19 - ὥστε καὶ οἱ πάσχοντες κατὰ τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ πιστῶ κτίστη παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς αὐτῶν ἐν ἀγαθοποιίᾳ (**So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade**).
- 1 Petrus 5:2 - ποιμάνετε τὸ ἐν ὑμῖν ποίμνιον τοῦ θεοῦ [ἐπισκοποῦντες] μὴ ἀναγκαστῶς ἀλλὰ ἐκουσίως κατὰ θεόν (**Pas die kudde van God wat aan julle toevertrou is, goed op. Hou toesig oor hulle, nie uit dwang nie, maar gewillig soos God dit verwag**).
- 1 Petrus 5:5 - πάντες δὲ ἀλλήλοις τὴν ταπεινοφροσύνην ἐγκομβώσασθε, ὅτι ὁ θεὸς ὑπερηφάνοις ἀντιτάσσεται, ταπεινοῖς δὲ δίδωσιν χάριν (**en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade**).

God word dus telkens as die finale gesag en hoofinhoud van Petrus se boodskap voorgelê.

### 2.3 Die vereistes waaraan die ideale lesers moet voldoen

Die "ideale" lesers van die brief is gelowiges wat deur God uitgekies is. Hulle het reeds 'n kennis van die Christelike geloof en van die Ou Testament (sien

Hoofstuk 3 paragraaf 4.2 en 4.3). Die brief is in 'n sin aan 'n geslote groep mense geskryf wat die brief waarskynlik as Goddelik geïnspireerd sal aanvaar.

#### **2.4 Pogings om die lesers se lewens te verander**

In die brief gee Petrus aan die lesers opdragte oor hoe om 'n lewe as 'n Christen tussen die heidene te lei. Hy moedig hulle aan om anders te lewe as wat hulle in die verlede geleef het (4:2 - εἰς τὸ μηκέτι ἀνθρώπων ἐπιθυμίας ἀλλὰ θελήματι θεοῦ τὸν ἐπίλοιπον ἐν σαρκὶ βιώσαι χρόνον - *om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God*), omdat hulle daarvan vrygemaak is (1:18 - ἐλυτρώθητε ἐκ τῆς ματαίας ὑμῶν ἀναστροφῆς πατροπαραδότου - *julle is vrygemaak uit julle waardelose oorgeërfde leefwyse*) en nou 'n volk van God is (2:10 - οἷ ποτε οὐ λαὸς νῦν δὲ λαὸς θεοῦ - *wat nie 'n volk was nie, maar nou 'n volk van God is*). Hierdie brief is dus 'n poging om Christenoptrede aan te moedig – 'n eksklusiewe manier van lewe.

#### **2.5 Godsdienstige taalgebruik in die brief**

In 1 Petrus gebruik die outeur beelde uit die samelewing van die lesers om sy opdragte aan hulle duidelik te maak. Volgens Cameron (1991:58) is metafore saam met gelykenisse, die gebruik van emosionele appèl en paradokse, die hart van Christentaal, omdat God nie op 'n ander manier beskryf kan word nie. Sy is van mening dat hierdie taalgebruik 'n rol gespeel het toe die mense tot geloof gekom het (Cameron, 1991:23-24) en dat dit daarom steeds 'n groot invloed op hulle interpretasie van 'n teks sal hê. Met Christentaal probeer die outeur misterieuse dinge verduidelik wat net met simbole beskryf kan word (Cameron, 1991:58) en daarom kan metafore as 'n karaktereienskap van 'n heilige teks ("sacred text") gesien word.

In 1 Petrus word verskeie beelde gebruik. Een interessante beeld is die vervolging wat in 1:6-7 en 4:12-13 met 'n vuurtoets vergelyk word. 1 Petrus 1:6-7 verduidelik aan die lesers dat die beproewing hulle geloof toets soos vuur goud se egtheid toets (ἐν ᾧ ἀγαλλιᾶσθε, ὀλίγον ἄρτι εἰ δέον ἐστὶν

λυπηθέντες ἐν ποικίλοις πειρασμοῖς, ἵνα τὸ δοκίμιον ὑμῶν τῆς πίστεως πολυτιμότερον χρυσοῦ τοῦ ἀπολλυμένου διὰ πυρὸς δὲ δοκιμαζομένου, εὐρεθῆ εἰς ἔπαινον καὶ δόξαν καὶ τιμὴν ἐν ἀποκαλύψει Ἰησοῦ Χριστοῦ - *Daarin verheug julle jul, al word julle nou - as dit nodig is - 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus*). In 4:12-13 word hierdie vergelyking herhaal (Ἀγαπητοί, μὴ ξενίζεσθε τῇ ἐν ὑμῖν πυρώσει πρὸς πειρασμὸν ὑμῖν γινομένη ὡς ξένου ὑμῖν συμβαίνοντος, ἀλλὰ καθὼ κοινωνεῖτε τοῖς τοῦ Χριστοῦ παθήμασιν χαίρετε, ἵνα καὶ ἐν τῇ ἀποκαλύψει τῆς δόξης αὐτοῦ χαρῆτε ἀγαλλιώμενοι - *Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlijkheid met blydschap kan jubel*). Die lesers verstaan moontlik nie waarom hulle vervolgd word en waarom hulle dit met vreugde moet verduur nie, maar wanneer dit vir hulle in beelde vanuit die samelewing verduidelik word, behoort hulle meer ontvanklik te wees vir die opdragte wat in daardie verband aan hulle gegee word.

Ander beelde wat gebruik word is:

- Die verganklikheid van die mens wat met die verganklikheid van 'n veldblom vergelyk word (1 Petrus 1:22-25);
- Die lesers se smagting na geestelike voedsel wat vergelyk word met 'n pasgebore baba se smagting na melk (2:1-3);
- Die beeld van die lewende stene en die Hoeksteen (2:4-8);
- Die gemeente wat as afgedwaalde skape uitgebeeld word terwyl die ouderlinge herders is en Christus die Hoofherder (2:25 en 5:2-4); en
- Die duiwel wat as 'n brullende leeu uitgebeeld word (5:8).

As Cameron (1991) dus reg is dat metaforiese taal 'n tipiese kenmerk van 'n heilige teks was, val hierdie brief beslis in daardie kategorie.

## **2.6 Gevolgtrekking**

In 1 Petrus word die lesers aangemoedig om die teks as gesagvol en heilig te sien. Dit word gedoen deur:

- Die lesers daarvan te oortuig dat die brief met die gesag van God geskryf is;
- God as finale gesag van die boodskap voor te hou;
- die brief aan 'n geslote groep lesers te rig wat ontvanklik daarvoor sal wees;
- in die brief pogings aan te wend om die lesers se lewens te verander; en
- die gebruik van godsdienstige taal.

Die manier waarop die lesers die teks sien, beïnvloed hul ontvanklikheid daarvoor. As hulle die teks as heilig en gesagvol sien, sal hulle gesindheid daarteenoor meer ontvanklik wees. Die lesers se ontvanklikheid vir die teks beïnvloed weer die bereiking van die doel van die teks. As hulle ontvanklik is vir die teks, is die kans groter dat die outeur sy doel met die teks sal bereik.

Om uiteindelik die doel van die teks te bepaal, word die epistolêre struktuur van 1 Petrus eerstens vasgestel.

## **3. Die epistolêre struktuur van 1 Petrus**

In hierdie paragraaf word die epistolêre struktuur van 1 Petrus geïnterpreteer. Die struktuur van 1 Petrus word verdeel in die tipiese briefdele: briefopening, brieffliggaam en briefslot.

Alhoewel heelwat navorsers (sien byvoorbeeld Martin, 1992:42-78; Marshall, 1991:28 en Achtemeier, 1996:73-74) 1 Petrus verdeel in 'n briefaanhef, danksegging, brieffliggaam en briefslot, word die briefaanhef en danksegging in hierdie studie as een briefdeel, naamlik die briefopening, gesien. Hierdie saak word in paragraaf 3.1 gemotiveer.

Die struktuur van die brief word aan die hand van die volgende hoofdele bespreek:

- Briefopening:
  - Groet/briefaanhef
  - Danksegging
- Briefliggaam:
  - Opening
  - Middel
  - Slot
- Briefslot.

### 3.1 Briefopening

Die groet- en dankseggingsgedeeltes van die brief word as twee onderafdelings van die briefopening beskou aangesien dit 'n soortgelyke retoriese funksie het. Hierdie funksie kom ooreen met die funksie van die *exordium* of inleiding van die antieke toespraak. Volgens Aristoteles (*Ars Rhetorica* III, xiv) is die funksie van 'n *exordium*:

- om die leser se aandag, begrip en aanvaarding te verkry; en
- om die leser leergierig en goedgesind te maak.

Die briefopening bestaan uit 1:1-12 en dit kan verdeel word in die groet (1:1-2) en die danksegging (1:3-12).

#### 3.1.1 Groet

Alhoewel hulle verskillende terminologieë gebruik (byvoorbeeld “prescript, letter introduction, opening, heading”), is navorsers (Martin, 1992:42; Beare, 1970:27; Achtemeier, 1996:73; Janse van Rensburg, 1999:1713; Marshall, 1991:28; Thurén, 1990:84 en Greijdanus, 1931:12) dit eens dat 1 Petrus 1:1-2 die brief inlei deur die “groet”.

Die vorm van hierdie verse pas in by die antieke groetvorm in Hellenistiese briewe: A (in die nominatief) aan B (in die datief), *χαίρειν* (Exler, 1923:23). In die geval van 1 Petrus is:

- A - Πέτρος ἀπόστολος Ἰησοῦ Χριστοῦ – “Petrus, ’n apostel van Jesus Christus”;
- Β - ἐκλεκτοῖς παρεπιδήμοις διασπορᾶς Πόντου, Γαλατίας, Καππαδοκίας, Ἀσίας καὶ Βιθυνίας κατὰ πρόγνωσιν θεοῦ πατρός ἐν ἁγιασμῷ πνεύματος εἰς ὑπακοήν καὶ ῥαντισμὸν αἵματος Ἰησοῦ Χριστοῦ - “aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië, uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus”; en
- χαίρειν is uitgebrei na χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη πληθυνθείη – “Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!”

Tog word daar op “A” en “B” heelwat uitgebrei. By “A” is die skrywer “’n apostel van Jesus Christus”. Volgens Aune (1987:184) was dit die gebruik in Romeinse diplomatieke briewe dat die outeur homself identifiseer deur die noem van sy titels. Petrus identifiseer homself hier op dieselfde manier as wat Paulus dit in sy briewe doen en die feit dat hy homself as apostel bekendstel, veronderstel ’n sekere verhouding tussen hom en die lesers van die brief (Martin, 1992:43). Die feit dat hy ’n apostel is, beteken dat hy nie met sy eie gesag nie, maar met die gesag van Jesus Christus skryf en daarom moet Christene, soos die lesers, sy brief as gesagvol aanvaar (Hoofstuk 3, paragraaf 3.2).

In vers 1-2 word die lesers bekendgestel as “die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië, uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus”. Martin (1992:44) is van mening dat Petrus die lesers se geloofstatus so beskryf om uiteindelik ’n tema vir die brief aan te kondig. Die verwagting wat hier geskep word, is dat daar in die brief geskryf gaan word oor hul vreemdelingskap asook die motivering vir hul uitverkiesing (Goppelt, 1993:64,68).

Die *χαίρειν*-gedeelte is uitgebrei na “Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!” Die gedeelte is net soos by die Paulusbriewe beïnvloed deur die Joodse en Aramese tradisie waar die woord *shalom* (vrede) as groet gebruik word (Aune, 1987:184; Stowers, 1986:21 ). Die invoeging van “vrede” en die gebruik van die optatief werkwoord (*πληθυνθείη*) kom ooreen met die *χαίρειν*-gedeeltes van die briewe van 1 Clemens, Polycarpus aan die Filippense, drie briewe van Gamaliël en die briewe in Daniël 3:31 en 6:26 (Aune, 1987:185).

Die funksie van hierdie gedeelte is om inligting oor die sender en ontvanger van die brief te gee. Verder dien dit ook as 'n groetwoord vir die kommunikasie wat in die brief gaan plaasvind (Martin, 1992:47).

### **3.1.2 Danksegging**

Die gesondheidswens in antieke briewe is gewoonlik ingelei deur *ἔρρωσθαι*, *ὑγιαίνειν* of *ἀσπάζασθαι* (Exler, 1923:103-111). In die Nuwe Testament is dit egter vervang met die danksegging (Thurén, 1990:66). Hierdie danksegging is volgens Cornelius (1991:58-64; 1998:79) nie 'n briefdeel nie, maar 'n retoriese strategie wat hoofsaaklik uit *ethos* en *pathos* bestaan. Dit het die funksie om die lesers te prys, om aan hulle te bewys dat hulle behoeftes vir die outeur belangrik is en om te bewys dat die outeur met hulle identifiseer (Cornelius, 1991:64). 'n “Danksegging” kan dus deel wees van enige briefdeel. Hier is dit egter deel van die briefopening, omdat dit, saam met die groet, steeds poog om die lesers te prys en hulle op hierdie manier goedgesind te maak teenoor die inhoud van die brief (Aune, 1987:186). Dit trek ook die lesers se aandag deur die hoofpunte waaroor die brief handel, te stel (Martin, 1992:51; Thurén, 1990:130).

Die “danksegging” wat in 1 Petrus 1:3-12 gevind word, kan egter soos 2 Korintiërs 1:3-11 eerder 'n “lofprijsing” genoem word (sien Schubert, 1939:8). Dit word ingelei met *εὐλογητός*, wat kenmerkend was van Joodse gebede (Goppelt, 1993:78). Soos Paulus in 2 Korintiërs 1:3 en Efesiërs 1:3, vul Petrus die gebed hier met 'n Christentradisie. Alhoewel 'n danksegging

volgens Schubert (1939:179) met εὐχαριστῶ ingelei word, het die lofprysing in 1 Petrus 1:3-12 dieselfde kommunikatiewe funksie, naamlik om die lesers ontvanklik te maak vir die argument wat volg. Daarom kan dit steeds as 'n "danksegging" geklassifiseer word.

Janse van Rensburg (1992:26; 1999:1713) sien 1:3-12 as die inleiding tot die brieffliggaam en Beare (1970:25) identifiseer dit as die *exordium* van 'n preek wat in die brief ingevoeg is. Uit die voorafgaande is dit egter duidelik dat hierdie verse die eienskappe en funksie van 'n danksegging het (sien ook Martin, 1992:48; Achtemeier, 1996:73; Marshall, 1991:28; Greijdanus, 1931:12 en Burdick & Skilton, 1995:1887) en tipies inpas in die briefopening. Die danksegging suggereer reeds die hoofargumente van die brieffliggaam, maar die hoeveelheid *ethos* en *pathos* wat in 1:3-12 gebruik word (paragraaf 10.1), gee dit 'n karakter wat meer by die briefopening inpas as by die brieffliggaam. Thurén (1990:90) wys daarop dat vers 3-12 saam met vers 1-2 die lesers positief probeer stem vir die kommunikasie wat volg, daarom sien hy 1:1-12 as een retoriese eenheid met dieselfde funksie.

### **3.2 Brieffliggaam**

Wanneer 'n mens na die tipiese funksies van die dele van 'n toespraak kyk, lyk dit logies om die *narratio* (die agtergrond vir die *probatio*), *partitio* (die siening wat in die argument beredeneer word) en *probatio* (die argument) in die brieffliggaam te verwag (Cornelius, 1998:84).

Soos reeds in paragraaf 3.1.2 genoem, kan 1:3-12 nie deel van die brieffliggaam wees soos Janse van Rensburg (1999:1713) en Goppelt (1993:77-101) dit identifiseer nie, omdat die kommunikatiewe funksie en karakter daarvan meer ooreenstem met dié van die briefopening. Die siening van Achtemeier (1996:73-74), Greijdanus (1931:12), Marshall (1991:28) en Burdick & Skilton (1995:1887) is meer oortuigend, wat die brieffliggaam identifiseer as 1:13-5:11. Martin (1992:72) voeg egter 5:12 hierby. In die bespreking van die briefslot (paragraaf 3.3) word verduidelik waarom hierdie vers eerder by die briefslot ingevoeg behoort te word.

Die liggaam van 'n brief kan in drie dele onderverdeel word: Die briefliggaam-opening, -middel en -slot. 1 Petrus 1:13-5:11 word nou hiervolgens geïnterpreteer.

### 3.2.1 Briefliggaam-opening

Volgens Cornelius (1998:85) stem die funksie van die Briefliggaam-opening ooreen met die funksie van 'n *narratio* - dit is om 'n kort, duidelike en aanneemlike uiteensetting van die agtergrond van die argument te gee (Cornelius, 1991:24). Dit kom ooreen met die funksie wat White (1972:18) en Martin (1992:71) aan die briefliggaam-opening toeken, naamlik om die basis te lê waarop die briefliggaam gebou word.

1 Petrus 1:13 kan as die inleiding tot die opening van die briefliggaam geïdentifiseer word, omdat die voegwoord *διὸ* die vers inlei. Saam met *οὖν* en *ἴθεν* het *διὸ* die funksie het om 'n oorgang vanaf die agtergrond na die versoek aan te dui, en saam met die Aoristos imperatief (*ἐπιλατῆτε*) kan dit dui op die briefliggaam-opening (Martin, 1992:70). Dit funksioneer as 'n oorgang van die danksegging na die briefliggaam-middel en is die *narratio* in die sin dat dit oorhoofse universele opdragte gee as basis vir die opdragte wat volg in die briefliggaam-middel.

Achtemeier (1996:73) beperk die briefliggaam-opening egter nie tot die enkele vers nie. Volgens hom maak die hele gedeelte van 1:13-2:10 deel van die briefliggaam-opening uit, omdat die gedeelte gekenmerk word deur imperatiewe en partisipiële in die nominatiewe meervoud wat hierby aansluit (Achtemeier 1996:114). In hierdie gedeelte word 'n hele paar opdragte gegee wat in die algemeen gerig is (Thurén, 1990:90): Hoop op die genade (1:13), word heilig in julle lewenswyse (1:15), lewe die tyd van jul vreemdelingskap in eerbied (1:17), wees lief vir mekaar met 'n suiwer hart (1:22), begeer suiwer geestelike melk (2:2) en laat julle opbou soos lewende klippe na 'n heilige priesterskap (2:5). Met hierdie opdragte wil die outeur die lesers eers in die algemeen aanmoedig om die nuwe lewe wat God hulle gegee het, te lewe, voordat hy in die briefliggaam-middel op spesifieke sake fokus. Die algemene

opdragte lê dus 'n basis waarop die hoofargument in die brieffliggaam-middel kan voortbou.

In 2:11 word die lesers vir die eerste keer direk aangespreek met die woorde: "Geliefdes, ek smeeek julle..." (Ἀγαπητοί, παρακαλώ). So 'n direkte aanspreekvorm dui 'n duidelike oorgang in die brieffliggaam aan (White, 1972:15). In hierdie geval is dit die oorgang na die brieffliggaam-middel .

### **3.2.2 Brieffliggaam-middel**

Hierdie briefdeel word ingelei met die woorde Ἀγαπητοί, παρακαλώ (*Geliefdes, ek smeeek julle*). Volgens Aune (1987:188) is dit 'n algemene manier waarop 'n gedeelte in die brieffliggaam begin word en het dit die funksie om 'n verandering in onderwerp aan te dui. In paragraaf 5 van hierdie hoofstuk word uiteengesit watter belangrike rol 1 Petrus 2:11-12 as inleidende verse van hierdie briefdeel, speel in die lê van 'n basis waarop die res van die brieffliggaam-middel bou.

Na die opdragte in 1:13-2:10 wat in die algemeen gerig was, fokus die outeur nou meer direk op sy lesers (Thurén, 1990:146). In 2:11-5:7 word die lesers direk aangespreek as geliefdes (2:11;4:12), huisbediendes (2:18), vroue (3:1), mans (3:7) ouderlinge (5:1) en jongeres (5:5) en word daar spesifieke opdragte aan hulle gegee.

Hierdie gedeelte word verder bespreek in die paragraaf wat handel oor die argument in 1 Petrus (paragraaf 5). Daarom word daar nou oorgegaan na die brieffliggaam-slot.

### **3.2.3 Brieffliggaam-slot**

In sy struktuuranalise identifiseer Achtemeier (1996:73) 4:12-5:11 as die slot van die brieffliggaam, omdat dit weer begin met die aanspreekvorm "geliefdes" (ἀγαπητοί). Alhoewel dit aansluit by White (1972:15) se siening dat die gebruik van 'n vokatief 'n groot oorgang in die brieffliggaam aandui, dink ek nie dat dit in hierdie geval 'n oorgang na 'n nuwe briefdeel aandui nie, maar slegs 'n

oorgang na 'n ander argument. Die rede hiervoor is dat die spesifieke opdragte in 5:1 hervat word en daarom pas die gedeelte vanaf 4:12-5:7 beter by die middel van die brieffliggaam in.

Die funksie van die brieffliggaam-slot is om die leser se aandag te vestig op dit wat vooraf genoem is (Martin, 1992:72) en sodoende die brieffliggaam-middel saam te vat. Dit het dus die teenoorgestelde funksie as die brieffliggaam-opening.

1 Petrus 5:8-11 vervul hierdie funksie. Dit begin met die opdrag om nugter te wees (νήψατε) en sluit so aan by die opdrag aan die begin van die brieffliggaam-opening (1 Petrus 1:13: νήφοντες τελείως ἐλπίζατε – *terwyl julle nugter is, moet julle ten volle hoop...*) (Thurén, 1990:160). 1 Petrus 5:9 gee 'n opsomming van die hoofgedagte van die brief, naamlik dat die gelowiges standvastig moet bly te midde van lyding. Dit word alles afgesluit met 'n seënswens in verse 10-11.

### **3.3 Briefslot**

Die tipiese groetformule van die antieke papiusbrieff, ἔρρωσθε of εὐτύχε, is in die Nuwe Testamentiese briewe vervang met 'n seënswens (Aune, 1987:186). Ander tipiese slotformules is sekondêre groete en 'n verwysing na die skryf van die brief en die doel daarvan (Goppelt, 1993:368).

Daar is redelike eenstemmigheid tussen navorsers aangaande dit wat die slot van 1 Petrus vorm. Goppelt (1993:367), Achtemeier (1996:74), Greijdanus (1931:12), Marshall (1991:28), Beare (1970:28) en Janse van Rensburg (1999:1713) identifiseer die briefslot as 5:12-14.

In 1 Petrus word sekondêre groete, 'n verwysing na die skryf van die brief en die doel van die brief in 5:12-14 gevind. Vers 12 beskryf hoe die brief geskryf is (διὰ Σιλβανου ἡμῖν τοῦ πιστοῦ ἀδελφοῦ, ὡς λογίζομαι, δι' ὀλίγων ἔγραψα - *deur Silvanus, die getroue broer, soos ek meen, het ek kortliks aan julle geskrywe*) en ook wat die doel met die skrywe is (ἔγραψα παρακαλῶν καὶ

ἐπιμαρτυρῶν ταύτην εἶναι ἀληθῆ χάριν τοῦ θεοῦ εἰς ἣν στήτε - *Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!*). In vers 13 en die eerste deel van vers 14 word groete tussen die gelowiges oorgedra en hulle word aangemoedig om mekaar te groet. Die tweede deel van vers 14 bestaan uit die seënwen. Dit seënwen verskil effens van die Pauliniese tradisie aangesien die tradisionele “genade” (χάρις) hier vervang word met “vrede” (εἰρήνη) (Achtemeier, 1996:349).

1 Petrus 5:12-14 voldoen aan die vereistes van ’n briefslot. Die funksie van die briefslot is gedeeltelik om ’n verhouding tussen die outeur, die mense by hom en die lesers daar te stel (Martin, 1992:77). Hy doen dit deur die groete wat oorgedra word (Goppelt, 1993:367). Die funksie van hierdie briefdeel kan verder vergelyk word met die funksie van die *peroratio* van antieke toesprake. Die *peroratio* dien as samevatting van ’n retoriese rede. In hierdie samevatting word die laaste poging aangewend om die standpunt van die leser te beïnvloed deur ’n beroep op die gehoor se emosie te doen (Cornelius, 1994:13). Dit is ook wat Petrus doen as hy die doel van die brief in 5:12 opsom. Hy herinner die lesers weereens daaraan dat hulle moet vasstaan in die Christenlewe en, aangesien hulle situasie “ware genade van God is”, kan hulle nie anders as op emosioneel verplig te voel om sy opdragte uit te voer nie.

### **3.4 Konklusie**

Die epistolêre struktuur van 1 Petrus sien dus soos volg daaruit:

- Briefopening: 1:1-12
  - Groet/briefaanhef: 1:1-2
  - Danksegging: 1:3-12
- Briefliggaam: 1:13-5:11
  - Opening: 1:13-2:10
  - Middel: 2:11-5:7
  - Slot: 5:8-11
- Briefslot: 5:12-14

#### 4. Die voorlopige doel van 1 Petrus

In hierdie paragraaf word voorlopig gekyk na wat Petrus wou bereik met hierdie brief deur te fokus op dit wat hy in die teks self daaromtrent sê.

In 1 Petrus 5:12 gee die outeur die rede vir sy skrywe: “Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!” (ἔγραψα παρακαλῶν καὶ ἐπιμαρτυρῶν ταύτην εἶναι ἀληθῆ χάριν τοῦ θεοῦ εἰς ἣν στήτε). Volgens Groenewald (1977:12) dui dit op ’n tweeledige doel: Aan die een kant wil hy die gelowiges moed inpraat en aanspoor om hulle Christelike leefwyse getrou in ’n heidense omgewing vol te hou. Aan die ander kant wil hy hulle verseker dat die evangelie wat hulle glo, die waarheid is.

Petrus bemoedig die lesers dus om getrou teenoor Christus te bly ongeag die gevolge daarvan (Beare, 1970:25) en leer hulle om die probleme wat hulle beleef as gevolg van hulle geloof te voorsien en te aanvaar (Kistemaker, 1987:20). Hy spoor hulle dus aan tot ’n heilige lewenswandel, waarsku hulle om nie mee te doen aan heidense rituele nie en moedig hulle aan om op ’n heerlike toekoms te hoop en om Christus se voorbeeld in lyding te volg (Greijdanus, 1931:11). Hierdie deel kan as volg opgesom word: Om Christene wat veronreg word te bemoedig en riglyne van optrede in hierdie omstandighede te gee (Janse van Rensburg, 1999:1713).

Petrus kan die lesers bemoedig omdat hy hulle ook kan verseker dat hulle geloof die waarheid is (Beare, 1970:25). Hy doen dit deur aan hulle te wys dat die genade van God in hulle lewens sigbaar is: hulle het hoop op ’n nuwe lewe as gevolg van Christus se dood en opstanding (1:3-4; 2:21) en hulle sondes is vergewe deur Christus se lyding (3:18) (Best, 1971:13). Daarby voeg Kistemaker (1987:20) dat Petrus die lesers se verbintenis aan Christus as voorbeeld gebruik om hulle te verseker dat lyding verheerliking tot gevolg het (4:13). Achtemeier (1996:65) sluit hierby aan deur te sê dat die dinge waarvan Petrus hulle wou verseker verbind is aan die hoofemas van die brief:

hoop en lyding. Hoop plaas die Christene se fokus op die toekoms wanneer die lyding wat hulle nou verduur iets van die verlede sal wees. Christus is die voorbeeld van hoe die pad van lyding na verheerliking loop en daarmee gee hy vir hulle 'n model van 'n gelowige lewe in die middel van 'n vyandige gemeenskap.

Die voorlopige doel van die brief kan dus as volg geformuleer word: Om die Christene wat swaarkry as gevolg van hulle geloof te bemoedig om 'n goeie lewenswyse tussen die heidene te hê, omdat hulle weet dat dit wat hulle glo die waarheid is.

Nadat die argumente, die waardesisteem in die brief, die sosiale en kulturele *topoi*, die styl en die ooredingsmiddele geïnterpreteer is, word daar terugekom na die doel van die brief.

##### **5. Die argumente van 1 Petrus**

Wanneer die struktuur van 'n brief met dié van 'n retoriese rede vergelyk word, is dit duidelik dat sekere dele van 'n brief en sekere dele van 'n toespraak dieselfde funksie het. Die brieffliggaam, veral die middel, kom ooreen met die *argumentatio* (Cornelius, 1998:45) en die funksie hiervan is om die spreker se saak te bekragtig deur middel van argumente (Cornelius, 1994:12). Die hoofargument van 1 Petrus word dus in die brieffliggaam-middel (2:11-5:7) verwag.

Alhoewel navorsers 'n groot verskeidenheid opinies oor die afbakening en samestelling van hierdie gedeelte het, kom hulle byna almal ooreen dat die hoofsaak wat Petrus hier aanspreek 'n heilige lewe, die regte houding teenoor gesag en die regte optrede in lyding, is. Achtemeier (1996:73-74), Martin (1992:271-273), Thurén (1990:146-157) en Janse van Rensburg (1999:1713) sien dit as argumente in die brieffliggaam, terwyl Marshall (1991:28), Goppelt (1993:153-366) en Greijdanus (1931:12) deur 'n tematiese analise tot dieselfde gevolgtrekking kom.

My opinie is dat Petrus net een hoofargument het wat hy as 'n opdrag aan die lesers oordra: Lewe 'n heilige lewe tussen die heidene en wees 'n voorbeeld vir die heidene, sodat hulle ook God sal verheerlik. Die opdrag word in 2:11-12 gevind 'Αγαπητοί, παρακαλῶ ὡς παροίκους καὶ παρεπιδήμους ἀπέχεσθαι τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν αἵτινες στρατεύονται κατὰ τῆς ψυχῆς· τὴν ἀναστροφὴν ὑμῶν ἐν τοῖς ἔθνεσιν ἔχοντες καλήν, ἵνα, ἐν ᾧ καταλαλοῦσιν ὑμῶν ὡς κακοποιῶν ἐκ τῶν καλῶν ἔργων ἐποπτεύοντες δοξάσωσιν τὸν θεὸν ἐν ἡμέρᾳ ἐπισκοπῆς (*Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel; en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking*).

Hierdie argument word in 2:13-5:7 versterk met voorbeelde uit die lesers se alledaagse lewe. Hierdie voorbeelde kan in twee groepe verdeel word, naamlik die lesers se houding teenoor gesag en hul optrede in lyding. Die argumente word in 'n a b b a-patroon herhaal, met 'n verbindings-paragraaf (c) tussenin wat handel oor die lesers se optrede teenoor mekaar.

Skematies kan die argument soos volg voorgestel word:

- 2:11-12 : Lewe 'n heilige lewe tussen die heidene tot eer van God op die volgende maniere:
  - a 2:13-3:12 : Toon die regte houding teenoor gesag in die wêreld
  - b 3:13-4:6 : Lewe 'n heilige lewe te midde van lyding
  - c 4:7-11 : Lewe 'n heilige lewe teenoor mekaar tot eer van God
  - b 4:12-19 : Lewe 'n heilige lewe te midde van lyding
  - a 5:1-7 : Toon die regte houding teenoor gesag in die kerk

### **5.1 Toon die regte houding teenoor gesag in die wêreld (2:13-3:12)**

In 1 Petrus 2:13-17 kry die lesers die opdrag dat hulle hulle aan wêreldse gesag moet onderwerp. Hulle moet almal die eer gee wat hulle toekom in eerbied vir God (Goppelt, 1993:183). Hierdie opdrag word op spesifieke groepe mense in die gemeente van toepassing gemaak (Achtemeier, 1996:179), naamlik:

- Huisbediendes (2:18-25);
- Vroue (3:1-6); en
- Mans (3:7)

Uiteindelik word hierdie argument afgesluit met 'n samevattende opdrag in die verband in 3:8-12.

## **5.2 Lewe 'n heilige lewe te midde van lyding (3:13-4:6 en 4:12-19)**

In die eerste gedeelte wat oor die lyding handel (3:13-4:6), gee Petrus die opdrag dat die lesers met goeie optrede moet antwoord as hulle sleg behandel word (3:13-16). Die rede vir hierdie goeie reaksie op lyding is die voorbeeld wat Christus gestel het toe Hy onregverdig gely het (3:17-4:6).

Die twee lydingsgedeeltes word verbind met 1 Petrus 4:7-11 (Achte-meier, 1996:292, sien paragraaf 5.3).

In 4:12-19 hervat Petrus sy onderrig in verband met optrede van Christene in tye van lyding. Dit dien in 'n sekere sin as 'n opsomming van die vorige opdragte in verband met optrede in lyding (Janse van Rensburg, 1999:1729), maar hier kry die leser selfs nog 'n moeiliker opdrag as die eerste: Hulle moet bly wees as hulle ly (4:13-14). Die motivering is weereens Christus se lyding (4:13) en die eer van God (4:16) (Achte-meier, 1996:304).

## **5.3 Lewe 'n heilige lewe teenoor mekaar tot eer van God (4:7-11)**

Die twee lydingsgedeeltes word verbind met 'n paragraaf (4:7-11) wat weereens die lesers aanmoedig om heilig teenoor mekaar te lewe tot eer van God (Thurén, 1990:156). 'n Mens kan sê dat Petrus sy lesers wil herinner aan die eintlike argument voordat hy vir hulle verdere opdragte daaromtrent gee.

## **5.4 Toon die regte houding teenoor gesag in die kerk (5:1-7)**

Hierna gee Petrus weer opdragte in verband met hulle houding teenoor gesag, maar hierdie keer fokus hy op die kerk (Goppelt, 1993:163; Janse van Rensburg, 1999:1729). Die ouderlinge word in 5:1-4 vermaan om hulle

gesagsposisie te hanteer soos God dit van hulle verwag. In 5:5 word die jongeres opdrag gegee om aan hierdie gesag onderdanig te wees en in 5:6-7 word dit saamgevat deur te sê dat Christene teenoor mekaar nederig moet optree en dat almal aan God onderdanig moet wees.

In die volgende paragraaf word die patroon van hierdie argument meer uitgebreid bespreek.

## **6. Die patroon van die argument**

Die patroon van die argument fokus op die samestelling van die argument. Met ander woorde: hoe gebruik die outeur die vorm waarin hy die materiaal aanbied om die lesers van sy saak te oortuig? Hierdie patroon beskryf die outeur se perspektief op die saak en dit wys ook watter gedagtegang hy van die lesers verwag.

Andrews (1990:53) beskryf vyf verskillende patrone naamlik:

- Die chronologiese patroon wys op 'n historiese siening van die situasie. Die verlede word voorgehou as die rede vir die huidige situasie en opdragte word dan gegee hoe om die huidige situasie te hanteer;
- Die tematiese ordening ("topical arrangement"), waar die spreker onafhanklike idees noem wat, wanneer hulle saamgevoeg word, duidelik wys wat hy as die belangrike saak beskou;
- Die oorsaak-doel of doel-oorsaak-ontwikkeling beklemtoon die gevolge van 'n aksie. Die uiteinde van 'n moontlike aksie kan dus vergelyk word met die uiteinde van die aksie wat die spreker aanmoedig;
- Die probleem-oplossing-patroon wat vertel hoe die spreker die probleem sien, wat hy dink die oplossing is en wat die gehoor moet doen om hierdie oplossing te bereik; en
- Die klimaktiese patroon waar die gehoor van 'n maklike na 'n moeilike idee gelei word. Hulle kan ook gelei word van 'n idee wat vir hulle reeds aanvaarbaar is en waaroor hulle emosioneel neutraal staan, na 'n kontroversiële idee wat intense emosie sal uitlok.

In die geval van 1 Petrus het ons heel moontlik met die tematiese ordening te doen aangesien Petrus 'n klomp onafhanklike opdragte aan die lesers gee. Wanneer hierdie opdragte egter as 'n geheel gesien word, word dit duidelik dat hulle almal te doen het met 'n heilige lewe tot eer van God tussen heidene. Soos in paragraaf 5 uiteengesit, kan hierdie opdragte in twee groepe verdeel word. Die argumente word dan in 'n a b b a-patroon geplaas. As geheel dui die argumente aan dat die outeur 'n heilige lewe tussen die heidene as die belangrikste saak beskou.

Die vraag is of hierdie argument 'n bepaalde waardesisteem kommunikeer en aanmoedig.

## **7. Die waardesisteem wat in 1 Petrus voorgehou word**

Die waardesisteem wat deur middel van die argumente in die brief voorgehou word, is van waarde vir die verstaan van die doel van die brief.

In hoofstuk 3 (paragraaf 3.5 en 4.2) is die waardesisteem van die outeur en die lesers bespreek. Daaruit is afgelei dat Petrus die tipiese waardesisteem van 'n Christen aan sy lesers voorhou en dat die basis van die lesers se waardesisteem hulle geloof in die Drie-enige God is. Die outeur en die lesers deel dus dieselfde waardesisteem en daarom kan Petrus in sy argument die lesers se waardesisteem gebruik om hulle te oortuig.

Uit die opdragte wat Petrus aan die lesers gee, kom die volgende waarde na vore:

- Vreugde te midde van lyding (3:17 - κρείττον γὰρ ἀγαθοποιῶντας, εἰ θέλοι τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ, πάσχειν ἢ κακοποιῶντας – *want dit is beter, as die wil van God dit eis, dat julle ly wanneer julle goed doen*; 4:13 - ἀλλὰ καθὸ κοινωνεῖτε τοῖς τοῦ Χριστοῦ παθήμασιν χαίρετε - *maar julle moet bly wees so ver as wat julle deel in die lyding van Christus*);
- Eerbied aan God (3:16 – ἀλλὰ μετὰ πραύτητος καὶ φόβου – *maar met saggeaardheid en vrees*);

- Liefde tot mekaar (2:17 - τὴν ἀδελφότητα ἀγαπάτε – *die broederskap liefhê*; 4:8 - πρὸ πάντων τὴν εἰς ἑαυτοὺς ἀγάπην ἐκτενῆ ἔχοντες – *maar bo alles moet julle mekaar gedurig liefhê*);
- Voorbeeldige/navolgingswaardige lewe (2:12 - τὴν ἀναστροφὴν ὑμῶν ἐν τοῖς ἔθνεσιν ἔχοντες καλήν, ἵνα, ἐν ᾧ καταλαλοῦσιν ὑμῶν ὡς κακοποιῶν ἐκ τῶν καλῶν ἔργων ἐποπτεύοντες δοξάσωσιν τὸν θεὸν ἐν ἡμέρᾳ ἐπισκοπῆς – *Hou ook julle lewenswyse goed tussen die volke, sodat hulle God sal verheerlik die dag as Hy kom*; 5:3 - ἀλλὰ τύποι γινόμενοι τοῦ ποιμνίου – *maar as voorbeelde vir die kudde*);
- Gehoorsaamheid aan gesag (2:13 - Ὑποτάγητε πάσῃ ἀνθρωπίνῃ κτίσει διὰ τὸν κύριον – *Onderwerp julle aan alle menslike gesag*; 2:18 - Οἱ οἰκέται ὑποτασσόμενοι ἐν παντὶ φόβῳ τοῖς δεσπόταις - *Huisbediendes, julle moet met alle respek aan julle base onderdanig wees*; 3:1 - Ὁμοίως [αἱ] γυναῖκες, ὑποτασσόμεναι τοῖς ἰδίοις ἀνδράσιν – *net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees*; 5:5 - Ὁμοίως, νεώτεροι, ὑποτάγητε πρεσβυτέροις – *net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees*);
- Eensgesindheid, medelyding, liefdevolheid, goedhartigheid (3:8 - Τὸ δὲ τέλος πάντες ὁμόφρονες, συμπαθεῖς, φιλάδελφοι, εὐσπλαγχνοὶ, ταπεινόφρονες – *en eindelijk, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde, goedhartig en nederig*);
- Nederigheid (3:16 - ἀλλὰ μετὰ πραύτητος – *maar met nederigheid*; 5:6 - Ταπεινώθητε – *verneder julle*);

Die waardesisteem van 'n persoon bepaal wat hy as belangrik in die sosiale en kulturele lewe sien, daarom word die sosiale en kulturele *topoi* nou bespreek.

## 8. Die sosiale en kulturele *topoi*

*Topoi* kan breedweg gedefinieer word as die bronne of plekke waar argumente gevind kan word (Cornelius, 1998:46). Die *topos* is dus die onderwerp wat uitstaan as belangrik. Vir 'n groep is die *topos* dit wat hulle sien as iets wat hulle lewe direk beïnvloed (Cornelius, 1998:155). Die sosiale en kulturele *topoi* is dus die dinge wat op sosiale en kulturele gebied van

uitstaande belang is. Dit is belangrik vir die doel van die brief, aangesien dit slegs bereik kan word as dit iets is wat die lesers belangrik genoeg ag om uit te voer.

Die vraag is dus nou: Wat is volgens die teks belangrik op sosiale en kulturele gebied en wat word van die lesers verwag ten opsigte hiervan?

Uit die analise van die argument van die brief is dit duidelik dat die *topos* in 1 Petrus 'n heilige lewe tussen die heidene is. Van die lesers word verwag om deur die regte verhouding met gesag en die regte optrede in lyding, 'n voorbeeld vir die heidene te wees van hoe om 'n heilige lewe tot eer van God te leef.

Die regte verhouding met gesag behels dat die lesers hulleself aan menslike en kerklike gesag moet onderwerp (2:13). Dit sluit ook in dat huisbediendes aan hul base (2:18), vrouens aan hul mans (3:1) en jongmense aan oueres (5:5) onderdanig moet wees. Hulle moet hierdie houding uitleef, ook al word hulle nie deur die persone goed behandel nie (2:18) en selfs al is hierdie maghebbers nie Christene nie (3:1), want dit is God wat hulle in daardie posisie geplaas het (2:14). Hierdie houding behels ook dat die persoon met gesag van God, dit reg moet gebruik. Voorbeelde wat hiervan gegee word is mans se optrede teenoor hul vrouens (3:7) en ouderlinge se optrede in die gemeente (5:1-4). Die regte verhouding met gesag beteken dus in werklikheid die regte verhouding met God as hoogste gesag, daarom kan dit as voorbeeld van 'n heilige lewe dien.

Wat die regte optrede in lyding aanbetref, word daar baie van die lesers verwag. Hulle moet soos Christus nie terug vloek as hulle gevloek word nie, maar die oordeel eerder aan God oorlaat (2:23) en vloek met seën beantwoord (3:9). Hulle moet hierdie lyding wat hulle verduur as hulle goed doen, as 'n eer en met vreugde aanvaar (2:20; 3:14,17; 4:13-14), want Christus moes dit ook deurmaak. Op hierdie manier wys hulle aan die heidene hoe om tot eer van God te leef.

In die volgende paragraaf word gefokus op hoe die styl van die brief tot effektiewe kommunikasie bydra.

## **9. Die styl in 1 Petrus**

Die doel van hierdie paragraaf is om vas te stel hoe die styl van die brief bydra tot die bereiking van die doel daarvan. Styl is die manier waarop taal saamgevoeg word onder spesifieke omstandighede en die doel daarvan is om idees vir die lesers aanvaarbaar te maak en sodoende reaksie by hulle uit te lok (Andersen, 1964:277).

Volgens die kriteria wat Cornelius (1998:55) gee vir 'n brief om effektief te kommunikeer, slaag 1 Petrus daarin om effektief te wees. Die brief voldoen aan die volgende vereistes:

- Uit die struktuur van die argument (paragraaf 5 en 6) is dit duidelik dat die brief saaklik en duidelik is.
- Die brief is in die tipiese antieke briefstyl geskryf (paragraaf 3).
- Die lesers word direk aangespreek (paragraaf 5.1 en 5.3).
- Die brief is kunstig met heelwat metafore en vergelykings (sien paragraaf 9.1 en 9.2).

Aangesien beeldspraak 'n belangrike rol in die styl van die brief speel, word dit nou breedvoeriger bespreek.

### **9.1 Metafore**

In paragraaf 2.5 is aangedui dat metafore of beelde die hart van Christentaal is. Volgens Andersen (1964:294) is 'n metafoor die stylfiguur waarin twee onderwerpe vergelyk word as soortgelyk of identies. Anders as by 'n gewone vergelyking word die woord "soos" weggelaat in 'n metafoor. Dit kan dus gesien word as 'n verkorte vergelyking.

Die metafoor in 1 Petrus 1:6-7 en 4:12-13 waar die beproewing met 'n vuurtoets vergelyk word, is reeds in paragraaf 2.5 bespreek.

Nog 'n metafoor wat in hierdie brief voorkom, word in kombinasie met 'n vergelyking in 2:4-8 gevind. In hierdie metafoor word Christus volgens Psalm 118:22 vergelyk met 'n steen wat deur die bouers verwerp is, maar tog die hoeksteen geword het. 'n Vergelyking wat hierby aansluit word in 1 Petrus 2:5 gebruik en word in die volgende paragraaf bespreek.

## 9.2 Vergelykings

Saam met die metafoor van Christus as hoeksteen in 1 Petrus 2:4-8, kry die lesers in 2:5 die volgende opdrag in die vorm van 'n vergelyking: "en laat julle ook soos lewende stene opbou..." (καὶ αὐτοὶ ὡς λίθοι ζῶντες οἰκοδομείσθε).

Behalwe vir die vergelyking in 2:5 wat in die vorige paragraaf genoem is, kom die volgende vergelykings in 1 Petrus voor:

- Die lesers moet in meer as een opsig soos kinders wees. 1:14 - ὡς τέκνα ὑπακοῆς (*soos gehoorsame kinders*) en 2:2 - ὡς ἀρτιγέννητα βρέφη (*soos pasgebore babas*).
- Alle vlees is soos gras (1:24 - διότι πᾶσα σὰρξ ὡς χόρτος).
- Hulle was verdwaal soos skape (2:25 - ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι).
- Hulle moet God dien soos goeie rentmeesters. 4:10 - διακονοῦντες ὡς καλοὶ οἰκονόμοι ποικίλης χάριτος θεοῦ (*julle moet dien soos goeie rentmeesters van die verskillende genadegawes van God*).
- Die duiwel is soos 'n brullende leeu. 5:8 - ὁ ἀντίδικος ὑμῶν διάβολος ὡς λέων ὠρυόμενος περιπατεῖ ζητῶν τινα καταπιεῖν (*Julle vyand, die duiwel, loop soos 'n brullende leeu terwyl hy iemand soek om te verslind*).

## 9.3 Funksie van die beeldspraak

Die funksie van beeldspraak in 'n brief is volgens Cornelius (1998:56 & 111) om onbekende sake met bekende sake te vergelyk en sodoende die lesers te lei tot 'n nuwe vlak van die spirituele verstaan van die lewe. Dit dien ook die doel om die gehoor se aandag te trek, om sake vir hulle in nuwe perspektief te plaas en om reaksie by hulle uit te lok.

Die beelde wat in 1 Petrus gebruik word, trek die gehoor se aandag deur dit wat vir hulle moeilik en onbekend is, met bekende sake te vergelyk. Dit plaas hul swaarkry in nuwe perspektief en moedig hulle sodoende aan om heilig te lewe ten spyte daarvan. Die gebruik van beelde dra dus direk by tot die sukses van die brief.

In die volgende paragraaf word die oorredingsmiddele wat in 1 Petrus gebruik word, bespreek.

## **10. Die oorredingsmiddele wat in 1 Petrus gebruik word**

Oorredingsmiddele wat gebruik kan word om die gehoor te laat luister en te laat aanvaar wat gesê word, word in twee hoofde gedeel: nie-tegniese en tegniese oorredingsmiddele. Nie-tegniese oorredingsmiddele is dinge soos bewysstukke en getuies. Tegniese oorredingsmiddele is dit wat die spreker of outeur self skep en word verdeel in *ethos*, *pathos* en *logos* (ἔθος, πάθος en λόγος) (Cornelius, 1994:23). *Ethos* is wanneer die spreker dinge aangaande homself vertel om hom by die gehoor geloofwaardig te maak (Cornelius, 1994:23). *Pathos* is die gebruik van die gehoor se emosies om hulle van 'n saak te oortuig (Cornelius, 1998:51). Die spreker speel letterlik op die gevoel van die hoorders. *Logos* word gebruik wanneer die spreker logiese redenasies voorhou om die gehoor te oortuig (Cornelius, 1994:24).

In hierdie paragraaf word daar gefokus op die tegniese oorredingsmiddele en dit word bespreek binne die verskillende briefdele.

### **10.1 Oorredingsmiddele in die briefopening**

Soos reeds in paragraaf 3.1 vermeld, is die funksie van die briefopening om die lesers se aandag te kry en om hulle goedgesind te maak teenoor dit wat volg. Om dit te bereik is die beste middele om te gebruik *ethos* en *pathos*. Hierdie oorredingsmiddele word so aangewend dat dit die outeur geloofwaardig maak en die lesers op 'n emosionele vlak aanmoedig om ontvanklik vir die brief te wees.

Petrus gebruik nie baie *ethos* nie. Die enigste duidelike poging wat hy aanwend om homself by die lesers geloofwaardig te maak is in 1:1 waar hy sê dat hy 'n apostel van Jesus Christus is (sien ook hoofstuk 3 paragraaf 3.2). Alhoewel dit nie duidelik uitstaan nie, sê hy in die “danksegging” (1:3-12) tog iets oor sy karakter. In vers 3 en 4 skryf hy in die eerste persoon meervoud, waarmee hy homself insluit by die mense wat 'n nuwe lewe en hoop gegee is deur die opstanding van Jesus Christus. Uit 'n geestelike oogpunt is hy dus deel van die groep waaraan hy skryf. In die res van die gedeelte (1:6-12) moedig hy die lesers aan om bly te wees in tye van swaarkry. Deur hulle te bemoedig sê hy aan hulle dat hy vir hulle omgee. Met die “danksegging” sê Petrus dus aan sy lesers dat hy 'n medegelowige is met hoop vir die toekoms en dat hy iemand is wat omgee.

Hy maak egter heelwat van *pathos* gebruik om die lesers te laat voel dat God (en hy self ook) hulle as spesiaal sien. Al was hulle in die oë van die gemeenskap geminag, het hulle voor God 'n ereposisie beklee (Mouton, 2002:524; Thurén, 1990:113). Sodoende oortuig hy die lesers dat die dinge wat in die brief van hulle verwag word, juis van hulle gevra word omdat hulle aan sekere vereistes voldoen wat dit vir hulle moontlik maak om die opdragte uit te voer. Hy wek waarskynlik die gevoel dat hulle spesiaal is in hulle deur die volgende te skryf:

- Hulle is deur die Heilige Gees uitgekies volgens God se voorkennis (1:1-2 ἐκλεκτοῖς... κατὰ πρόγνωσιν θεοῦ πατρὸς ἐν ἁγιασμῷ πνεύματος – *uitgekiestes volgens die voorkennis van God die Vader in die heiligmaking deur die Gees*).
- Hulle het 'n ewige erfenis in die hemel (1:4 εἰς κληρονομίαν ἄφθαρτον καὶ ἀμίαντον καὶ ἀμάραντον, τετηρημένην ἐν οὐρανοῖς εἰς ὑμᾶς - *op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word*).
- God bewaar hulle (1:5 τοὺς ἐν δυνάμει θεοῦ φρουρουμένους – *julle wat in God se krag bewaar word*).
- Hulle het Christus lief, glo in Hom en verheug hulle oor Hom al het hulle Hom nie gesien nie (1:8 ὃν οὐκ ἰδόντες ἀγαπάτε, εἰς ὃν ἄρτι μὴ ὁρῶντες

πιστεύοντες δὲ ἀγαλλιᾶσθε χαρᾷ ἀνεκκλήτῳ καὶ δεδοξασμένῳ - *vir Wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap).*

- God het aan hulle dinge bekend gemaak waarna die profete ondersoek ingestel het en wat die engele wens om te sien (1:10-12 ἐξεζήτησαν καὶ ἐξηραύνησαν προφήται... ἃ νῦν ἀνηγγέλη ὑμῖν διὰ τῶν εὐαγγελισσαμένων ὑμᾶς ἐν πνεύματι ἁγίῳ... εἰς ἃ ἐπιθυμοῦσιν ἄγγελοι παρακύψαι - *die profete het navraag gedoen en ondersoek...dit is nou aan julle vertel deur julle evangelisering in die Heilige Gees...dinge waarna engele wens om te kyk).*

Die doel waarom God die lesers gekies het om van hulle so 'n besondere groep mense te maak, word reeds in 1:2 genoem: Hulle moet gehoorsaam wees aan Hom. Nadat die lesers al hierdie dinge oor hulleself gehoor het, kan hulle nie anders as om aan God (en dus ook aan die boodskap van die brief) gehoorsaam te wees nie.

## 10.2 Oorredingsmiddele in die brieffliggaam

Aangesien die brieffliggaam die argument van die brief bevat, verwag 'n mens dat hier meer *logos* gebruik sal word. Tog word daar heelwat voorbeelde van *pathos* ook gevind. Die belangrikste hiervan is die herhaalde kere wat daar na God se wil en eer (Thurén, 1990:121; sien paragraaf 2.1 en 2.2) en na Christus se voorbeeld in lyding (sien hoofstuk 3, paragraaf 4.4) verwys word as rede vir 'n opdrag. Op hierdie manier gebruik die outeur die lesers se emosie om hulle te oortuig. God is vir hulle baie belangrik, daarom wil hulle graag doen wat Hy van hulle vra. As Petrus dan sê dat die opdragte God se wil is of dat dit tot sy eer is, voel hulle verplig om dit uit te voer. Dieselfde gebeur wanneer hy Christus as voorbeeld gebruik. Die lesers voel dat hulle die opdrag om goed op te tree as hulle swaarkry, moet uitvoer, want Christus was bereid om dit te doen. As hulle nie die opdrag wil gehoorsaam nie, sal dit voorkom asof hulle hulleself belangriker as Christus ag, maar hulle aanbid Hom as God, daarom moet hulle die opdrag uitvoer.

Petrus gebruik *ethos* in hierdie briefdeel wanneer hy homself aan die ouderlinge bekendstel as 'n mede-ouderling (sien hoofstuk 3, paragraaf 3.2). Op hierdie manier maak hy homself en sy boodskap geloofwaardig. As mede-ouderling is hy tog bekend met die werk van 'n ouderling en dit veroorsaak dat die lesers meer ontvanklik is vir sy opdragte in verband met die optrede van ouderlinge.

*Logos* word gebruik deur middel van voorbeelde, enthymeme en sillogismes. 'n Sillogisme kan soos volg voorgestel word: as  $a=b$  en  $b=c$ , is  $a=c$  (Cornelius, 1998:53). Dit is dus 'n blote logiese redenasie. 'n Enthymem is 'n verkorte sillogisme waar een van die premisse uitgelaat word omdat dit logies afgelei kan word of algemeen bekend is. Die meeste *logos* word in die brieffliggaam-middel (2:11-5:7) van 1 Petrus gebruik.

'n Enthymem wat in die hoofargument van 1 Petrus gebruik word is 2:13-17. Hier word die opdrag gegee dat die lesers aan menslike gesag onderdanig moet wees. Dan word gesê dat dit vanweë die Here is en ook dat hulle God moet vrees. Die logiese afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat onderdanigheid aan menslike gesag ook dui op onderdanigheid aan God, omdat alle gesag van Hom af kom. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

- God (a) stel gesagspersone aan (b)

2:17 Julle moet vrees (c) God (a)

dus 2:13 Julle moet onderdanig wees (c) aan God (a)

Hierdie enthymem word verder uitgebrei in drie voorbeelde, naamlik die optrede van huisbediendes teenoor hulle base (2:18-25), die optrede van vroue teenoor hulle mans (3:1-6) en die optrede van mans teenoor hulle vroue (3:7).

In 1 Petrus 4:17 word nog 'n enthymem gevind. Petrus sê dat die oordeel by die huis van God begin en gaan voort om te sê die oordeel begin by "ons". Hulle is dus die huis van God. Dit kan skematies soos volg voorgestel word:

- ons (a) is deel van die huis van God (b)

4:17a oordeel (c) begin by die huis van God (b)

4:17b oordeel (c) begin by ons (a)

Christus wat as voorbeeld gebruik word (2:21-25; 3:18; 4:1; 4:13) kan ook as 'n vorm van *logos* gesien word. 'n Voorbeeld is egter meer 'n sielkundige as logiese ooredingsmiddel (Cornelius, 1998:51). Volgens Aristoteles (*Ars Rhetorica* I:ix, 40-41) is voorbeelde die meeste gepas in deliberatiewe toesprake, want die verlede word dan gebruik om die toekoms te beoordeel. Die funksie van 'n voorbeeld is om 'n abstrakte feit meer "teenwoordig" of sigbaar te maak (Perelman & Olbrechts-Tyteca, 1969:360). Dit is dus te verstane dat Christus se voorbeeld in hierdie geval ook as *pathos* gesien kan word. Wanneer 'n persoon as voorbeeld of model gebruik word, beteken dit dat die persoon uitstaande moet wees. Volgens Perelman & Olbrechts-Tyteca (1969:369) is die probleem hiermee dat enige persoon wat as voorbeeld gebruik word, ook slegte eienskappe kan hê wat nie nagevolg behoort te word nie. Daarom skep outeurs "helde" wat net goed is en "monsters" wat net sleg is. In die Christelike geloof is dit nie nodig om so 'n held te skep nie, aangesien Christus as die perfekte voorbeeld kan optree. In 1 Petrus word gefokus op Christus se optrede in lyding, maar sy optrede in ander situasies kan ook as model-optrede gebruik word. Petrus kies dus die beste moontlike voorbeeld om sy standpunt te versterk. Daar word nog 'n voorbeeld in 3:6 gevind, waar Sara gebruik word as voorbeeld vir die vroue van hoe om aan hulle mans onderdanig te wees.

Die liggaam van die brief bestaan oor die algemeen uit duidelike en logiese redenasies wat verseker dat die argument oortuigend oorgedra word.

In hoofstuk 5 gaan spesifiek gekyk word na watter rol die spore van Psalms as ooredingsmiddel in die brief speel.

### **10.3 Ooredingsmiddele in die briefslot**

In paragraaf 3.3 is die gevolgtrekking gemaak dat Petrus in die slot 'n laaste poging aanwend om sy lesers te beïnvloed deur die gebruik van *pathos*. Wanneer hy sê dat hy skryf om hulle te bemoedig, gebruik hy ook *ethos*, want

daarmee sê hy dat hy vir hulle omgee. Op hierdie manier bou hy 'n verhouding met sy lesers en dit is ook die doel van die slot.

## 11. Die doel van 1 Petrus

Die geskiedenis van die interpretasie van die doel van 1 Petrus kan soos volg opgesom word:

Jaartal	Navorsers	Doel/genre van 1 Petrus
1911	Perdelwitz, R.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 1:3-4:11 Preek vir doop</li> <li>• 1:1-2; 4:12-5:14 Vermaningspreek</li> </ul>
1931	Dibelius, M.	Paraenese
1947	Selwyn, E.G.	Paraenese
1954	Lohse, E.	Paraenese
1954/55	Van Unnik, W.C.	Paraenese
1976	Elliott, J.H.	Die lesers moet druk van buite weerstaan terwyl hulle kulturele gelykvormigheid aanmoedig
1978-79	Goppelt, L.	Paraenese
1981	Balch	Aanmoediging tot akkulturasie
1983	Osborne, T.P.	Om die lesers se geloof in God te versterk
1987	Schultz, S.	Paraenese
1992	Martin, T.	Paraenese
1990/1995	Thurén, L.	Paraenese binne die epideiktiese genre
1999	Janse van Rensburg, F.	Bemoediging en riglyne aan Christene wat verontreg word

In paragraaf 4 is die doel van die brief voorlopig bespreek. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die doel van 1 Petrus waarskynlik is om die Christene wat swaarkry as gevolg van hulle geloof, te bemoedig om 'n goeie lewenswyse tussen die heidene te hê, omdat hulle weet dat dit wat hulle glo die waarheid is. Dit is die doel wat eksplisiet in die brief (5:12) gestel word en

dit stem ook ooreen met dit wat Mouton (2002:523) die “bedoelde retoriese effek” van die brief noem.

Dit is egter moontlik dat daar ’n verdere doel met die brief geïmpliseer kan word sonder dat dit duidelik genoem word. Hierdie doel het te doen met die retoriese genre van die brief. Die brief word dus as ’n sekere brieffipe geklassifiseer as gevolg van die outeur se doel met die brief (Stowers, 1986:23; Cornelius, 1998:43; Thurén, 1990:93). Die doel word bevestig in die aard van die briefstruktuur, argumente en ooredingsmiddele.

Die doel wat deur die struktuur en argument van 1 Petrus geïmpliseer word, stem ooreen met die doel wat deur Petrus in 5:12 voorgehou word. Die struktuur van die brief maak dit duidelik dat die hoofargument in die brief gevind kan word in 1 Petrus 2:11-5:7 (die brieffliggaam-middel). Hierdie gedeelte is die hoofargumente en dit fokus daarop om die lesers aan te moedig om ’n heilige lewe tussen die heidene te leef. Die brief wil dus die lesers aanmoedig om hulle sosiale optrede te verander. Dit blyk egter vir my blote spekulasie te wees om hierdie sosiale waardes as nuwe bevele of as bevestiging van bestaande waardes te tipeer.

Stowers (1986:97) beskou die doel (bemoediging) as paraenese en Aune (1987:191) stem daarmee saam. Hy definieer paraenese as ’n indirekte manier om gedragsprobleme aan te spreek en dit het die volgende eienskappe:

- Dit beskryf wyskede wat in die gemeenskap aanvaarbaar is;
- Dit kan op baie situasies van toepassing gemaak word;
- Die sake wat genoem word, is so bekend vir die leser dat dit soms net as ’n herinnering dien;
- Die saak kan verduidelik word deur die voorbeeld van ’n uitstaande persoon te gebruik; en
- Dit word gewoonlik oorgedra deur ’n persoon wat gesag het by sy hoorders.

Indien die “gemeenskap” waarvan hy praat in 1 Petrus as die Christengemeenskap gesien word, voldoen die brief aan hierdie eienskappe en kan dit as ’n brief van paraenese gesien word.

Thurén (1990:96) klassifiseer 1 Petrus as epideikties, aangesien hy van mening is dat die doel van hierdie brief verder as paraenese strek (Thurén, 1990:95). In ’n latere studie sê hy egter dat paraenese epideikties is (Thurén, 1995:17) en dat die klem lê op versterking van bestaande waardes deur die opdragte en nie die ontwikkeling van nuwe waardes nie (Thurén, 1995:18). Die vraag is dus, het ons hier wel te doene met nuwe of bestaande waardes?

## **12. Samevatting**

Uit hierdie hoofstuk is dit duidelik dat die aard van die teks, die waardesisteem, die sosiale en kulturele *topoi*, die styl en die oorredingsmiddele in die teks op so ’n manier in die struktuur van die brief gerangskik is, dat dit alles bydra tot die bereiking van die doel van die brief. Dit alles versterk die argument dat die lesers van die brief so moet lewe tussen heidene dat hulle lewe ’n voorbeeld van ’n heilige lewe kan wees.

In hoofstuk 5 word gekyk na watter bydrae die spore van Psalms in 1 Petrus lewer tot die bereiking van hierdie doel. Met ander woorde: Wat is die kommunikatiewe funksie van die gebruik Psalms in 1 Petrus?

## HOOFSTUK 5

### Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in 1 Petrus

---

#### 1. Inleiding

Die fokus van hierdie hoofstuk is om te bepaal waar die verwysings na Psalms inpas in die struktuur en argumente van 1 Petrus, hoe dit deel vorm van die verskillende ooredingsmiddele, hoe dit bydra tot die bereiking van die outeur se doel met die brief en wat die uiteindelijke kommunikatiewe funksie daarvan is.

Die vertrekpunt vir hierdie interpretasie is die briefstruktuur en argumente van 1 Petrus soos dit in hoofstuk 4 (sien paragraaf 3 en 5 ) uiteengesit is.

#### 2. Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in die briefopening

In hoofstuk 4, paragraaf 3.1 is beredeneer dat die briefopening van 1 Petrus in 1:1-12 gevind kan word en dat die funksie van hierdie briefdeel is om die lesers se aandag te trek en hulle goedgesind te maak teenoor die outeur en die inhoud van die brief.

In hierdie gedeelte is daar slegs een verwysing na Psalms, en dit is in 1 Petrus 1:7. Dit kom dus voor in die dankseggingsgedeelte (1:3-12) van die briefopening. 1 Petrus 1:7 verwys na Psalm 66:10 (in die Septuagint Psalm 65:10) en in hoofstuk 2, paragraaf 2.1, is dit as 'n eggo geklassifiseer, omdat daar nie definitiewe woordelikse ooreenkomste is om dit as sinspeling te klassifiseer nie.

1 Petrus 1:7	Psalm 66:10 (BHS)	Psalm 65:10 (LXX)
ἵνα τὸ δοκίμιον ὑμῶν τῆς πίστεως πολυτιμότερον χρυσίου τοῦ ἀπολλυμένου διὰ πυρὸς δὲ	כִּי־בַחֲנִתָּנוּ אֱלֹהִים צַר־פָּתָנוּ כַּצַּר־הָ־כֶסֶף:	ὅτι ἐδοκίμασας ἡμᾶς ὁ θεός ἐπύρωσας ἡμᾶς ὡς πυροῦται τὸ ἀργύριον

δοκιμαζομένου, εὐρεθῆ εἰς ἔπαινον καὶ δόξαν καὶ τιμὴν ἐν ἀποκαλύψει Ἰησοῦ Χριστοῦ.		
<b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar <u>deur vuur gelouter word</u> , bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus	<b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> U het ons <u>getoets</u> , o God, U het ons <u>gelouter</u> soos 'n mens silwer louter.	<b>Eie vertaling:</b> Want U het ons <u>getoets</u> , God, U het ons <u>gebrand</u> soos silwer gebrand word.

#### Basiese stelling

1:3-5

Veronderstelde reaksie op basiese stelling

1:6 ἐν ᾧ ἀγαλλιᾶσθε, ὀλίγον ἄρτι εἰ δέον [ἐστίν] λυπηθέντες ἐν ποικίλοις πειρασμοῖς,

Doel van λυπηθέντες

1:7 ἵνα τὸ δοκίμιον ὑμῶν τῆς πίστεως πολυτιμότερον χρυσοῦ τοῦ ἀπολλυμένου διὰ πυρὸς δὲ δοκιμαζομένου, εὐρεθῆ εἰς ἔπαινον καὶ δόξαν καὶ τιμὴν ἐν ἀποκαλύψει Ἰησοῦ Χριστοῦ.

In 1:3-5 noem die outeur God "lofwaardig" en hy gaan voort om hierdie stelling te motiveer: Omdat God die lesers 'n nuwe lewe gee deur Christus se opstanding uit die dood (1:3), kan hulle hoop hê op die erfenis wat God vir hulle bewaar (1:4-5). In vers 6 gee Petrus aan hulle 'n opdrag van hoe hulle in reaksie hierop moet optree: Hulle moet bly wees, al word hulle beproef. Vers 7 verduidelik aan hulle dat hulle beproef moet word sodat hulle geloof getoets en gesuiwer kan word tot eer van Jesus Christus. Die volgende twee verse brei uit op hulle verhouding met Christus en vers 10-12 vertel aan hulle

dat hulle 'n besondere groep mense is, aan wie God spesiale dinge openbaar (sien ook hoofstuk 4, paragraaf 10.1). 1 Petrus 1:7 gee dus die doel van die beproewings wat hulle deurmaak en dit motiveer ook waarom hulle kan bly wees in daardie omstandighede.

In hierdie vers vergelyk Petrus die geloof van sy lesers met goud. Hy sê dus aan hulle dat hulle geloof baie werd is en dat dit soos goud deur vuur getoets moet word. Hierdie vuurtoets bepaal nie net die kosbaarheid van hulle geloof nie, maar maak dit selfs nog kosbaarder deur dit te suiwer. Hy voeg ook hierby dat dit tot eer van God is. Die eer van God is 'n goeie rede om hulle aan te moedig om die opdragte uit te voer, aangesien God vir hulle baie belangrik is (sien Hoofstuk 3, paragraaf 4.2).

Vers 6 en 7 fokus nie net die lesers se aandag op 'n deel van die hoofargument wat in 2:11-5:7 (die brieffliggaam-middel) volg nie, maar maak hulle ook meer ontvanklik daarvoor. 'n Deel van Petrus se argument dat die lesers 'n heilige lewe tussen die heidene moet leef, is dat hulle heilig moet lewe te midde van vervolging. Hulle word hier reeds daarvan oortuig dat dit vir hulle geloof en vir die eer van God goed is as hulle ly. Daarom sal hulle in die res van die brief meer geneig wees om te luister na 'n opdrag om blydschap te toon in lyding. Dit kan dus as 'n voorbeeld van *pathos* gesien word. Petrus gebruik hulle emosie oor God om hulle te oortuig dat lyding die moeite werd is en dat hulle dit nie as 'n verskoning kan gebruik om nie bly te wees oor die dinge wat in 1:3-5 genoem word nie.

Die retoriese funksie van hierdie vers pas dus presies in by die funksie van die danksegging. Dit trek die lesers se aandag, maak hulle bewus van die inhoud van die res van die brief en maak hulle ook meer ontvanklik daarvoor. Dit vind direk aansluiting met die doel van die brief wat in hoofstuk 4, paragraaf 4 as volg geformuleer is: Om die Christene wat swaarkry as gevolg van hulle geloof te bemoedig om 'n goeie lewenswyse tussen die heidene te hê, omdat hulle weet dat dit wat hulle glo die waarheid is.

Die idee dat 'n mens soos 'n kosbare metaal deur ekstreme prosesse moet gaan om gesuiwer te word, is nie vir die lesers 'n vreemde beeld nie. Omdat hulle reeds 'n kennis van die Ou Testamentiese manuskripte en dus ook die Psalms gehad het (sien hoofstuk 3, paragraaf 4.3), gebruik Petrus hierdie bekende beeld uit Psalm 66:10 om hulle van sy standpunt te oortuig. Dit is nou wel slegs 'n eggo van die Psalm, maar dit is genoeg om hulle te laat tuis voel in die argument. Tog omvorm hy dit om deel uit te maak van sy eie argument. Die bekendheid van die motivering wat hy vir hulle voorhou, laat hulle voel dat hulle reeds daarmee saamstem en dus nie nou anders kan optree as wat hy van hulle verwag nie. Dit voel dus vir hulle asof hy hulle slegs herinner aan iets wat hulle reeds weet en glo.

### **3. Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in die briefliggaam**

In hoofstuk 4, paragraaf 3.2 is die briefliggaam geïdentifiseer as 1 Petrus 1:13-5:11. Die liggaam van 'n brief word in drie dele onderverdeel: Die briefliggaam-opening (1:13-2:10), -middel (2:11-5:7) en -slot (5:8-11). Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in die briefliggaam word nou aan die hand van hierdie onderafdelings bespreek.

#### **3.1 Briefliggaam-opening**

Die briefliggaam-opening van 1 Petrus kom voor in 1:13-2:10 en die funksie hiervan is om as oorgang tussen die danksegging en die briefliggaam-middel te dien. Dit lê ook die basis waarop die briefliggaam-middel bou (sien hoofstuk 4, paragraaf 3.2.1).

Die volgende verwysings na Psalms word in die briefliggaam-opening gevind:

- Psalm 62:13 in 1 Petrus 1:17
- Psalm 119:89 in 1 Petrus 1:23
- Psalm 34:9 in 1 Petrus 2:3
- Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:4 en 2:7

### 3.1.1 Psalm 62:13 in 1 Petrus 1:17

1 Petrus 1:17	Psalm 62:13 (BHS)	Psalm 61:12 (LXX)
Καὶ εἰ πατέρα ἐπικαλεῖσθε τὸν ἀπροσωπολήμπτως κρίνοντα <u>κατὰ τὸ ἐκάστου ἔργον</u> , ἐν φόβῳ τὸν τῆς παροικίας ὑμῶν χρόνον ἀναστράφητε,	<p>דַּן יִבְרָאֵל־יְהוָה  כִּי־שֵׁתִּי הִתְאַוָּה  לֹא־שָׁמַע בְּשִׁי</p>	ὅτι τὸ κράτος τοῦ θεοῦ καὶ σοί κύριε τὸ ἔλεος, ὅτι σὺ ἀποδώσεις <u>ἐκάστῳ κατὰ τὰ ἔργα αὐτοῦ</u> .
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Aangesien julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig <u>volgens sy dae</u> oordeel, lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld.	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> en 'n mens net op U, Here, kan vertrou, en dat U met elkeen handel <u>volgens sy verdienste</u> .	<b>Eie vertaling:</b> Dat die sterkte aan God behoort. En aan U Here behoort die genade, want U vergeld elkeen <u>volgens sy werke</u> .

#### Hoofopdrag

1:13 Διὸ ἀναζωσάμενοι τὰς ὀσφύας τῆς διανοίας ὑμῶν νήφοντες τελείως ἐλπίζατε ἐπὶ τὴν φερομένην ὑμῖν χάριν ἐν ἀποκαλύψει Ἰησοῦ Χριστοῦ.

#### 1:14-25 Uitbreiding op opdrag


- 1:14
- 1:15-16
- 1:17-21

#### Motivering van ἀναστράφητε

1:17a Καὶ εἰ πατέρα ἐπικαλεῖσθε τὸν ἀπροσωπολήμπτως κρίνοντα κατὰ τὸ ἐκάστου ἔργον,

#### Opdrag

1:17b ἐν φόβῳ τὸν τῆς παροικίας ὑμῶν χρόνον ἀναστράφητε,



In hierdie gedeeltes is daar wel woordelikse ooreenkomste, maar baie min, daarom word dit as 'n eggo geklassifiseer (sien hoofstuk 2, paragraaf 2.2).

In 1 Petrus 1:17-21 kry die lesers die opdrag om hulle tyd van vreemdelingskap in vrees te lewe. “Vrees” kan dalk meer beskrywend met “eerbied” vertaal word. Dit sluit aan by die funksie van die briefdeel en die doel van die brief in die sin dat dit 'n basis gee vir die hoofargument van die brief, naamlik dat die lesers 'n heilige lewe tot eer van God moet leef. Die doel van hierdie argument (en dus ook van die brief) is om die Christene aan te moedig om 'n heilige lewe tussen die heidene te leef, omdat dit wat hulle glo, die waarheid is.

Vers 17 gee die opdrag: Lewe die tyd van julle vreemdelingskap in vrees. Die motivering hiervoor is dat die lesers die Vader aanroep. Watter Vader? Die een wat onpartydig volgens elkeen se werk oordeel. Dit is waar die ooreenkoms met Psalm 62:13 inkom. Die lesers ken hierdie Vader wat hulle aanroep alreeds uit die Psalms. Dit is die Vader wat oordeel volgens hulle werke. Hulle roep tog hierdie Vader aan en hulle ken Hom, daarom moet hulle lewe volgens Petrus se opdrag. Vers 18-21 gee nog 'n rede: Hierdie Vader het hulle deur Christus se bloed vrygemaak uit hulle vorige waardelose lewenswyse.

Die Ou Testament word dus hier gebruik om 'n appèl op die lesers se emosies te maak (*pathos*). Hulle moet die opdrag uitvoer om hulle lewenswyse te verander, want hulle aanbid die Hemelse Vader wat hulle vrygemaak het en hulle ken sy werkswyse. Die lesers het dus geen verskoning nie, hulle ken die Vader waarna daar verwys word en hulle roep Hom aan, daarom moet hulle ook hierdie opdrag gehoorsaam.

### 3.1.2 Psalm 119:89 in 1 Petrus 1:23

1 Petrus 1:23	Psalm 119:89 (BHS)	Psalm 118:89 (LXX)
ἀναγεγεννημένοι οὐκ ἐκ σπορᾶς φθαρτῆς ἀλλὰ ἀφθάρτου διὰ λόγου ζώντος θεοῦ καὶ μένοντος.	לְעֹלָם יְהוָה דְּבַר נֶצֶב בְּשָׁמַיִם:	εἰς τὸν αἰῶνα, κύριε, ὁ λόγος σου διαμένει ἐν τῷ οὐρανῷ,
<b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende <u>woord</u> <u>van God wat tot in</u> <u>ewigheid bly.</u>	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>U woord,</u> Here, <u>staan vir altyd</u> vas in die hemel.	<b>Eie vertaling:</b> <u>Tot in</u> <u>ewigheid, Here, bly U</u> <u>woord</u> in die hemel.

#### Hoofopdrag

1:13 Διὸ ἀναζωσάμενοι τὰς ὀσφύας τῆς διανοίας ὑμῶν νήφοντες τελείως ἐλπύσατε ἐπὶ τὴν φερομένην ὑμῖν χάριν ἐν ἀποκαλύψει Ἰησοῦ Χριστοῦ.

#### 1:14-25 Uitbreiding op opdrag

- 1:14
- 1:15-16
- 1:17-21
- 1:22-25

#### Opdrag

1:22 Τὰς ψυχὰς ὑμῶν ἡγνικότες ἐν τῇ ὑπακοῇ τῆς ἀληθείας εἰς φιλαδελφίαν ἀνυπόκριτον, ἐκ [καθαρᾶς] καρδίας ἀλλήλους ἀγαπήσατε ἐκτενῶς

#### Motivering vir ἀγαπήσατε

1:23 ἀναγεγεννημένοι οὐκ ἐκ σπορᾶς φθαρτῆς ἀλλὰ ἀφθάρτου διὰ λόγου ζώντος θεοῦ καὶ μένοντος.

#### Motivering vir μένοντος.

1:24-25

In hoofstuk 2 (paragraaf 2.3) is bevind dat 1 Petrus 1:23 'n eggo is van Psalm 119:89.

In 1 Petrus 1:22-25 word die lesers beveel om 'n heilige lewe te lewe deur gehoorsaamheid aan die waarheid en die toon van broederliefde. Vers 23 gee die rede hiervoor: Hulle is wedergebore deur die lewende en ewige Woord van God.


Die feit dat God se Woord ewig is (1:23) en dat die lesers dit reeds vanuit Psalm 119:89 weet, motiveer Petrus se opdrag aan hulle om ook teenoor mekaar 'n heilige lewe te lewe. Dit gee die basis waarop hy verder bou in 4:7-11 (sien hoofstuk 4, paragraaf 5). Hulle moet lewe soos 1:22 van hulle vra, want hulle is wedergebore deur die ewige woord. As die woord nooit verander nie, kan hulle wedergeboorte, wat sy oorsprong in die woord het, ook nie verander nie en hulle optrede in reaksie hierop moet ook altyd dieselfde bly. Hulle kan dus nooit ophou om heilig te lewe nie. 1 Petrus 1:23 motiveer die lesers om ontvanklik te wees vir die doel van die brief – om heilig te lewe.

Hulle is reeds bekend met die stelling dat God se Woord ewig is en hulle stem reeds daarmee saam, want hulle ken en glo die Ou Testamentiese geskrifte. Petrus motiveer dus sy opdrag deur *pathos* te gebruik. Hy gee 'n rede waarteen die lesers niks kan sê nie, want hulle gewete is reeds so daaraan verbind, dat dit vir hulle voel asof hulle ook reeds met die opdrag saamstem.

### 3.1.3 Psalm 34:9 in 1 Petrus 2:3

1 Petrus 2:3	Psalm 34:9 (BHS)	Psalm 33:8 (LXX)
<p>εἰ ἐγεύσασθε ὅτι χρηστός ὁ κύριος.</p>	<p>טַעֲמוּ וּרְאוּ כִּי טוֹב יְהוָה אֱשֶׁר־ הַנֶּבֶר יַחֲסֶה־בּוֹ:</p>	<p>γεύσασθε καὶ ἴδετε ὅτι χρηστός ὁ Κύριος, μακάριος ἀνὴρ ὃς ἐλπίζει ἐπ' αὐτόν</p>

<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Julle het immers ondervind dat die Here goed is.</u>	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Kom ondervind en sien self dat die Here goed is!</u> Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.	<b>Eie vertaling:</b> <u>Proe en sien, dat die Here goed is;</u> gelukkig is die mens wat op Hom hoop.
---	--	--



1 Petrus 2:1-4 verduidelik aan die lesers hoe om die nuwe lewe wat God hulle gee, te lewe. Wanneer hulle weggebreek het van hulle ou lewe (vers 1), moet hulle soos pasgebore babatjies na melk soek. Hulle moet geestelike melk soek wat hulle kan grootmaak sodat hulle die redding wat hulle reeds het, ten volle kan uitleef. Hulle moet dus dit soek wat hulle geestelik sal laat groei. Hierdie melk sal hulle laat groei na die volkome beleving van hul redding en dit sal hulle laat proe (beleef) dat die Here genadig is.

Vers 2b gee die doel van die opdrag in 2a: Dit sal hulle lei na hul redding. Dit beteken egter nie dat hulle gered word deur die opdrag uit te voer nie, want hulle is tog reeds deur Christus gered (1:18-19). Dit beteken eerder dat hulle gelei sal word na 'n beleving van hierdie redding. Petrus sê dus eintlik aan hulle dat dit voordelig is om die opdrag na te kom en so gebruik hy hulle emosie as ooredingsmiddel (*pathos*). In vers 3 bewys hy aan hulle dat

hierdie redding werklikheid is. Deur middel van 'n aanhaling (hoofstuk 2, paragraaf 2.4) herinner hy die lesers aan die opdrag wat in Psalm 34:9 aan hulle gegee is: Hulle moet proe dat die Here genadig is. Dit is 'n opdrag wat hulle reeds moes uitvoer, daarom moet hulle nou, wanneer hulle dit lees, reeds weet dat die Here genadig is. As hulle dit nie weet nie, beteken dit dat hulle die opdrag van Psalm 34 verontagsaam het. Op hierdie manier bind hy die lesers se gewete. Hulle moet aanvaar dat God genadig is en daarom sal hulle hul redding ten volle beleef deur volgens sy opdragte te leef, anders beteken dit dat hulle nie God se opdragte uit die verlede nagekom het nie.

Vers 3 dien dus as motivering om 'n heilige lewe te lei, omdat die lesers weet dit wat hulle glo die waarheid is.


Aangesien die opdragte in die brieffliggaam-opening die basis lê vir die opdragte in die brieffliggaam-middel (sien hoofstuk 4, paragraaf 3.2.1), maak hierdie verwysing die lesers ontvanklik vir die hoofargument van die brief.

### 3.1.4 Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:4 en 2:7

1 Petrus 2:4	Psalm 118:22 (BHS)	Psalm 117:22 (LXX)
<p>πρὸς ὃν προσερχόμενοι λίθον ζῶντα ὑπὸ ἀνθρώπων μὲν ἀποδοκιμασμένον παρὰ δὲ θεῷ ἐκλεκτὸν ἔντιμον,</p>	<p>אָבֵן מְאֹסוֹ הַבּוֹנִים הִתְהַלְרָאשׁ פְּנֵה:</p>	<p>λίθον ὃν ἀπεδοκίμασαν οἱ οἰκοδομοῦντες, οὗτος ἐγενήθη εἰς κεφαλὴν γωνίας</p>
<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Kom na Hom toe, die lewende <u>steen</u>, wat deur die mense <u>afgekeur</u> is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is</p>	<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Die <u>klip</u> wat deur die bouers <u>afgekeur</u> is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.</p>	<p><b>Eie vertaling:</b> Die <u>steen</u> wat die bouers <u>verwerp</u> het, juis hy, het 'n hoeksteen geword.</p>

1 Petrus 2:7	Psalms 118:22 (BHS)	Psalms 117:22 (LXX)
<p>ὑμῖν οὖν ἡ τιμὴ τοῖς πιστεύουσιν, ἀπιστοῦσιν δὲ λίθος ὃν ἀπεδοκίμασαν οἱ οἰκοδομοῦντες, οὗτος ἐγενήθη εἰς κεφαλὴν γωνίας</p>	<p>אָבן מְאֻסָּר הַבּוֹנִים הִתְיָה לְרֹאשׁ פִּנָּה:</p>	<p>λίθον ὃν ἀπεδοκίμασαν οἱ οἰκοδομοῦντες, οὗτος ἐγενήθη εἰς κεφαλὴν γωνίας</p>
<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: "<u>Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword</u>"</p>	<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.</p>	<p><b>Eie vertaling:</b> <u>Die steen wat die bouers verwerp het, juis hy, het 'n hoeksteen geword.</u></p>

### Agtergrond by opdrag



1 Petrus 2:4-8 sluit aan by 1 Petrus 2:1-4 deurdat die lesers nou die opdrag kry om na die Here (wat genadig is) te kom en hulle te laat opbou tot 'n geestelike huis. Petrus is hier nog steeds besig om 'n basis te lê vir sy werklike doel met die brief: hy wil die lesers motiveer om meer en meer heilig te lewe.

In hierdie gedeelte word Christus aan die hand van Psalm 118:22 as 'n waardevolle steen beskryf. In vers 4 word daar net gesinspeel op die betrokke Psalm, maar die tweede deel van vers 7 is 'n woordelike aanhaling van Psalm 117:22 in die Septuagint (sien hoofstuk 2, paragraaf 2.5 en 2.6).

Die sinspeling in vers 4 gee die agtergrond van die opdrag. Wanneer hulle na die lewende Steen kom wat deur God waardevol gemaak is, moet hulle ook lewende stene in God se geestelike huis wees. Vers 6-8 brei uit op hierdie beeld en dit dien as bewys dat die gelowiges deur Christus (vers 5) in staat is om as geestelike huis vir God aanvaarbare offers te wees. God het self vir Christus die hoeksteen gemaak nadat mense Hom afgekeur het, dit bewys dat Hy die mag het om hulle wat na Hom kom, ook waardevol te maak.

Vanuit hulle kennis van die Ou Testamentiese manuskripte, weet die lesers reeds dat Christus soos 'n steen is wat deur bouers (mense) afgekeur is, maar deur God 'n ereplek as hoeksteen gegee is. Hulle kan dus nie met Petrus stry as hy sê dat as gelowiges na hierdie Steen gaan, hulle die plig het om op te tree soos mense wat vir God aanvaarbaar is nie. Volgens 1 Petrus 1:8 gaan hulle na Christus, want hulle het Hom lief en glo in Hom. In vers 7, waar hierdie beeld uit die Psalm aangehaal word, is die implikasie nog erger. Hier word vir hulle gesê dat as hulle nie die opdrag uitvoer nie, hulle in werklikheid oor die Steen struikel en dit beteken hulle is nie gelowiges nie. Die kennis wat hulle reeds het, word dus weereens as *pathos* gebruik om hulle te oortuig om 'n nuwe opdrag uit te voer. Die feit dat die lesers reeds bekend is met die motivering vir die opdrag, veroorsaak dat dit vir hulle voel asof die opdrag ook reeds aan hulle bekend is.

### 3.2 Brieffliggaam-middel

Die brieffliggaam-middel is die gedeelte waar die hoofargument van die brief beredeneer word. In 1 Petrus is dit die gedeelte vanaf 2:11 tot 5:7 (sien hoofstuk 4, paragraaf 3.2.2 en 5).

In 1 Petrus 2:11-5:7 kom die volgende spore van Psalms voor:

- Psalm 39:13 in 1 Petrus 2:11
- Psalm 34:12-16 in 1 Petrus 3:10-12
- Psalm 110:1 in 1 Petrus 3:22
- Psalm 31:6 in 1 Petrus 4:19
- Psalm 55:23 in 1 Petrus 5:7

#### 3.2.1 Psalm 39:13 in 1 Petrus 2:11

1 Petrus 2:11	Psalm 39:13 (BHS)	Psalm 38:12 (LXX)
<p>Ἀγαπητοί, παρακαλῶ ὡς <u>παροίκους</u> καὶ <u>παρεπιδήμους</u> ἀπέχεσθαι τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν αἵτινες στρατεύονται κατὰ τῆς ψυχῆς·</p>	<p>שְׁמַעְהָ תְּפִלָּתִי יְהוָה וּשְׁעֵתִי הַאֲזִינָה אַל־דַּמְעָתִי אַל־תִּחַרֶּשׁ כִּי גַר אֲנִי עַמּוּד תּוֹשֵׁב כְּכֹל־אֲבוֹתַי:</p>	<p>εἰσάκουσον τῆς προσευχῆς μου Κύριε καὶ τῆς δεήσεώς μου· ἐνώτισαι τῶν δακρῶν μου· μὴ παρασιωπήσης, ὅτι <u>πάροικος</u> ἐγὼ εἰμι ἐν τῇ γῆ καὶ <u>παρεπίδημος</u> καθὼς πάντες οἱ πατέρες μου</p>
<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Geliefdes, in die wêreld is julle <u>vreemdelinge en</u> <u>bywoners</u>. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe</p>	<p><b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> Hoor, HERE, my gebed, en luister na my hulpgeroep; swyg nie by my trane nie; want ek is 'n <u>vreemdeling</u> by U, 'n <u>bywoner</u> soos al my vaders.</p>	<p><b>Eie vertaling:</b> Luister na my gebed en my hulpgeroep, Here. Slaan ag op my trane. Mag U nie swyg nie, want ek is 'n <u>vreemdeling</u> in die wêreld, 'n <u>bywoner</u> soos al my vaders.</p>

1 Petrus 2:11 en 12 is die begin van die brieffliggaam-middel. Hier word die hoofargument gestel: Lewe 'n heilige lewe tussen die heidene tot eer van

God. Hierdie argument word versterk deur die gebruik van voorbeelde uit die alledaagse lewe van die lesers (sien hoofstuk 4, paragraaf 5).

In vers 11 spreek Petrus die lesers aan as “vreemdelinge en bywoners”. Hierdie woorde word ook in Ps 39:13 gevind. In hoofstuk 2, paragraaf 2.7 is hierdie ooreenkoms as ’n sinspeling geklassifiseer, omdat dit so ’n kenmerkende frase is om mense mee aan te spreek, dat iemand wat bekend is met die Psalms (soos die lesers heel moontlik was) nie die ooreenkoms sou miskyk nie. Daar is dus ’n sterk moontlikheid dat dit hulle verstaan van die opdrag sou beïnvloed. Omdat hierdie vers die hoofargument van die brief stel, is die lesers se reaksie daarop van besondere belang, want hierdie reaksie speel ’n belangrike rol in die sukses van die brief. Met ander woorde dit bepaal of Petrus sy doel met die brief bereik of nie.


Die aanspreekvorm “vreemdelinge en bywoners” stel die lesers se status in die gemeenskap (sien hoofstuk 3, paragraaf 4.1). Wanneer Petrus hierdie aanspreekvorm met die opdrag om heilig te lewe verbind, gebruik hy dit as motivering waarom juis hulle hierdie opdrag kry. Die lesers se status in die samelewing as vreemdelinge en bywoners (hetsy op geestelike of sosiale vlak) veroorsaak dat hulle hierdie opdrag wat hulle kry, uit ’n ander lig mag beskou. Om ’n goeie lewenswyse te handhaaf tussen mense wat jou verdruk, maak meer indruk as wanneer ’n mens so ’n lewenswyse handhaaf tussen mense wat jou as gelyke beskou. Petrus sê dus vir die lesers dat God hulle beter kan gebruik om tot sy eer te leef, juis omdat hulle hierdie status tussen die heidene het. Op ’n geestelike vlak kan die lesers ook nie ontken dat hulle vreemdelinge en bywoners is nie, want volgens die digter van Psalm 39 het hulle hierdie status van hulle geestelike voorouers geërf. Deur hulle hierdie Ou Testamentiese benaming te gee, sê Petrus dus aan die lesers dat hulle juis in ’n besondere posisie is om hierdie opdrag uit te voer. Hy gebruik dus *pathos* om hulle te oortuig om sy opdrag te gehoorsaam. Hulle geloof aan die Ou Testamentiese manuskripte veroorsaak dus dat hulle nie hulle situasie as verskoning kan gebruik om nie die opdrag in die brief te gehoorsaam nie.

### 3.2.2 Psalm 34:12-16 in 1 Petrus 3:10-12

1 Petrus 3:10-12	Psalm 34:12-16 (BHS)	Psalm 33:11-15 (LXX)
<p><u>ὁ γὰρ θέλων ζῶν ἀγαπᾶν</u>  <u>καὶ ἰδεῖν ἡμέρας ἀγαθὰς</u>  <u>παισάτω τὴν γλῶσσαν ἀπὸ</u>  <u>κακοῦ καὶ χεῖλη τοῦ μὴ</u>  <u>λαλῆσαι δόλον, ἐκκλινάτω</u>  <u>δὲ ἀπὸ κακοῦ καὶ ποιησάτω</u>  <u>ἀγαθόν, ζητησάτω εἰρήνην</u>  <u>καὶ διωξάτω αὐτήν· ὅτι</u>  <u>ὀφθαλμοὶ κυρίου ἐπὶ</u>  <u>δικαίους καὶ ὠτα αὐτοῦ εἰς</u>  <u>δέησιν αὐτῶν, πρόσωπον δὲ</u>  <u>κυρίου ἐπὶ ποιοῦντας κακά.</u></p>	<p>לְכֹרֶבָנִים שְׁמַעֲרֹלִי          יִרְאֵת יְהוָה אֲלִמְדַּכֶּם:          מִיְהֵאִישׁ הִחֲפֵץ חַיִּים          אֲהַב יָמִים לְרְאוֹת טוֹב:          נִצַּר לְשׁוֹנֵךְ מֵרַע          וּשְׁפָתֶיךָ מִדַּבֵּר מִרְמָה:          סוּר מֵרַע וַעֲשֵׂה טוֹב          בְּקֶשׁ שְׁלוֹם וְרַדְפֶּהוּ:          עֵינֵי יְהוָה אֶל־צַדִּיקִים          וְאָזְנוּ אֶל־שׁוֹעֲתָם:          פְּנֵי יְהוָה בְּעֲשֵׂי רַע          לְהִכְרִית מֵאֶרֶץ זִכְרָם:</p>	<p>δεῦτε τέκνα, ἀκούσατέ μου,          φόβον Κυρίου διδάξω ὑμᾶς.          Τίς ἐστὶν ἄνθρωπος ὁ θέλων          ζῶν, ἀγαπῶν ἡμέρας ἰδεῖν          ἀγαθὰς; Παῦσον τὴν          γλῶσσάν σου ἀπὸ κακοῦ, καὶ          χεῖλη σου τοῦ μὴ λαλῆσαι          δόλον. ἔκκλινον ἀπὸ κακοῦ,          καὶ ποίησον ἀγαθόν· ζήτησον          εἰρήνην, καὶ δίωξον αὐτήν.          ὀφθαλμοὶ Κυρίου ἐπὶ          δικαίους, καὶ ὠτα αὐτοῦ εἰς          δέησιν αὐτῶν·          πρόσωπον δὲ κυρίου ἐπὶ          ποιοῦντας κακά</p>
<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Daar staan geskrywe: "<u>As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.</u> Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na! Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep, maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen."</p>	<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Kom, kinders, luister na my! Ek wil julle leer hoe om die Here te dien. <u>As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.</u> Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na! Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep.</p>	<p><b>Eie vertaling:</b> Kom, kinders, luister na my, ek sal julle die vrees van die Here leer. <u>Wie is die man wat die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien? Weerhou jou tong van die slegte en jou lippe om bedrog te praat.</u> Draai weg van die slegte en doen die goeie. <u>Soek vrede en jaag dit na. Die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore luister na hulle gebed.</u> Maar die gesig van die Here is op die wat sleg</p>

Die aanhaling uit Psalm 34:12-16 wat in 1 Petrus 3:10-12 voorkom (hoofstuk 2, paragraaf 2.8), dien as motivering vir die die opdrag in 3:9. Met die aanhaling sê die outeur vir die lesers dat as hulle 'n lang en goeie lewe wil hê,

1 Petrus 3:10-12 maak deel uit van die konkurierende opdrag in 3:8-12, as konkuisie op die argument (3:8-4:6): Toon die regte houding teenoor gesag in die wêreld. Nadat verskillende opdragte in die verband gegee is aan hujsbedienendes, vrouens en mans, volg hier nou 'n konkurierende opdrag: "En eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederlike en ontferming, vriendelik. Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar sien in teendeel, omdat julle weet dat julle hier toe geroep is, sodat julle sien kan beërwe. Want wie die lewe wil liehê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie. Hy moet atwyk van wat verkeerd is, en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najag. Want die oë van die Here is op die regverdige en sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners" (3:8-12).




hulle hierdie opdrag moet uitvoer. Hy gebruik dus weereens *pathos* om hulle te oortuig dat om die opdrag uit te voer nie net tot eer van God is nie, maar ook tot hulle eie voordeel strek. In vers 12 dreig Petrus die lesers amper deur te sê dat God sorg vir die wat goed doen (met ander woorde dit wat volgens die opdrag is), maar optree teen die wat sleg doen. Aangesien hulle die Psalms as waar aanvaar, kan die lesers weereens nie anders as om die opdrag ook te aanvaar nie. Hulle stem tog reeds saam met die motivering vir die opdrag, daarom mag dit vir hulle voel asof hulle ook met die opdrag saamstem.

Deur die lesers so ver te kry om sy opdrag te aanvaar, versterk Petrus sy argument en kom so ook nader daaraan om die doel van die brief te bereik: Om die Christene wat swaarkry as gevolg van hulle geloof, te bemoedig om 'n goeie lewenswyse tussen die heidene te hê.

### 3.2.3 Psalm 110:1 in 1 Petrus 3:22

1 Petrus 3:22	Psalm 110:1 (BHS)	Psalm 109:1 (LXX)
ὅς ἐστιν ἐν δεξιᾷ [τοῦ] θεοῦ πορευθεὶς εἰς οὐρανόν ὑποταγέντων αὐτῷ ἀγγέλων καὶ ἐξουσιῶν καὶ δυνάμεων.	לְדָוִד מְזֻמֹּר נְאֻם יְהוָה לְאֲדֹנָי שֵׁב לְיְמִינֵי עַד- לְכַנְלִיךָ: אִשִּׁית אִיבִיךָ הַדָּם	εἶπεν ὁ Κύριος τῷ Κυρίῳ μου, κάθου ἐκ δεξιῶν μου, ἕως ἂν θῶ τοὺς ἐχθρούς σου ὑποπόδιον τῶν ποδῶν σου
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Hy is nou <u>aan die regterhand van God</u> nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom <u>onderwerp het</u> en die hemel ingegaan het.	<b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> Van Dawid. 'n Psalm. Die Here het tot my Here gespreek: Sit <u>aan my regterhand</u> , totdat Ek u vyande <u>maak 'n voetbank vir u voete</u> .	<b>Eie vertaling:</b> Die Here het vir my heer gesê: “Sit <u>aan my regterhand</u> totdat ek jou vyande as die <u>sool van jou voete geplaas</u> het.”

## Inleidende stelling oor lyding



Die eggo in 1 Petrus 3:22 maak deel uit van die argument in 3:13-4:6 oor 'n heilige lewe te midde van lyding. In 3:13-16 word die argument ingelei met 'n stelling dat dit goed is om te ly. Volgens 3:17 is die motivering vir hierdie stelling dat dit beter is om te ly wanneer jy goed doen. Uiteindelik word hierdie stelling in 3:18-22 gemotiveer deur te verwys na Christus se lyding. Vers 22 is 'n uitbreiding op die stelling dat Christus opgestaan het.


1 Petrus 3:17-4:6 verduidelik aan die lesers dat Christus 'n goeie voorbeeld is, want Hy het deur sy optrede hulle redding bewerkstellig. Aangesien Christus bereid was om te ly vanweë die goed wat Hy gedoen het, kan hulle nie anders wil optree nie. Dit sal lyk asof hulle dink hulle is beter as Christus as hulle hulself nie so wil verneder nie. Wie kan beter as Christus wees? Volgens 3:22 sit Hy aan die regterhand van God en het Hy gesag oor "engele en magte en kragte". Hulle weet tog reeds uit die Ou Testament dat God belowe het om hierdie dinge aan Hom te onderwerp.

Die spore van Psalm 110:1 word hier deel van 'n nuwe argument, maar aangesien dit vir die lesers bekend en aanvaarbaar is, kan hulle nie anders as om te voel dat hulle, ter wille van hulle onderdanigheid aan Christus, hierdie opdrag moet gehoorsaam nie. Hulle ken tog immers reeds hierdie Christus. Die oorredingstrategie waarvan hierdie verwysing deel uitmaak is dus weereens *pathos*.

### 3.2.4 Psalm 31:6 in 1 Petrus 4:19

1 Petrus 4:19	Psalm 31:6 (BHS)	Psalm 30:5 (LXX)
ὥστε καὶ οἱ πάσχοντες κατὰ τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ πιστῶ κτίστη παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς αὐτῶν ἐν ἀγαθοποιίᾳ.	יְהוָה יְהוָה אֱלֹהֵי בְיָדֶיךָ אֲפָקִיד בְּיָדֶיךָ אֲפָקִיד בְּיָדֶיךָ אֲפָקִיד אֲפָקִיד בְּיָדֶיךָ אֲפָקִיד אֲפָקִיד בְּיָדֶיךָ אֲפָקִיד אֲפָקִיד בְּיָדֶיךָ אֲפָקִיד	εἰς χεῖράς σου παραθήσομαι τὸ πνεῦμά μου, ἐλυτρώσω με Κύριε ὁ θεὸς τῆς ἀληθείας
<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, <u>hulle lewe toevertrou</u> aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.	<b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> In u hande <u>gee ek my lewe oor,</u> want, Here, troue God, U het my vrygemaak.	<b>Eie vertaling:</b> In U hande <u>sal ek my gees</u> <u>oorgee</u> , U het my gered, Here, God van die waarheid.

#### Opdrag



1 Petrus 4:19 is die slotvers van die tweede gedeelte wat handel oor die opdrag: lewe 'n heilige lewe te midde van lyding (sien hoofstuk 4, paragraaf 5). Hierdie gedeelte (1 Petrus 4:12-19) gee aan die leser selfs nog 'n moeiliker opdrag as die eerste deel (3:13-4:6): Hulle moet bly wees as hulle ly (4:13b-14). Die motivering hiervoor is weereens Christus se lyding (4:13a) en God se eer (4:16).

In 4:19 word 'n sinspeling op Psalm 31:6, wat ook deur Jesus aan die kruis gebruik is (Lukas 23:46), gebruik om die lesers te bemoedig om hierdie opdrag uit te voer. Met hierdie stelling sê Petrus vir hulle dat hy besef dit is nie maklik om te ly vanweë jou goeie dae en bly te wees daaroor nie. Hy troos hulle deur te sê dat Christene wat hierdie omstandighede beleef, hulle lewens in God se hand moet oorlaat terwyl hulle aanhou goed doen. Hulle het dus geen rede om hulle te bekommer nie. As die lesers die rede vir hulle lyding verstaan, sal hulle weet dat hulle veilig in God se hande is. Hulle weet tog reeds dat hulle God met hulle lewens kan vertrou. Vir die Psalmdigter was oorgawe 'n natuurlike handeling en Jesus Christus self was ook bereid om dit te doen. Petrus se sinspeling op dinge wat vir die lesers uit die Ou Testamentiese geskrifte reeds bekend is, maak hulle dus weereens meer ontvanklik vir die nuwe argument waarin dit gebruik word deurdat dit hulle emosie beïnvloed (*pathos*).

Uit die manier waarop hierdie perikoop in die brieffliggaam-middel inpas (sien hoofstuk 4, paragraaf 5) is die bydrae van hierdie vers tot die funksie van die briefdeel reeds duidelik. Dit dien as aanmoediging vir die lesers om heilig te lewe tussen die heidene. Op hierdie manier dra dit ook by tot die bereiking van die doel van die brief.

### 3.2.5 Psalm 55:23 in 1 Petrus 5:7

1 Petrus 5:7	Psalm 55:23 (BHS)	Psalm 54:22 (LXX)
<p><u>πάσαν τὴν μέριμναν ὑμῶν ἐπιρίψαντες ἐπ' αὐτόν, ὅτι αὐτῷ μέλει περὶ ὑμῶν.</u></p>	<p>תְּשַׁלַּח עַל־יְהוָה יְהִבְךָ וְהוּא יִכְלֹכֶלְךָ לֹא־יִתֵּן לְעוֹלָם מוֹט לְצַדִּיק:</p>	<p><u>ἐπίρριψον ἐπὶ Κύριον τὴν μέριμνάν σου, καὶ αὐτός σε διαθρέψει οὐ δώσει εἰς τὸν αἰῶνα σάλον τῷ δικαίῳ</u></p>
<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Werp al julle bekommernisse op Hom,</u> want Hy sorg vir julle.</p>	<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> <u>Laat jou sorg aan die Here oor,</u> Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie.</p>	<p><b>Eie vertaling:</b> <u>Werp jou bekommernis op die Here en Hyself sal jou versorg.</u> Hy sal tot in ewigheid nie 'n rowwe golf vir die regverdige</p>

		gee nie.
--	--	----------

Opdrag aan party 1

5:1-4 Πρεσβυτέρους οὖν ἐν ὑμῖν παρακαλῶ ὁ συμπρεσβύτερος... ποιμάνετε...

Opdrag aan party 2

5:5a Ὁμοίως, νεώτεροι, ὑποτάγητε πρεσβυτέροις

Konkluderende opdrag aan albei partye (ook alle Christene)

5:5b-6

Agtergrond by konkluderende opdrag: wyse van uitvoering van opdrag

5:7 πᾶσαν τὴν μέριμναν ὑμῶν ἐπιρίψαντες ἐπ' αὐτόν, ὅτι αὐτῷ μέλει περὶ ὑμῶν.

Die sinspeling op Psalm 55:23 wat in 1 Petrus 5:7 voorkom (hoofstuk 2, paragraaf 2.11), maak deel uit van die argument wat handel oor die regte houding teenoor gesag in die kerk (5:1-7) (hoofstuk 4, paragraaf 5). In hierdie perikoop word die ouderlinge in 5:1-4 vermaan om hulle gesagsposisie te hanteer soos God dit van hulle verwag. In 5:5a word die jongeres opdrag gegee om aan hierdie gesag onderdanig te wees en in 5:5b-7 word dit saamgevat deur te sê dat Christene teenoor mekaar nederig moet optree en almal moet aan God onderdanig wees (hoofstuk 4, paragraaf 5.3)

Vers 7 is 'n uitbreiding op die wyse hoe die opdrag oor nederigheid uitgevoer kan word: deur alle bekommernis op Hom te werp. Hiermee gee Petrus 'n oplossing vir die lesers se moontlike bekommernis oor hoe hulle dit sal regkry om die opdragte uit te voer. Sy advies is: Hulle moet hulle bekommernis op God werp sodat hulle Sy sorg kan ervaar. Bekommernis moet hulle dus nie weerhou van 'n heilige lewe tussen die heidene nie. Hulle weet tog reeds uit Psalm 55:23 wat om met bekommernis te doen. Hoe kan hulle dit nou as verskoning gebruik as dit reeds deel van hulle geloof is?


In die brieffliggaam-middel word die verwysings na Psalms dus deurlopend gebruik as deel van die ooredingsmiddel *pathos*.

### 3.3 Brieffliggaam-slot

In die brieffliggaam-slot (1 Petrus 5:8-11) is daar net een verwysing na Psalms en dit is 'n eggo van Psalm 22:14 in 1 Petrus 5:8 (hoofstuk 2, paragraaf 2.12).

1 Petrus 5:8	Psalm 22:14 (BHS)	Psalm 21:13 (LXX)
<p>Νήψατε, γρηγορήσατε. ὁ ἀντίδικος ὑμῶν διάβολος ὡς λέων ὠρυόμενος περιπατεῖ ζητῶν [τινα] καταπιεῖν·</p>	<p>פָּצוּ עָלַי פִּיָּהֶם אֲרִיָּה טָרַף וְשָׂאֵנִי</p>	<p>ἤνοιξαν ἐπ' ἐμέ τὸ στόμα αὐτῶν, ὡς λέων ὁ ἀρπάζων καὶ ὠρυόμενος</p>
<p><b>Nuwe Afrikaanse vertaling:</b> Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, <u>loop rond soos 'n brullende leeu</u>, op soek na iemand om te verslind.</p>	<p><b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> Hulle het hul mond teen my oopgespalk <u>soos 'n leeu wat verskeur en brul</u>.</p>	<p><b>Ou Afrikaanse vertaling:</b> Hulle het hul mond teen my oopgespalk <u>soos 'n leeu wat verskeur en brul</u>.</p>

#### Opdrag



In hierdie briefdeel word die argument wat in die brieffliggaam-middel gevoer is weereens beklemtoon. Die doel van die gedeelte is dat dit as samevatting van die argument moet dien (hoofstuk 4, paragraaf 3.2.3). Dit begin met die opdrag om nugter te wees (νήψατε) en sluit so aan by die opdrag aan die begin van die brieffliggaam-opening (νήφοντες τελείως ἐλπίατε – *terwyl julle nugter is, moet julle ten volle hoop...*).

Vers 8b gee 'n rede waarom die lesers nugter moet wees: Hulle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek iemand om op te vreet. Die eggo van Psalms is die vergelyking wat getref word met 'n brullende leeu. Soos in hoofstuk 2, paragraaf 2.12 vermeld, is dit moontlik dat hierdie nie noodwendig na die Psalm verwys nie, maar dat dit 'n algemene vergelyking van die tyd kon wees. Dit feit dat ons dit ook in Psalm 22:14 aantref, is egter 'n aanduiding dat 'n brullende leeu 'n bekende beeld was om vyande mee te vergelyk. Hierdie vergelyking vertel aan die lesers presies hoe gevaarlik die duiwel is, gee 'n goeie motivering en dien as 'n waarskuwing om nugter en wakker te wees.

Deur 'n bekende vergelyking te gebruik as deel van die motivering verkry die opdrag meer gesag. *Logos* word dus hier gebruik om die lesers op 'n logiese manier daarvan te oortuig dat die opdrag nodig is as gevolg van die gevaar wat dreig.

Hierdie verwysing na Psalms dra by tot die funksie van die briefdeel deur ten slotte weer die belangrikheid van die regte lewenswyse te beklemtoon. Die lesers moet so lewe dat hulle nie deur die duiwel se aanvalle vernietig word nie. Daarmee word die lesers bemoedig om so tussen die heidene te lewe dat hulle 'n voorbeeld van 'n goeie lewenswyse kan stel, al kry hulle swaar. Dit is tog die doel van die brief.

### 3.4 Briefslot

Daar is geen verwysings na Psalms in die briefslot nie.

## 4. Samevatting

Die sintaktiese en retoriese funksies van elke verwysing na Psalms kan as volg opgesom word:

Spore van Psalms in	Sintaktiese funksie	Retoriese funksie
1 Petrus		
Psalm 66:10 in	Deel van doel van opdrag wat dien as	<i>Pathos</i>

1 Petrus 1:7	motivering	
Psalm 62:13 in 1 Petrus 1:17	Deel van motivering van opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 119:89 in 1 Petrus 1:23	Deel van motivering van opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 34:9 in 1 Petrus 2:3	Motivering van opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:4	Deel van agtergrond by opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:7	Deel van implikasie van skrifgedeelte wat opdrag motiveer.	<i>Pathos</i>
Psalm 39:13 in 1 Petrus 2:11	Direkte aanspreekvorm in opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 34:12-16 in 1 Petrus 3:10-12	Motivering van opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 110:1 in 1 Petrus 3:22	Deel van naderverklaring van Ἰησοῦ Χριστοῦ	<i>Pathos</i>
Psalm 31:6 in 1 Petrus 4:19	Deel van konkluderende opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 55:23 in 1 Petrus 5:7	Deel van agtergrond by konkluderende opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 22:14 in 1 Petrus 5:8	Deel van motivering van opdrag	<i>Logos</i>

Uit die bogenoemde verwysings na Psalms in 1 Petrus is dit duidelik dat hierdie verwysings nie blote eggo's, sinspelings of aanhalings van Psalms is nie, maar dat dit aktief deel word van nuwe argumente. Petrus gebruik die Ou Testament hoofsaaklik as die oorredingsmiddel van *pathos* om sy lesers van sy standpunt te oortuig en so die doel van die brief te bereik. Dit is baie opmerklik dat die verwysings na Psalms in baie gevalle gebruik word as 'n motivering vir 'n opdrag en wanneer dit nie 'n direkte motivering is nie, het dit steeds die doel om die lesers aan te moedig om die opdrag uit te voer.

Janse van Rensburg (2002:16) sê in verband met die verwysings na Jesaja in 1 Petrus 2:4-10, dat die tekste waarna die outeur verwys die retoriese doel van die teks ondersteun. Tog word die oorspronklike teks nie stilgemaak nie, die “atmosfeer” waarin dit oorspronklik gebruik is, word oorgedra na die nuwe konteks. Janse van Rensburg (2002:15-16) maak dit duidelik dat die outeur nie kommentaar op die Ou Testament lewer nie. Vanuit hierdie studie het dit duidelik geword dat die verwysings na Psalms die lesers bewus maak van iets wat vir hulle bekend is, dit skep dus inderdaad ’n bekende atmosfeer. Tog is die blote gebruik van die Ou Testamentiese teks in ’n nuwe argument in die Nuwe Testament, is reeds op sigself ’n vorm van kommentaar.

Volgens Moyise (2002:8) is daar sewe modelle waarvolgens die funksies wat die Ou Testament in die Nuwe Testament vervul geïnterpreteer kan word. Die sewe funksies is: vervulling van beloftes, ’n sluier wat gelig word, opdragte wat ’n nuwe toepassing kry, *ad hoc* retoriek, die gevolg van nuwe voorveronderstellings waarmee na die teks gekyk word, om ’n kunstige effek te skep en om ’n storie te voltooi (Moyise, 2002:2-7). Hy is van mening dat die beste resultate verkry sal word wanneer hierdie modelle in kombinasie met mekaar gebruik word. Die kommunikatiewe funksie van die spore van Psalms in 1 Petrus pas die beste in by *ad hoc* retoriek, aangesien die verwysings gebruik word om Petrus se argument te versterk.

Schutter (1989:169) is van mening dat die outeur die Ou Testamentiese tekste as bron gebruik vir die temas waarop hy in 1 Petrus uitbrei. Hy gebruik die Ou Testament om sy argumente te ondersteun. Die Ou Testament ondersteun wel Petrus se argumente, maar dit kan nie as bron daarvan gesien word nie. Hy het nie die Ou Testament gebruik om die brief te skryf nie, maar wel om dit wat hy skryf te ondersteun.

Volgens Comelius (2003:8) is dit die blote teenwoordigheid van die Ou Testament wat die argument versterk aangesien dit die lesers bewus maak van iets wat reeds in hulle geheue vasgelê is. Wanneer die lesers in Petrus se eerste brief dinge lees wat vir hulle reeds bekend is, mag dit vir hulle voel

asof hy dinge skryf waarmee hulle reeds saamstem. Op hierdie manier word hulle deel van die argumentasieproses (sien Cornelius, 2003:10).

Die kommunikatiewe funksie van die gebruik van Psalms in 1 Petrus is dus bewusmaking. Deur die lesers bewus te maak van dinge wat hulle reeds weet, laat dit hulle voel asof dit wat die outeur skryf, dieselfde is as wat hulle alreeds oor die onderwerp gedink het. Dit het die gevolg dat hulle met hom saamstem en sodoende meer gebind sal voel om sy opdragte uit te voer. Die spore van Psalms speel dus 'n belangrike rol in die bereiking van die doel van 1 Petrus.

## HOOFSTUK 6

### Konklusie

---

#### 1. Inleiding (Hoofstuk 1)

In paragraaf 1.1 is aangedui dat 'n interpretasie van die funksies van die gebruik van Psalms in 1 Petrus 'n leemte is in die navorsingstradisie oor die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament. 'n Spesifieke leemte blyk te wees die bepaling van die kommunikatiewe funksie(s) van Psalms in 1 Petrus. Daarom is besluit om in hierdie verhandeling te fokus op die interpretasie van die kommunikatiewe funksies van die spore van Psalms in 1 Petrus.

Aangesien kommunikatiewe funksies ideaal vanuit 'n retories-kritiese raamwerk ondersoek word, word daar in hierdie studie aangesluit by die interdisiplinêre metode van retoriese kritiek wat Cornelius in haar proefskrif (1998) uitspel.

Die spore van Psalms in 1 Petrus is geïdentifiseer as:

- Psalm 66:10 in 1 Petrus 1:7;
- Psalm 62:13 in 1 Petrus 1:17;
- Psalm 119:89 in 1 Petrus 1:23;
- Psalm 34:9 in 1 Petrus 2:3;
- Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:4;
- Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:7;
- Psalm 39:13 in 1 Petrus 2:11;
- Psalm 34:12-16 in 1 Petrus 3:10-12;
- Psalm 110:1 in 1 Petrus 3:22;
- Psalm 31:6 in 1 Petrus 4:19;
- Psalm 55:23 in 1 Petrus 5:7; en
- Psalm 22:14 in 1 Petrus 5:8.

## 2. Die aard van die spore van Psalms in 1 Petrus (Hoofstuk 2)

In hoofstuk 2 is die aard van die spore van Psalms in 1 Petrus vasgestel deur eerstens te kyk na die verskille en ooreenkomste tussen die relevante verse in 1 Petrus, die Psalms in Hebreeus volgens die Biblia Hebraica Stuttgartensia (BHS) en die Psalms in Grieks volgens die Septuagint (LXX). Daarna is die spore volgens Moyise (2000:18) se onderskeiding geklassifiseer as 'n eggo, sinspeling of aanhaling. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die spore van Psalms in 1 Petrus as volg geklassifiseer kan word:

1 Petrus 1:7 – Psalm 66:10	Eggo
1 Petrus 1:17 – Psalm 62:13	Eggo
1 Petrus 1:23 – Psalm 119:89	Eggo
1 Petrus 2:3 – Psalm 34:9	Aanhaling
1 Petrus 2:4 – Psalm 118:22	Sinspeling
1 Petrus 2:7 – Psalm 118:22	Aanhaling
1 Petrus 2:11 – Psalm 39:13	Sinspeling
1 Petrus 3:10-12 – Psalm 34:12-16	Aanhaling
1 Petrus 3:22 – Psalm 110:1	Eggo
1 Petrus 4:19 – Psalm 31:6	Sinspeling
1 Petrus 5:7 – Psalm 55:23	Sinspeling
1 Petrus 5:8 – Psalm 22:14	Eggo

## 3. Analise en interpretasie met die fokus op die outeur en lesers van 1 Petrus (Hoofstuk 3)

Om uiteindelik die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in 1 Petrus te bepaal, is daar in hierdie hoofstuk eers bepaal wie die skrywer van hierdie brief was, wat sy kennis van die Ou Testament was, vir wie hy geskryf het en wat die lesers se kennis van die Ou Testament was.

Samevattend is vasgestel dat die outeur van hierdie brief na alle waarskynlikheid die apostel Petrus was. In samewerking met Silvanus skryf hy aan Christene wat verspreid aan die Noordekant van die Taurusberge woon. Hy hou aan hulle die norme en waardes van Christene voor wat in baie opsigte reeds deel van hulle lewens was. Hy verwag van hulle om hierdie

waardesisteem sonder huiwering uit te leef ten spyte van die vervolging en swaarkry wat hulle as gevolg van hulle geloof beleef. Petrus doen dit in goeie afgeronde Grieks met baie spore van die Ou Testament daarin verweef. Hy en die lesers het waarskynlik beide 'n goeie kennis van Ou Testamentiese manuskripte gehad. Hierdie kennis het hy gebruik om hulle meer ontvanklik vir sy argumente te maak. Dit betrek sy lesers op so 'n manier by wat hy skryf dat hulle voel hulle het geen ander keuse as om te luister en te doen wat hy van hulle verwag nie.

#### **4. Analise en interpretasie met die fokus op die teks van 1 Petrus (Hoofstuk 4)**

In hoofstuk 4 is die teks van 1 Petrus geanaliseer en geïnterpreteer deur aan die volgende hoofpunte aandag te gee:

- Die aard van die teks;
- Die epistolêre struktuur van die brief;
- Die voorlopige doel van die brief;
- Die argument van die brief;
- Die patroon van die argument;
- Die waardesisteem wat in die brief voorgehou word;
- Die sosiale en kulturele *topoi*;
- Styl in die brief; en
- Die oorrედingsmiddele wat in die brief gebruik word.

In die bespreking van hierdie punte is vasgestel dat die lesers van 1 Petrus aangemoedig word om die teks as gesagvol en heilig te sien. Dit is dus die **aard van die** teks en dit word gedoen deur:

- Die lesers daarvan te oortuig dat die brief met die gesag van God geskryf is;
- God as finale gesag van die boodskap voor te hou;
- Die brief aan 'n geslote groep lesers te rig wat ontvanklik daarvoor sal wees;
- In die brief pogings aan te wend om die lesers se lewens te verander; en
- Die gebruik van godsdienstige taal.

As die lesers die teks as heilig en gesagvol sien, sal hulle gesindheid daarteenoor meer ontvanklik wees en dit beïnvloed weer die bereiking van die doel van die teks. As hulle ontvanklik is vir die teks, is die kans groter dat die outeur sy doel met die teks sal bereik.

Die **epistolêre struktuur** van 1 Petrus kon na 'n bespreking daarvan in paragraaf 3 as volg saamgevat word:

- Briefopening: 1:1-12
  - Groet/briefaanhef: 1:1-2
  - Danksegging: 1:3-12
- Brieffliggaam: 1:13-5:11
  - Opening: 1:13-2:10
  - Middel: 2:11-5:7
  - Slot: 5:8-11
- Briefslot: 5:12-14

Die **hoofargument** van 1 Petrus word in die brieffliggaam-middel (2:11-5:7) gevind en dit kan skematies soos volg voorgestel word:

- 2:11-12 : Lewe 'n heilige lewe tussen die heidene tot eer van God op die volgende maniere:
  - a 2:13-3:12 : Toon die regte houding teenoor gesag in die wêreld
  - b 3:13-4:6 : Lewe 'n heilige lewe te midde van lyding
  - c 4:7-11 : Lewe 'n heilige lewe teenoor mekaar tot eer van God
  - b 4:12-19 : Lewe 'n heilige lewe te midde van lyding
  - a 5:1-7 : Toon die regte houding teenoor gesag in die kerk

Volgens Andrews (1990:53) se indeling het hierdie **argumente die patroon** wat hy tematiese ordening ("topical arrangement") noem. Dit is waar die spreker onafhanklike idees noem wat wanneer hulle saamgevoeg word, duidelik maak wat hy as die belangrike saak beskou. Petrus gee 'n klomp onafhanklike opdragte aan die lesers en wanneer hierdie opdragte as 'n geheel gesien word, word dit duidelik dat hulle almal te doen het met 'n heilige

lewe tot eer van God tussen heidene. Soos in paragraaf 5 van hoofstuk 4 uiteengesit, is hierdie opdragte in twee groepe verdeel. Die argumente word dan in 'n a b b a-patroon geplaas. As geheel dui die argumente aan dat die outeur 'n heilige lewe tussen die heidene as die belangrikste saak beskou.

Petrus hou die tipiese **waardesisteem** van 'n Christen aan sy lesers voor. Die basis van hierdie waardesisteem van die lesers is hulle geloof in die Drie-enige God. Die outeur en die lesers deel dus dieselfde waardesisteem en daarom kan Petrus in sy argument die lesers se waardesisteem gebruik om hulle te oortuig. Dit sluit aan by die **sosiale en kulturele topos** in die brief wat 'n heilige lewe tussen die heidene is. Van die lesers word verwag om deur die regte verhouding met gesag en die regte optrede in lyding, 'n voorbeeld vir die heidene te wees van hoe om 'n heilige lewe tot eer van God te leef.

Die **styl in die brief** word gekenmerk deur die gebruik van metafore en vergelykings. Die woord gebruik om die gehoor se aandag te trek deur dit wat vir hulle moeilik en onbekend is, met bekende sake te vergelyk. Dit plaas hulle swaarkry in 'n nuwe perspektief en moedig hulle sodoende aan om heilig te lewe ten spyte daarvan. Die gebruik van beelde dra dus direk by tot die sukses van die brief.

*Ethos, pathos en logos* word as **oorredingsmiddele** in die brief gebruik. In die briefopening word hoofsaaklik *pathos* en *ethos* gebruik. In die briefliggaam word daar meestal van *logos* gebruik gemaak, maar ook van *pathos* en *ethos*.

Die voorafgaande dra alles by tot die **doel van die brief**. Die doel van die brief is voorlopig as volg vasgestel: om die Christene wat swaarkry as gevolg van hulle geloof te bemoedig om 'n goeie lewenswyse tussen die heidene te hê, omdat hulle weet dat dit wat hulle glo die waarheid is. Dit word ook deur die outeur in 1 Petrus 5:12 so voorgehou. Wanneer daar gekyk word na die kommunikatiewe doel van die brief, kan gesê word dat hierdie brief 'n brief van paraenese is. Dit sluit aan by die voorlopige doel omdat daar gepoog

word om 'n gedragsprobleem aan te spreek deur bemoediging. Die doel van die brief is dus om die Christene wat swaarkry te bemoedig om 'n heilige lewe tussen die heidene te leef.

### 5. Die kommunikatiewe funksies van die gebruik van Psalms in 1 Petrus (Hoofstuk 5)

Aan die einde van hoofstuk 5 kan die sintaktiese en retoriese funksies van elke verwysing na Psalms as volg opgesom word:

<b>Spore van Psalms in 1 Petrus</b>	<b>Sintaktiese funksie</b>	<b>Retoriese funksie</b>
Psalm 66:10 in 1 Petrus 1:7	Deel van doel van opdrag wat dien as motivering	<i>Pathos</i>
Psalm 62:13 in 1 Petrus 1:17	Deel van motivering van opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 119:89 in 1 Petrus 1:23	Deel van motivering van opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 34:9 in 1 Petrus 2:3	Motivering van opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:4	Deel van agtergrond by opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 118:22 in 1 Petrus 2:7	Deel van implikasie van skrifgedeelte wat opdrag motiveer	<i>Pathos</i>
Psalm 39:13 in 1 Petrus 2:11	Direkte aanspreekvorm in opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 34:12-16 in 1 Petrus 3:10-12	Motivering van opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 110:1 in 1 Petrus 3:22	Deel van naderverklaring van Ἰησοῦ Χριστοῦ	<i>Pathos</i>
Psalm 31:6 in 1 Petrus 4:19	Deel van konkluderende opdrag	<i>Pathos</i>
Psalm 55:23 in 1 Petrus 5:7	Deel van agtergrond by konkluderende opdrag	<i>Pathos</i>

Psalm 22:14 in 1 Petrus 5:8	Deel van motivering van opdrag	<i>Logos</i>
--------------------------------	--------------------------------	--------------

Uit die bogenoemde verwysings na Psalms in 1 Petrus is dit duidelik dat hierdie verwysings nie blote eggo's, sinspelings of aanhalings van Psalms is nie, maar dat dit aktief deel word van nuwe argumente. Petrus gebruik die Ou Testament hoofsaaklik as die oorredingsmiddel van *pathos* om sy lesers van sy standpunt te oortuig en so die doel van die brief te bereik. Dit is baie opmerklik dat die verwysings na Psalms in baie gevalle gebruik word as 'n motivering vir 'n opdrag en wanneer dit nie 'n direkte motivering is nie, het dit steeds die doel om die lesers aan te moedig om die opdrag uit te voer.

Die blote teenwoordigheid van die Ou Testament versterk dus die argument aangesien dit die lesers bewus maak van iets wat reeds in hulle geheue vasgelê is. Wanneer die lesers in Petrus se eerste brief dinge lees wat vir hulle reeds bekend is, mag dit vir hulle voel asof hy dinge skryf waarmee hulle reeds saamstem. Op hierdie manier word hulle deel van die argumentasieproses.

Die kommunikatiewe funksie van die gebruik van Psalms in 1 Petrus is dus bewusmaking. Deur die lesers bewus te maak van dinge wat hulle reeds weet, laat dit hulle voel asof dit wat die outeur skryf, dieselfde is as wat hulle alreeds oor die onderwerp gedink het. Dit het die gevolg dat hulle met hom saamstem en sodoende meer gebind sal voel om sy opdragte uit te voer. Die spore van Psalms speel dus 'n belangrike rol in die bereiking van die doel van 1 Petrus.

## **6. Samevatting**

In hoofstuk 1, paragraaf 3 is die sentrale teoretiese argument soos volg opgesom: Die outeur gebruik spore van Psalms in 1 Petrus om sy standpunt effektief te kommunikeer. Die spore dien as beelde en beskrywing en ook as 'n manier om gesag te verleen aan dit wat hy wil kommunikeer.

Uiteindelik blyk dit egter dat die spore van Psalms sy oproepe beklemtoon, omdat hy nie met totaal vreemde inligting na sy lesers kom nie. In sommige gevalle kan die spore ook gesien word as 'n bewys dat die dinge wat in die Ou Testament gesê is, vir die lesers waarheid geword het.

Dit sluit aan by die gevolgtrekking wat in hoofstuk 5 gemaak is: Die kommunikatiewe funksie van die spore van Psalms in 1 Petrus is om die lesers bewus te maak van dinge wat hulle reeds aanvaar. Op hierdie manier kan die outeur sy standpunt effektief kommunikeer, want deur hulle te herinner aan hierdie dinge wat hulle reeds glo, maak hy hulle meer ontvanklik vir sy argumente en motiveer hy hulle om sy opdragte uit te voer.

## Bibliografie

---

- ACHTEMEIER, P.J. 1996. 1 Peter: a commentary on first Peter. Minneapolis : Fortress Press. (Hermeneia: a critical and historical commentary on the Bible).
- ANDERSEN, M.P. 1964. The speaker and his audience: dynamic public speaking. New York : Harper & Row.
- ANDREWS, J.R. 1990. The practice or rhetorical criticism. 2nd ed. London : Longman.
- ARCHER, G. L. 1998. A survey of Old Testament introduction. 3rd ed. Chicago : Moody Press.
- ARISTOTELES, 1947. *Ars rhetorica*. London : William Heinemann. (Loeb Classical Library).
- AUNE, D.E. 1987. The New Testament in its literary environment. Cambridge: James Clarke & Co.
- BEARE, F.W. ed. 1970. The first epistle of Peter: the Greek text with introduction and notes. 3rd ed. Oxford : Basil Blackwell.
- BEST, E. 1969. 1 Peter 2:4-10: a reconsideration. *Novum Testamentum* 11:271-293.
- BEST, E. ed. 1971. 1 Peter. London : Oliphants.
- BRENTON, L.C.L. 1990. The Septuagint with Apocrypha: Greek and English. Peabody : Hendrickson Publishers.

BROWN, R.E. *et.al.ed.* 1974. Peter in the New Testament: a collaborative assessment by Protestant and Roman Catholic Scholars. London : Geoffrey Chapman.

BURDICK, D.W. & SKILTON, J.H. 1995. 1 and 2 Peter. (*In* Barker, K. *ed.* The NIV study Bible. Grand Rapids : Zondervan. p1886-1903)

CAMERON, A. 1991. Christianity and the rhetoric of empire : the development of Christian discourse. Berkeley : University of California Press.

CORNELIUS, E.M. 1991. Die funksie van die “danksegging(s)” in 1 Tessalonisense. Potchefstroom : PU vir CHO (Verhandeling – M.A.)

CORNELIUS, E.M. 1994. 'n Inleiding in die teorie en praktyk van die klassieke retoriek. Potchefstroom : PU vir CHO. (D157/99)

CORNELIUS, E.M. 1998. The effectiveness of 1 Thessalonians: a rhetorical-critical study. Stellenbosch. (Proefskrif – PhD)

CORNELIUS, E.M. 2003. Old Testament references in Mark 12:28-34. (ongepubliseerde artikel)

CULLMANN, O. 1962. Peter – Disciple, Apostle, Martyr: a historical and theological study. Translated from the German by Floyd V. Filson. London : SCM Press.

DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, F. 1999. Preekgeboorte: 'n handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom : PU vir CHO.

DE VILLIERS, J.L. 1990. Die eerste Petrusbrief. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament band VI: die Johannesevangelie;

Hebreërs tot Openbaring: Inleiding en Teologie. Pretoria : N.G.Kerkboekhandel. p 138-165)

DU PLESSIS, I.J. 1997. Die sosiale en ekonomiese lewe van die Joodse volk in Palestina in die tyd van die Nuwe Testament. (In Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament band II: die leefwêreld van die Nuwe Testament. Johannesburg : Orion. p.315-336)

ELLIOTT, J.H. 1990. A home for the homeless : a social-scientific criticism of 1 Peter, its situation and strategy. Minneapolis : Fortress Press.

ELLIS, E.E. 1991. The Old Testament in Early Christianity : canon and interpretation in the light of modern Research. Tübingen : Mohr (Siebeck).

EXLER, F.X.J. 1923. A study in Greek epistolography: The form of the ancient Greek letter. Washington : Catholic University of America.

GOLDINGAY, J. 1990. Approaches to Old Testament interpretation. Downers Grove : InterVarsity Press.

GOPPELT, L. 1993. A commentary on 1 Peter. Michigan : William B. Eerdmans.

GOUGH, H. 1855. The New Testament quotations. London : Walton and Maberly.

GREIJ DANUS, S. 1931. De eerste brief van den apostel Petrus: opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Kampen : J.H. Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift: met nieuwe vertaling).

GROENEWALD, E.P. 1977. Die briewe van Petrus. Die brief van Judas. Kaapstad : N.G.Kerk-uitgewers.

HOLLADAY, W.L. 1988. A concise Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament: based upon the lexical work of Ludwig Koehler and Walter Baumgartner. Michigan : William B. Eerdmans Publishing Company.

JANSE VAN RENSBURG, F. 1992. The outline of 1 Peter: a reconsideration. *Ekklesiastikos Pharos* 74 (1&2): 26-41.

JANSE VAN RENSBURG, F. 1998. Christians as "resident and visiting aliens": implications of the exhortations to the παροίκου and παρεπιδήμου in 1 Peter for the church in South Africa. *Neotestamentica*, 32(2):573-583.

JANSE VAN RENSBURG, F. 1999. 1 Petrus. (*In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. red. Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging : Christelike uitgewersmaatskappy. p1713-1734.*)

JANSE VAN RENSBURG, F. 2002. Isaiah in 1 Peter 2:4-10: applying intertextuality to the study of the Old Testament in the New. (artikel aanvaar vir publikasie by *Ekklesiastikos Pharos*)

JANSE VAN RENSBURG, F. & Moyise, S. 2002. Isaiah in 1 Peter 3:13-17: applying intertextuality to the study of the Old Testament in the New. *Scriptura* 80: 275-286.

KAISER, W.C. Jr. 1985. The Uses of the Old Testament in the New. Chicago : Moody Press.

KISTEMAKER, S.J. 1987. New Testament Commentary: exposition of the epistles of Peter and of the epistle of Jude. Welwyn : Evangelical press.

KUGEL, J.C. & GREER, R.A. 1986. Early Biblical interpretation. Philadelphia : Westminster Press.

LIDDELL AND SCOTT'S GREEK-ENGLISH LEXICON. 1991. A lexicon *abridged*. Oxford : At the Clarendon press.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. *eds.* 1988a. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains: volume 1, introduction & domains. New York : United Bible Societies.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. *eds.* 1988b. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains: volume 2, indices. New York : United Bible Societies.

MARSHALL, I.H. 1991. 1 Peter. Illinois : InterVarsity Press. (The IVP New Testament commentary series).

MARTIN, T.W. 1992. Metaphor and composition in 1 Peter. Atlanta : Scholars Press.

MOUTON, E. 2002. Onskuldige slagoffers? Eksegeties-homiletiese kanttekeninge by 1 Petrus 4:12-19 en 5:6-11. *Nederduits Gereformeerde Teologiese tydskrif*, 43(3&4):523-529, September & Desember.

MOYISE, S. 1995. The Old Testament in the book of Revelation. Sheffield : Sheffield Academic Press

MOYISE, S. 1999. The Old Testament in the New: a reply to Greg Beale. [Web:] <http://www.ucc.ac.uk/theology/html/MoyiseIBSBeale.htm> [Date of access: 31 Jan. 2003].

MOYISE, S. *ed.* 2000. The Old Testament in the New Testament: essays in honour of J.L.North. Sheffield : Sheffield Academic Press.

MOYISE, S. *ed.* 2001. Studies in the book Revelation. Edinburgh : T & T Clark.

MOYISE, S. 2002 The Old Testament in the New: models for interpretation.  
(artikel aanvaar vir publikasie by *Skriflig*)

PEARSON, S.C. 2001. The Christological and rhetorical properties of 1 Peter. Lewiston : The Edwin Mellen Press.

PERELMAN, C. & OLBRECHTS-TYTECA, L. 1969. The new rhetoric: a treatise on argumentation. Translated by J. Wilkinson and P. Weaver. Notre Dame : University of Notre Dame Press.

SCHUBERT, P. 1939. Form and function of the Pauline thanksgivings. Berlin : Topelmann. (Beihefte zur ZNW, 20).

SCHUTTER, W.L. 1989. Hermeneutic and composition in 1 Peter. Tübingen : Mohr (Siebeck).

SELWYN, E.G. 1947. The first epistle of St.Peter: the Greek text with introduction, notes and essays. London : Macmillan & co.

SHIRES, H.M. 1974. Finding the Old Testament in the New. Philadelphia : Westminster Press.

SNODGRASS, K.R. 1977. 1 Peter 2:1-10: its formation and literary affinities. *New testament studies* 24: 97-106.

STIBBS, A.M. 1973. The first epistle general of Peter: a commentary. London : Inter-Varsity Press.

STOWERS, S.K. 1986. Letter writing in Greco-Roman antiquity. Philadelphia : The Westminster Press.

TASKER, R.V.G. 1963. The Old Testament in the New Testament. Michigan : Eerdmans Publishing co.

THURÉN, L. 1990. The rhetorical strategy of 1 Peter: with special regard to ambiguous expressions. Abo : Abo Academic Press.

THURÉN, L. 1995. Argument and Theology in 1 Peter: the origins of Christian paraenesis. Sheffield : Sheffield Academic press.

VORSTER, W.S. 1999. Speaking of Jesus: essays on Biblical language, gospel narrative and the historical Jesus. Edited by Botha, J.E. Leiden : Brill

WHITE, J.L. 1972. The form and function of the body of the Greek letter: a study of the letter-body in the non-literary papyri and in Paul the apostle. *2nd.ed.* Missoula : Scholars Press.

WOOD, D. R. W. 1996. New Bible dictionary, 3rd ed. Leicester : InterVarsity Press.

WÜRTHWEIN, E. 1988. The text of the Old Testament: an introduction to the Biblia Hebraica. Translated from German by E.F. Rhodes. *2ed.* Michigan : William B. Eerdmans.

---